4th: That each of the said intended consents shall be at full liberty to dispose of his or her property by will, codicil or other testimentary disposition, in such manner and to such person or persons as he or she may think fit, any heirs to the contrary notwithstanding.


5th: That each of the said intended consents shall have the full right, power and privelege at any time or times after the solem-nization of the said intended marraige to benefit the other with asettlement of property, money or effects or with a gift to any accesnant either by formal donation or otherwise.

6th: That the said appearer of the first part shall during the existance of the said intended marraige, have the exclusive admini-stration and management of the estate and effects of his said intended concent, as well as his own, for the purpose of the support of the said intended marraige, provided however that he shall not have the power to encumber, pledge, mortgage or alienate any of his said intended consents first thereto had and obtained duly signed and executed upon which conditions and

stipulations the said Carolus Adriaan de Beer and Anna Sophia Bingle declared it to be their intention to solemnize the said intended marriage, mutually promising to allow each other the full force and effect thereof under obligation of their persons and property according to law.

Thus done contracted and agreed at Somerset East the day ninth and the year first before written in presence of Johannes Marthinus Lodewicus Wessels and Willem Abraham de Klerk as witnesses who, together with the appearers and me the notory, have duly signed the original here of now remaining in my protocol.

c4 Anna Sophia * 21 Desember 1840
= 2 Mei 1845 te Somerset-Oos
† 25 Desember 1931 te Flinksfontein,Sterkstroom
X 19 Oktober 1868
Carolus Adriaan de Beer * 16 April 1838
= 12 Augustus 1838 te Cradock
† 22 Desember 1928 te Flinksfontein, Sterkstroom.
(Sv.Johannes Frederik de Beer en Maria Magdalena Elizabeth Trosche)



Carolus Adriaan de Beer en Anna Sophia (Bingle) de Beer (c4).

d1) Edmund Johannes * 21 Augustus 1869 (Sien c6d2)
d2) Gezina Elizabeth * 8 Maart 1871
d3) Thomas Hendrik * 15 Mei 1873
d4) Maria Magdalena * 11 September 1875
d5) Carolus Adriaan * 23 November 1878
d6) Samuel * 10 Maart 1882 te Spreeukloof
= 28 Junie 1882 te Somerset-Oos
† 27 Junie 1893

(Hy het die oggend vir sy ma 'n lemoen gevra om te eet, maar omdat dit nog nie heel ryp was nie, wou sy dit nie gee nie aangesien sy bang was dat dit hom sou kon siek maak. Daardie selfde middag het hy sommer skielik siek geword en is hy oorlede. Sy ma het haarself vir die res van haar lewe verwyt omdat sy tog nie maar daardie oggend aan hom die lemoen waarvoor hy so lus was, gegee het nie. Sy het ook altyd gesê dat die grootste sonde van haar lewe, die feit was dat sy nooit kon ophou treur oor dié kind van haar nie.)

My ma, Baby Vorster (Gezina Wilhelmina de Beer c6d2e10), vertel die volgende van die oupa en ouma van haar:

Ouma was die liefdevolste mensie wat ek ooit geken het. Sy was ook 'n diep gelowige mens wat haar christenskap uitgeleef het. Sy was hardwerkend en het in haar gryse ouderdom nog altyd graag skottelgoed gewas. Om vir die mans kos te maak en koffie lande toe te neem, was vir haar 'n plesier. Met haar terugkoms van die lande af het sy altyd wanneer dit dalk gereën het, lappe bloubosse langs die pad geloop en uittrek. Sy het dit met haar voorskoot vasgevat om haar teen die dorings te beskerm. Wanneer sy die dag pampoen sou skil, is daar vir elke kleinkind 'n pampoenbril uit die skille gesny. Elkeen het dan 'n toutjie gekry om dit mee vas te maak, maar sou die toutjie wegraak, kry jy nie weer een nie, want dit was te duur om altyd tou te koop. Sy het ook baie graag vir ons uit die Kinderbybel voorgelees en Hallelujaliedere gesing. Sy het dit "Harpliedjies" genoem. Haar geliefkoosde liedjie was: "Rus, rus, rus is daar geen. Rus vir my siel is daar boven alleen."

Ouma Anna het nooit saam met hulle aan tafel geëet nie. Sy het haar eie spesiale tafeltjie en stoel voor die venster gehad waar sy gesit het, want omdat sy nie meer tande gehad het nie, het sy gesê dis nie mooi om by hulle te sit en eet nie. Tog het sy so sonder tande selfs heerlik aan braaivleis gesmul.

Sy was met die helm gebore, soos die oumense dit genoem het, en het gedurig vooruit gesien as daar een in die familie of na aan haar sou sterf. So glo my ma, het sy selfs haar eie dood ook gesien, want sy het die dag in die kamer voor die venster in

haar leuenstoel gesit en toe so benoud na haar kinders geroep en vir hulle vertel dat sy die lyk gesien het en die hande wat dit uitlê wat sy herken het as die van hulle buurvrou en die van haar skoondogter. 'n Paar dae later is sy oorlede en dit was hulle wat die lyk moes versorg.

Sy en oupa Carolus het die laaste rukkie van hulle lewe ouder-domspensioen gekry. Iets wat toe eers in werking gestel is. Hulle het toe £2/10s (R5) per maand gekry en my ma sê sy het nie een kwartaal terug gegaan skool toe sonder dat Ouma vir haar 2/6 (25c) vir sakgeld gegee het nie.

Oupa Carolus was oorspronklik afkomstig vanaf Somerset-Oos waar hy in 'n winkel gewerk het. Aangesien hulle baie arm was en baie swaar gekry het, het sy swaer, Johannes Petrus Bingle (c6), hulle na hom op sy plaas laat kom en daar het hy vir al die kinders van die plaas asook die omliggende buurt kom skoolhou. Hy was baie kunstig met houtwerk en het selfs vir Paul Kruger 'n pyp gemaak. Die pyp se kop was die ewebeeld van die ou President. Hy het dit met 'n knipmes uitgesny. Hy het ook pragtige kieries gemaak, bv. met 'n druiwerank daarop uitgekerf.

Hy het 'n pragtige handskrif gehad en was baie lief vir lees. Tot op sy laaste het hy nog sonder 'n bril kon lees. Het altyd die bril op sy voorkop gestoot wanneer hy wou lees. Sy liefdesnaampie vir Ouma was, "Motjie-Doortjie."

d2 Gezina Elizabeth * 8 Maart 1871 te Witmuisjeskloof, Somerset-Oos
= 13 Augustus 1871 te Somerset-Oos
† 3 Maart 1895 a.g.v. bedkoors.(Op haar verjaardag begrawe, 8 Maart)
X
Hermanus Botha

e1) Gezina Elizabeth (Ouniggie) * 25 Februarie 1895
† 15 Mei 1978 te Vereeniging
X 9 April 1917
(Lourens Johannes Gabriël Hattingh)



Lourens Gabriël Hattingh (c4d2e1f5) en Dina Johanna Adriana (Hannetjie van Niekerk) Hatting.

* 21 September 1889
† 19 Mei 1957

(Haar moeder is 'n week na haar geboorte oorlede. Haar oupa en ouma De Beer het haar geneem en versorg totdat hulle in 1897 by hul oudste seun en sy vrou gaan inwoon het en van toe af het dié oom en tante van haar vir haar gesorg totdat sy later in 1917 getroud is.)

f1) Johannes Jacobus * 29 Januarie 1918
† 13 Februarie 1994
f2) Gezina Elizabeth * 29 Januarie 1918
f3) Anna Sophia * 11 Januarie 1920
f4) Hermanus (Manie) * 29 September 1923
f5) Lourens Gabriël (Gawie)* 9 Julie 1925
f6) Ebenhaezer (Eben) * 16 September 1928
f7) Pieter Willem * 8 Junie 1932

d3 Thomas Hendrik * 15 Mei 1873
= 14 September 1873 te Somerset-Oos
† 27 Maart 1945
X
Helena Petronella Botha

Hy was stil van geaardheid. Het sy lewe lank geboer. Eers in Bedford se distrik, later in Dealesville distrik en toe is hy weer terug na Bedford se distrik waar hy ook oorlede is. In Dealesville distrik was sy broer, Carolus Adriaan, sy buurman en oor hom het hy maar altyd 'n wakende oog gehou, want hy het aan slapende beroerte (soos dokters waarskynlik Parkinsonsiekte in daardie dae genoem het) gely.

e1) Samuel * 1904 - Doofstom
† 15 Maart 1937 a.g.v. byt van knopiesspinnekop.
e2) Thomas Hendrik * 1909
† 10 Februarie 1938 te Pretoria weens motorfiets ongeluk.
e3) Christoffel Jacobus * 1912 (Hy was verstandelik gestremd. Sy ma het hom al die jare self versorg totdat haar gesondheid dit nie meer wou toelaat nie en toe is hy in 'n inrigting te Grahamstad geplaas en daar is voorsorg getref vir sy versorging tot en met sy dood. Wanneer hy oorlede is, is onbekend.)

d4 Maria Magdalena (Bacy) * 11 September 1875
= 26 Desember 1875 te Bedford
† 3 Augustus 1967 te Johannesburg
X
Willem Carel Hendrik Biell

Hulle het oorspronklik op Doornhoek, Sterkstroom in 'n hartbeeshuisie gewoon as bywoners. Later het hulle na Johannesburg verhuis waar hy in die myne gewerk het en waar hy ook later oorlede is a.g.v. myntering. Sy het in Johannesburg aangebly tot met haar dood. Na haar broers se dood het die familie eintlik heel kontak met dié famile verloor.

e1) Anna Sophia (Anne) * 2 Desember 1901
e2) Carel Adriaan (Charles)
e3) Jone
e4) Willem Carel Hendrik (William) * 3 Januarie 1917
† Februarie 1992 te VanderBijlpark
e5) Pieter



Maria Magdalena (Bacy) Biell (de Beer) c4d4 en dogter Anna Sophia Biell c4d4e1.

d5 Carolus Adriaan * 23 Oktober 1878 te Wynandskraal
= 1 Julie 1879 te Somerset-Oos
† te Bethulie
X
Hester J.M.Roux * 10 November 1879
† lewers in die Boland

Hulle twee oues was nou werklik wat 'n mens sou noem "Die sout van die aarde." Hulle was van die mees goed-hartigste en die vrygewigste mense wat ek ooit geken het. Dit kan bewys word deur die feit dat hulle nietemin daarvan dat hulle baie arm was gedurig alles wat hulle besit het omtrent aan andere uitgedeel het. Dit dan seker ook 'n bewys dat hulle werklik opregte Christene was. Gedurende die Vryheidsoorlog het oom Charlie vir die engelse transport gery en is 12/6 (R1,25) per vrag betaal. Op 'n keer het die boere hom gevang, alles van hom gekonfiskeer, kaal laat uittrek en toe weer laat gaan. In dié tyd was hy reeds aan tant Hester verloof gewees, maar ook terselfdertyd aan nog 'n ander meisie. Na die oorlog het hy egter sy keuse gemaak en is hy en tant Hester getroud. Sy was 'n onderwyseres voor hulle troue. Hoedanige geleerdheid oom Charlie gehad het, weet ek nie, maar as 'n mens in ag neem dat sy pa later self 'n onderwyser was, was hy beslis darem nie ongeskoold nie. Na hul troue het hulle op 'n plasie in Dealesville se distrik gaan woon en was die bure van sy broer, Tom. Hy was egter nooit regtig 'n boer nie en sy broer het maar daar 'n wakende oog gehou oor sy belange ook. Oom Charlie was ook nie 'n gesonde mens gewees nie. Die dokters van daardie jare het gediagnoseer dat hy aan slapende beroerte ly. As ons vandag oor al die simptome nadink wat hy getoon het, kan 'n mens nie anders dink as dat hy heel waarskynlik Parkinsonsiekte gehad het. My ma vertel as volg van hulle: Ons het op 'n keer besoek gaan aflê by hulle op die plaas. Die ou huisie was baie karig gemeubileer. Daar was bv. net drie stoele waarvan nie een eers meer 'n rugleuning gehad het nie. Oom Charlie het ons hartlik verwelkom en ingenooi. Tant Ester het later eers tuis gekom vanaf die bure waar sy gaan besoek aflê het. Oor haar skouer het sy 'n mudsak gedra. Daarin was groente wat die bure present gegee het. Sy het ook op pad huis toe droë miskoeke opgetel en dadelik daarmee 'n vuurtjie aan die gang gekry om koffie te maak. Die water het sy by gebrek aan 'n kastrol, sommer in 'n pan gekook. Die koffie is in dieselfde pan gemaak, want daar was ook nie 'n ketel beskikbaar nie. Een dag wou hulle graag 'n varkie vang om te slag. Tant Hester het die vark met 'n piering melk nader gelok sodat die oom hom toe kon vang vir die slag.

Baie mense het natuurlik van hulle goedheid misbruik gemaak en het geweet hulle kan vir niemand "nee" sê nie. So was die dakkappe van hul huisie van geelhout balke gemaak en een van die bure het gevra of hy nie maar van die balke kon kry nie. Soos gewoonlik het hulle dadelik ingestem. Met die eerste sterk wind wat daar toe weer waai, waai hulle hele huis se dak sommer af. Toevallig kom die predikant toe net daar met huisbesoek op die petalje af en hul eerste woorde aan hom was dat hy tog asseblief net eers saam met hulle "Prys die Heer" moes sing, want hulle is darem so dankbaar dat nie een van hulle iets oorgekom het nie.

Toe hulle die ouderdom bereik het dat hulle kon pensioen kry, het hulle die ou plasie verkoop en op Soutpan gaan bly. Hy het oudstryderspensioen ontvang en sy gewone ouder-domspensioen. Dié het sy glo menige maand wanneer hulle dit gaan ontvang, op pad terug huis toe al uitgedeel aan ander wat sy geglo het dit meer nodig het as hulle. Hulle het nooit kinders gehad nie, maar het gereeld van tyd tot tyd so by al sy broer Edmund se kinders rondgekuier wat almal baie lief was vir hulle. Elkeen by wie hulle gekuier het, het dan altyd vir hulle ou goedjies present gegee, maar wanneer hulle dan weer by die volgende mense gaan kuier, het hulle dit weer aan die present gegee. Almal het hulle maar so geken en ek weet nie van een wat ooit aanstoot geneem het oor die optrede van hul ou oom en tante nie. Op die einde wanneer hulle weer huiswaarts keer het hulle dan dus net dit gehad wat die laaste mense vir hulle gegee het. Ek onthou dat 'n mens altyd vroeg soggens kon hoor wanneer hulle besig was met hule godsdiens, want hulle het ook altyd dan 'n paar Psalms en Gesange gesing. Oom Charlie kon nogal heel goed konsertina speel en dis iets wat hy altyd baie geniet het. Tant Hester was weer lief vir haar handwerkie. Het gedurig geborduur. Het soms op die naat van haar rug gelê en werk as sy moeg was. In al die familie by wie hulle altyd so gekuier het se huise het matte gelê wat sy gemaak het van oorskiet lappies wat sy repe gesny het en met 'n seilnaald deur suikersakkies gewerk het in allerhande patrone en vorms. (Daardie jare was die suikersakke nog van goiing gemaak gewees.) Hulle het al die jare die Kerkbode gekry. As hulle dan so rond kuier het amal maar hul pos aangestuur na die volgende plek waar hulle dan was. Op 'n dag het daar sommer 'n paar Kerkbodes tegelyk aangekom wat toe verskeie kere al geheradresseer was. Toe my pa dit vir hom gee sê hy so ewe: "Ai, Alwyn, maar hulle kan darem die Evangelie vir jou rond smyt nê?" Hy was baie lief vir lemoene gewees. Op 'n keer toe hy saam met my pa dorp toe was, het hy weer 'n sakkie lemoene gekoop, maar toe hy afklim op die plaas daarmee, het tant Hester dit dadelik gegryp en 'n groot skottel vol daarvan vir my ma uitgehaal en een skottel vol vir my ouma. Die res het sy toe in haar voorskoot gegooi en na die volkies by die strooise gegaan en dit daar aan al die kleingoed uitgedeel. Sy het met een lemoen terugge-kom huis toe en dié

het sy toe vir haar en oom Charlie gedeel. Onnodig om te sê dat my ma en ouma maar gereeld vir oom Charlie van lemoene voorsien het.

Ek onthou ook dat tant Hester vir ure op die plaas rond gedwaal het met 'n mudsak oor die skouer om al die perdemis op te tel en aan te dra huis toe sodat my pa dit in die grond waar hy tuin maak, kon inwerk vir bemesting. Op 'n keer het oom Charlie vir drie maande by ons gekuier terwyl tant Hester by familie van haar in die Kaap gaan kuier het. Hy het dan vroeg soggens opgestaan, dit was in die winter, maar dan het hy eers sy kop onder die kraan by die watertenk gaan was. 'n Ent van die huis af was 'n windpomp wat ook 'n watertenk bo-op gehad het. Daar het hy menige dag as dié oorloop, hom uitgetrek en dan staan hy en stort onder die water. Die windpomp was reg langs die treinspoor en sou daar dalk net 'n trein verby kom, het hy maar net vir die masjinis gewaai. A.g.v. sy siekte het hy vreeslik baie geslaap en sommer op enige plek net waar hy kom. As hy dan bedags op die plaas ronddwaal en hy word vaak, dan het hy gewoonlik in 'n watervoor gaan lê en slaap. Wanneer dit dan etenstyd word en hy daag nie op nie, het my ma sy kos in 'n mandjie gepak en die bediende gestuur om na hom te gaan soek en sy kos vir hom te gee. Wanneer hy dan weer tuis kom het hy haar so hartlik bedank en altyd gesê: "Ai, dis darem so lekker op dié plaas, want hier loop die kos sommer altyd agter jou aan al is jy waar." Dan het hy so lekker gelag dat die ou groot maag eintlik so skud. Toe tant Hester terugkeer vanaf haar familie het dié vir haar twee netjies opgemaakte pakkies saamgegee. Op een het gestaan: "In tyd van nood." Dit was alles goedjies gewees wat 'n mens in 'n huisapteek mag nodig kry. Op die ander een het gestaan: "In tyd van dood." Daarin was nagklere wat vir hulle kon aangetrek word as hulle te sterwe sou kom. By 'n later geleentheid toe hulle weer kom kuier het en ons verneem het of hulle nou nog die goed het, het oom Charlie gesê dat tant Hester alweer al die goed weggegee of verwerk het, "Want dit is nou ou goedjies wat ons tog nooit nodig kry nie." Hulle laaste jare saam het hulle op Bethulie gaan bly waar oom Charlie ook oorlede is. Daarna het tant Hester na die Boland verhuis sodat sy naby haar eie famile kon wees en is sy ook daar oorlede.



Pieter Willem Coetzer en Susanna Petronella Erasmus (Coetzer) – ouers van Elizabeth Maria Coetzer.

c6 Johannes Petrus * 5 Maart 1845
= 18 September 1845 te Somerset-Oos
† 27 Maart 1916 te Sterkstroom.
Begrawe 29 Maart 1916 op Flinksfontein,Sterkstroom.
X
Christina Catherina Wilhelmina Botha * 29 Januarie 1849
= 10 Mei 1849
† 3 Maart 1875
(Dv.Anthonie Johannes Cornelis Botha)
Johannes Petrus XX 3 Januarie 1876 te Cradock
Elizabeth Maria Coetzer * 14 Julie 1856
† 30 Maart 1886 te Flinksfontein,Sterkstroom.
(Dv.Pieter Willem Coetzer en Susanna Petronella Erasmus)

d1) Thomas Johannes * 18 Oktober 1877; † Klein
d2) Susanna Petronella Willemina * 22 Oktober 1878
d3) Gezina Wilhelmina * 10 November 1879
d4) Elizabeth Maria * 26 September 1881

d5) Pieter Willem * 15 Desember 1883
d6) Johansie Petronella Aletta * 29 Maart 1886
Johannes Petrus XXX 16 Augustus 1886
Magdalena Johanna Schoeman * 17 Januarie 1849



Johannes Petrus Bingle (c6) en Christina Catharina Wilhelmina Botha (Sy eerste huwelik).

† 19 Augustus 1917 te Sterkstroom. Begrawe te Flinksfontein, Sterkstroom.
d7) Thomas Christiaan * 14 Maart 1891
d8) Christina Susanna * 23 April 1892
d9) Magdalena Johanna * 3 Augustus 1893

Sommige bronne wil dit hê dat Krugers vir J.P.Bingle aangeneem en grootgemaak het aangesien hy sommer nog 'n ou klein seuntjie was toe albei sy ouers reeds oorlede is. Prof. Hennie Bingle gee die volgende inligting:

Die ouers van Johannes Petrus Bingle was baie arm mense. Hy was ses jaar oud toe sy vader oorlede is. Weens verdere omstandighede het hy reeds op vyftien jarige ouderdom uitgespring om te werk. Hy sluit dan toe ook aan by Transportryers wat tussen Oos-Londen en Kimberley en tussen Port Elizabeth en Kimberley bedrywig was. Op een van hierdie togte het daar 'n ongeluk gebeur naby Wildeperdehoek waar Coetzees gewoon het. In die ongeluk het die wa oor 'n gedeelte o.a. sy neus geloop waardeur hy ernstig beseer is. Die transportryers het hom net daar laat lê en verder getrek. Die Coetzees het hom daar gekry en verpleeg. Met die transportryers se terug-keer na Port Elizabeth het hy maar weer by hulle ingeval en sy werk hervat. Niks kon hom onderkry nie. Na vele verdere




Johannes Petrus Bingle (c6) en Elizabeth Maria Coetzer (Sy tweede huwelik).

omswerwinge het hy op Flinksfontein beland wat dan ook later sy plaas geword het. Hy het 'n sterk besig-heidsin gehad en begin ook later met 'n meule en 'n winkel op die plaas. Het ook 'n skool, bank ens. Kerklik was hy by Queenstown ingedeel omdat sy grond op die grens gelê het tussen Queenstown en Sterkstroom. Met hierdie toedrag van sake was hy nie tevrede nie. Hy rig 'n versoek aan die kerkraad om hom toe te laat om by Sterkstroom in te skakel omdat al sy ander belange daar was, maar hulle weier sy versoek. Hierop bedank hy die N.G. Kerk en skakel hom kerklik in by die Gereformeerde Kerk, Sterkstroom op 19 November 1893. Hy was 'n geweldige sterk leiersfiguur en met sy oorgaan na die Gereformeerde Kerk het baie mense saam met hom "Doppers" geword, o.a. ook sy De Beer familie.

Na sy oudste dogter, Susanna, se troue met sy susters-kind, het hy die plaas aan hulle oorgemaak en in dorp toe getrek. Die plaas se naam is later verander na "Welte-vrede".

Sy derde dogter, Elizabeth Maria Bingle skryf in haar negentigste lewensjaar as volg van haar ouers:



Johannes Petrus Bingle (c6) en Magdalena Johanna Schoema (Sy derde huwelik).



My moeder Elizabeth Maria (Coetzer) Bingle is oorlede die 30ste Maart 1886 op die ouderdom van 29 jr. 8 mnde. en 16 dae. Sy is op die plaas Flinksfontein oorlede en begrawe. Al wat ek kan onthou, is dat my pa my op sy arm gedra het en die lyk vir my gaan wys het waar die kis in die perdestal oor die krip neergesit was. Haar ouers het in Cradock se distrik 'n plaas gehad, genaamd Waterval. Van ek kan onthou, het ons maar op Flinksfontein gebly. My pa was 'n mofskaap boer en het ook sybokke en beeste gehad. Verder was daar ook groot landerye gewees. Hy was soos 'n ou weesvader wat al sy familie by hom laat woon het. Sy enigste broer Tom en sy familie, sy suster Anna en haar gesin en nog 'n suster Lenie Eales. Sy was 'n weduwee. Haar seun Eddie het in die boere-oorlog gesneuwel en toe het sy in Sterkstroom 'n winkel gaan oopmaak. Hulle was almal behoeftige mense en my pa het die seuns op die lande laat help as hulle groot genoeg was. Sy swaer Carl het skool gehou vir die ander kinders. Later het hy nog twee ander behoeftige wit mans ook daar laat bly. Twee swart gesinne het ook by hom gebly. Later het hy 'n groot watermeul opgesit en daar is honderde sakke koring gemaal. Nog later het hy met 'n klein winkel ook begin waar ek toe gewerk het. Voor die winkel daar was, het ons altyd saam met die wa wat na skeertyd die wol weggeneem het,dorp toe gegaan. Dan het my ma al die voorrade vir 'n jaar gekoop. Gedurende die Boere-oorlog het my pa die mense so baie gehelp met die meel wat hyself gemaal het. Hy het ook in stilligheid sy geweer en rewolwer vir hulle gegee. Die regering wou hom





toe laat vang, maar voor dit kon gebeur het hy Sterkstroom toe getrek. Na die oorlog het die boere besluit om 'n Handels Maatskappy te open en daar was hy toe die bestuurder gewees. Hy het steeds 'n oop hart en hand vir almal gehad. Daar was twee families wat hy gereeld daagliks gaan besoek het en goed vir hulle gegee het om dat hulle behoeftig was. Toe die een man gesterf het, het hy die twee seuns winkel toe geneem en van kop tot toon aangetrek. Sy linker hand het egter nooit geweet wat die regter doen nie. Een van die swart mans wat vroeër op die plaas by hom gebly het, het toe ook al in die dorp gebly en was baie siek en toe my ma nie komberse gehad het om vir hom te gee nie het my pa twee in die winkel gaan koop om vir hom te gee. Gereeld elke aand na ete moes elke kind met sy Bybel kom, om die tafel sit en dan moes elkeen 'n paar verse lees en dan het ons gebid en saam gesing. Sondae is daar gereeld kerk toe gegaan en tuis ook diens gehou. Hy was ook ouderling in die kerk. Hy het nooit in sy lewe skool gegaan nie. Hy is oorlede a.g.v. kouevuur. (Gangreen) Sy lyksrede is op Sterkstroom in die kerk gehou en daarna is die lyk uitgeneem na sy plaas, Flinksfontein, waar hy begrawe is. Twee van sy vrouens is ook daar begrawe.



Sy een kleindogter, Gezina Wilhelmina (de Beer) Vorster, vertel as volg van haar oupa:

Oupa was 'n baie goeie man. Hy het twee van sy susters en sy broer met hulle families na hom toe aangery en herberg en kos en alles wat hulle nodig gehad het, gegee omdat hulle almal baie behoeftig was. Tog was hy baie 'n baie kwaai, streng man. Daar is gesê dat sy blou oë, groen geword het wanneer hy so verskriklik kwaad word. Op 'n keer het hy onverwags op die skaapwagter afgekom waar hy gelê en slaap het terwyl hy na die skape moes omsien in die veld en toe was hy so kwaad dat hy sommer sy knipmes uitgehaal het en 'n stuk van die ou skepsel se kombers daarmee afgesny het. Hy het ook altyd self die griffels van die skool in sy muurkas toegesluit en as die kinders se griffels gedaan was, moes hulle vir hom 'n nuwe gaan vra en hulle het 'n ewige vrees vir hom gehad, want dan het hy eers altyd vir hulle 'n preek afgesteek omdat hulle dan te spandabel werk en hul griffels te veel skerp maak.

Toe hulle reeds in die dorp gewoon en hy by die winkel gewerk het, was Ouma egter menige dag moedeloos wanneer hy onverwags sommer vir middagete met 'n vreemdeling tuis sou opdaag omdat hy dan die boer te jammer gekry het omdat hy nou nie plek het om die middag te eet nie.



Agter: Magdalena Johanna (Bingle) Schoeman
'oor van links: Johansie etronella Aletta (Bingle) Pretorius en Gezina Wilhelmina (Bingle) Vorster



Agter: Pieter Willem Bingle, Gezina Wilhelmina Bingle, Susanna Petronella Wilhelmina Bingle, Elizabeth Maria Bingle, Johansie Petronella Aletta Bingle.
Middel: Johannes Petrus Bingle, Magdalena Johanna (Schoeman) Bingle,.
Voor: Christina Susanna Bingle, Thomas Christiaan Bingle, Magdalena Johanna Bingle.

d2 Susanna Petronella Willemina * 22 Oktober 1878
† 30 Julie 1935 te Weltevrede, Sterkstroom
X 18 Januarie 1897
Edmund Johannes de Beer * 21 Augustus 1869 (c4d1)

= 10 Oktober 1869 te Somerset-Oos
† 26 Desember 1933 te Weltevrede, Sterkstroom
(Sv. Carolus Adriaan de Beer en Anna Sophia Bingle)

e1) Elizabeth Maria * 31 Januarie 1898
e2) Carel Adriaan * 28 September 1899
e3) Anna Sophia * 28 September 1899
† 16 September 1901 a.g.v. breinvliesontsteking
e4) Magdalena Johanna * 1 Januarie 1901
† 27 Mei 1902 a.g.v. kroep
e5) Susanna Petronella Willemina * 25 November 1902
e6) Johannes Petrus Bingle * 17 November 1904
e7) Edmund Johannes * 27 Augustus 1906
e8) Pieter Willem * 25 Maart 1911
e9) Thomas * 15 Mei 1913
e10) Gezina Wilhelmina * 10 November 1916
e11) Salome * 17 November 1920.



Van Links: Magdalena Johanna (Bingle) Schoemann, Elizabeth Maria (Bingle) Viljoen en Christina Susanna (Bingle) Kruger.

Edmund Johannes de Beer was 'n arbeider op die spoorweë. Het 3/6 (35c) per dag verdien. Het o.a. help bou aan die spoorlyn tussen Sterkstroom en Queenstown. Is toe later met sy niggie, Susanna, getroud en het toe hul intrek by haar ouers op Flinksfontein geneem. Die stoepkamer was vir hulle reggemaak met

meubels wat haar pa uit seepkiste vir hulle aanmekaar gesit het. Later toe haar ouers ingetrek het Sterkstroom toe, het sy ouers weer by hulle in die huis kom intrek waar hulle albei gebly het tot hulle dood. Hy was 'n diep gelowige mens. Het altyd op die kerkraad gedien
en was gedurig besig om sy Bybel te bestudeer. Niks, nie eers die koning, sou hom verhinder om gereeld huisgodsdiens te hou nie. By die gods-diens is daar ook altyd gesing en sy geliefkoosde Psalm was Ps. 81:12 en 13. Op 'n keer wou die seuns graag op die buurplaas by meisies gaan kuier en toe daar "Boeke gevat" word, sê die een dat sy pa dit vir hom moet gee dan sal hy dit sommer gou afhandel, maar sy pa sê toe: "nee gee maar vir my" en toe lees hy die aand vir hulle die hele Ps. 119 en van gaan kuier op die buurplaas daarna, was daar toe geen sprake nie.

Prof. Hennie Bingle vertel:

Ja dit was daar dat ek geleer het om "Salms en Sankies" te sing. Oupa het 'n sterk stem gehad en as hy eers die noot gegee het, het almal soos een man ingeval. Dan het almal uit volle bors gesing. Hulle het agt keer in 'n jaar dorp toe gegaan vir kerk en dan het hulle by sy skoonsuster, Bettie Bingle, tuis gegaan. Hier het ek een nag wakker geword a.g.v. die feit dat hy besig was om te bid. Hy het voortdurend vir sy gesin en sy volk gebid. Sy gebede was innig en opreg. Sy geloof was voor-waar iets om te beleef.

Hy was altyd baie kort van gedagte. So het hy een keer toe hy en iemand op pad dorp toe was vir die persoon weggery nadat dié afgeklim het om die hek oop te maak. Die een het agterna gehardloop en geskree om sy aandag te trek, maar hy het niks agtergekom voordat hy nie die volgende hek bereik het nie. Die laaste paar jaar van sy lewe kon hy nie juis werk nie. Was te siek a.g.v. maagkanker waar-aan hy ook later oorlede is. Sy laaste dae het hy dan ook op Sterkstroom by sy oudste dogter aan huis deurgebring om sodoende nader aan die dokter te kon wees. Menige kere het hy gebrul van pyn, maar ten spyte van die verskriklike lyding kon hy nog aan ou Ds. Van der Walt sê toe die hom weer eendag kom besoek het: Dié noem toe dat 'n mens se gesondheid tog sekerlik een van 'n mens se grootste gawes is wat jy van die Here kan ontvang, waarop hy toe antwoord: "Nee Dominee, die grootste gawe wat 'n mens kan ontvang, is tevredenheid met jou lot."

Broerskind, Hansie Bingle, vertel as volg van sy tante:

Ek sou haar as volg wou tipeer: 'n Saaklike vrou, oop en 'n eerlike gemoed, nie tyd gehad vir nonsens nie, as sy gepraat het, was dit klaar gepraat. Om dit te begryp moet 'n mens onthou dat haar man saggeaard en vriendelik was, baie godsdienstig en vroom. Hy het gewillig die leiding aan haar oorgelaat. Sy was wat ons kon noem 'n "kwaai vrou", waarskynlik ge-erf van haar pa - oor die algemeen is al die Bingle's kwaai mense. Sy was 'n baaskok. Haar broer Tom het by bv. gesê daar is niemand wat kan sout beesvleis maak en beskuit bak soos sy suster Sannie nie. Sy was ook baie handig, getuie daarvan die wyse waarop sy 'n brood teen haar bors vasgedruk het en met 'n mes die snye laat val het met byna masjinale reëlmatigheid en dikte. Sy was baie lief vir haar kinders, begaan oor hul wel en weë maar geen soetsappige, sentimentele, metodistiese lieftalligheid nie, net liefde puur en opreg sonder praatjies, eerder met daad.

So ook haar geloofslewe - nugter, maar innig; nooit met enige vraagtekens nie. Sy het gewerk van die môre tot die aand. Jy kan byna sê sy het haar afgesloof, want die gesin was groot en die middele nie baie nie - selfs in die groentetuin ook gewerk. Sy het nie nodig gehad om die klomp kinders te klop nie, maar as sy gepraat en gekyk het (want die Bingle's se sprekendste gedeelte van hulle fisio-nomie is hul oë) dan het die stilswye ingetree en jy het berus, net soos sy ook berus het in haar lot. As 'n mens dit so kan noem, 'n tevrede mens.

Gerrie Jordaan (Kleinseun) vertel as volg:

Ouma Sannie het 'n lekker skerp stem gehad. (Tant Byp, haar dogter s'n, herinner my baie aan haar.) Wanneer dit etenstyd was en die wind het reg gewaai het sy agter die huis uitgestap en eenvoudig van haar stem gebruik gemaak om die mans op die lande nader te roep. As die wind egter nie reg gewaai het nie, het sy 'n spieël gebruik om hul aandag te trek.

Haar borste is later beide afgesit a.g.v. kanker. Sy het ook baie erg suikersiekte gehad wat dan ook later haar hart laat vergroot het en waarvan sy gesterf het. Skoondogter, Lenie de Beer, vertel dat die kinders wat by haar sterfbed was (kan nie onthou wie almal dit was nie) om die bed gestaan het en Ps. 23 al die versies gesing het

terwyl sy sterf.Dit moes voorwaar 'n aangrypende gebeur-tenis gewees het, dink maar net aan die klomp De Beer-kinders se sterk stemme wat hul moeder die laaste oomblikke op dié wyse dra.

e1 Elizabeth Maria * 31 Januarie 1898
= 6 Maart 1898 te Sterkstroom
† 21 Augustus 1974 te Pretoria
X Junie 1923
Gert Benjamin Jordaan * 28 Augustus 1898
† 19 April 1954 te Sterkstroom

f1) Gert Benjamin * 2 April 1927
f2) Susanna * 8 September 1929
f3) Edmund Johannes * 6 September 1932
f4) Jan Hendrik * 1936; † 1936 (Twee weke oud)

f1 Gert Benjamin * 2 April 1927 te Sterkstroom Onderwys
X
Maria Helena Gertruida Pienaar (Ria) * 6 Oktober 1931, Onderwys

g1) Susanna Maria * 24 Julie 1956
g2) Gert Benjamin * 23 Maart 1958

g1 Susanna Maria * 24 Julie 1956 Onderwys
X
Charles William Moolman * 22 September 1956, Apteker

h1) Charles Zack * 5 Februarie 1984
h2) Bert William * 29 April 1988

g2 Gert Benjamin * 23 Maart 1958 Prokureur
X
Susarah Petronella Moolman (Ronel) * 12 November 1957, Onderwys

h1) Maxie-Marie * 19 Junie 1983
† 23 April 1991 te Sekunda a.g.v. Bloedkanker
h2) Rileen * 6 September 1985
h3) Gert Benjamin * 5 Februarie 1988
(g1 en g2 is getroud met 'n broer en suster)

f2 Susanna (Sus) * 8 September 1929 Onderwys
X
Hermanus Carel Andries Venter * 28 Januarie 1928
† 10 Mei 1990
(Geskei)

g1) Elizabeth Maria * 4 Mei 1954
g2) Hermanus Carel Andries * 1 November 1958

g1 Elizabeth Maria * 4 Mei 1954 Onderwys
X
Anton Johan Verster * 12 Desember 1948
† 23 April 1991

h1) Jacobus * 11 April 1980
h2) Susan-Marie * 17 Maart 1985
Elizabeth Maria XX 31 Desember 1993
Alwyn Vorster van Deventer
(Geskei)

g2 Hermanus Carel Andries * 1 November 1958 Sakeman
X
Gerda Strauch * 20 Oktober 1963 Sakevrou

h1) Chlorinda * 7 Januarie 1993

f3 Edmund Johannes * 6 September 1932
X
Esther Jacoba De Wet Lötter * 13 Maart 1932

g1) Elizabeth * 9 Augustus 1959
g2) Gert Benjamin * 19 Januarie 1965

g1 Elizabeth (Elsabé) * 9 Augustus 1959
X
Dirk Cornelis Taljard * 11 Desember 1958

h1) Louis Francois * 30 Januarie 1989
h2) Edmund Johannes * 22 Januarie 1992

g2 Gert Benjamin * 19 Januarie 1965
X
Suné de Jager * 30 Augustus 1965

h1) Leané * 19 Desember 1991
h2) Esthi * 11 Junie 1993



Carel Adriaan (Boet) en Johannes Petrus Bingle (Hans) de Beer.

e2 Carel Adriaan (Boet) * 28 September 1899, Boer
= 17 April 1900 te Sterkstroom
† 15 Augustus 1956 te Burgersdorp
X
Anna Sophia du Randt * 1 Augustus 1903 te Tarkastad
† 7 Desember 1983 te Burgersdorp

f1) Anna Sophia * 23 November 1926
f2) Edmund Johannes * 17 April 1929
f3) Jacubus Du Randt * 10 Junie 1931
f4) Susanna Petronella Wilhelmina * 6 Augustus 1934
† 5 Januarie 1935 te Sterkstroom
f5) Orpa * 26 Augustus 1936

f1 Anna Sophia * 23 November 1926 te Flinksfontein, Sterkstroom.
X 15 Julie 1950 te Burgersdorp
John Bernard Andrews * 2 April 1924
† te Pretoria Lugmag
(Geskei)

Anna voltooi haar Hoërskool loopbaan te Burgersdorp. Gaan vir algemene verpleegsters opleiding na Pretoria. Daarna as kraamverpleegster na Distrik Ses, Kaapstad. Daarna verpleeg sy in die volgende plekke. Dennilton Hospitaal, Tvl., Elandsdoorn Nedersetting, Tvl., Privaat Ver-pleging, Bloemfontein, H.F.Verwoerd Hospitaal, Pretoria, Algemene Hospitaal, Johannesburg, Hospitaal en Kliniek te Burgersdorp en Dirk Postma Tehuis, Burgersdorp.

g1) John Bernard * 4 Julie 1954
Anna Sophia XX 15 Oktober 1961 te Alberton
Abraham Stefanus Henning * 7 September 1918
† 5 September 1997 te Burgersdorp

Abraham voltooi sy Hoërskool loopbaan te Ficksburg. Werk as spoorweg polisieman te Oos-Londen. Later word hy sakeman te Burgersdorp. Nou reeds afgetree.

g2) Ferdinand * 16 Julie 1962
g3) Pierre Stefanus * 15 Mei 1964

Voltooi Hoërskool loopbaan te Bloemfontein. Studeer by Mohawk, Kaapstad. Tans makelaar vir Metropolitan te Kaapstad.

g1 John Bernard * 4 Julie 1954 te Pretoria, Bestuurder: Gen.Tyres
X 4 Desember 1982
Tersia de Klerk * 30 Januarie 1961 Biblioteekwese

h1) Shaun * 10 Maart 1984
h2) Neill * 24 Mei 1986 (Behaal N.Tvl. kleure in landloop)
h3) Michelle * 12 Augustus 1990

Bernie behaal B.Com Honn. graad en Tersia B.A. Biblioteek.

g2 Ferdinand * 16 Julie 1962 te Pretoria Rekenaarswese
X 5 April 1993
Leah Mitchell * 15 Oktober 1965 te Salisbury, Rhodesië.

Ferdi voltooi Hoërskool loopbaan te Burgersdorp. Studeer te Stellenbosch. Tans Area Bestuurder van L.G. Electronics te Pretoria.

Leah voltooi Hoërskool loopbaan te Salisbury. Tans Be-stuurder uitvoere vir Mac Steel te Sandton.

f2 Edmund Johannes * 17 April 1929 te Molteno
X 21 Julie 1951 te Pretoria
Willemina van Biljon * 30 Julie 1922 te Pretoria

g1) Annemarie * 1 Januarie 1954
g2) Carel Adriaan * 16 Junie 1957
g3) Mariana * 23 Augustus 1959
g4) Edmund Johannes * 29 Maart 1962
g5) Hendrik Johannes * 29 Maart 1962
g6) Lynette * 12 Mei 1968

Eddie voltooi Hoërskool loopbaan te Burgersdorp. Gaan as vakleerling (Skrynwerke) by S.A.S. † H. Werk dan by S.A.S. † H. en later as skrynwerker in Rhodesië. Gaan boer te Burgersdorp. Word bouer en sakeman te Burgersdorp. Bly tans op Môreson, Burgersdorp.

Willemien voltooi Hoërskool loopbaan te Mafeking. Werk daarna op volgende plekke: Poskantoor - Rhoodepoort en Mafeking, Motorhawe - Mafeking, Woolworths - Pretoria, Kelly Tyres - Pretoria, Versooldienste - Pretoria, Plaasvrou - Burgersdorp, Sakevrou - Burgersdorp en tans huisvrou te Môreson, Burgersdorp.

g1 Annemarie * 1 Januarie 1954, Onderwys
X
Petrus Willem Ernst de Klerk * 27 April 1958, Versekering

h1) Pieter Willem * 21 November 1984
h2) Adrian De Wet * 9 Oktober 1989

g2 Carel Adriaan * 16 Junie 1957
X
Lizinda Colling * 10 September 1960

h1) Edmund Johannes * 10 Desember 1986
h2) Jacobus Petrus * 22 Januarie 1990
h3) Carli * 6 Augustus 1991

Voltooi skoolloopbaan op Burgersdorp in 1975. Dux Leerling en hoofseun. Behaal B.Ing. (elek-tronies) in Stellenbosch. Twee jaar inwoner van Simonsberg Koshuis. Doen 2 jaar diensplig in seinerkorps. Voltooi offisierskurses. Begin by Krygkor werk in die afdeling Radar en Rekenaars met spesifieke verantwoordelikheid vir radars op vliegtuie, radar tegnologie ontwikkeling en radar toetsbane. Projek bestuurder vir telemetriestelsels van Overberg toetsbaan. Verkry oorplasing na Milistan in 1989 en ontwerp spesifikasie van S.A. se observasie satelietstelsel. Verkry oorplasing as bestuurder na ATLAS Vliegtuigkorporasie in 1990 en is verantwoordelik vir die Avionika stelsel van die Rooivalk aanvalshelikopter. Bedank by ATLAS in 1991 en sluit aan by ATE (Advanced Technologies and Engineering). ATE verwerf onder sy leiding die ontwikkelings en produksie kontrak vir die avionika van die Rooivalk. ATE verwerf ook die kontrak vir die ontwikkeling en produksie van die Pilatus Astra Avionika. Carel is die program bestuurder van hierdie kontrak. Hy word in 1995 aangestel as direkteur van ATE en in 1996 as hoofbestuurder. Hy is huidiglik aktief betrokke in die hervorming van die verdedigings industrie.

Sy stokperdjies is houtwerk, golf en rugby/krieket toeskouer.

Lizinda voltooi haar skoolloopbaan te Malmesbury. Behaal diploma in Maatskaplike werk te Hugenote Kollege in Wellington. Werk as maatskaplike werkster by ACVV in Kaapstad tydens 1983. Werk daarna as maatskaplike werkster by Departement Samewerking en ontwikkeling in Pretoria vanaf 1984 - 1986. Daarna slegs huisvrou en moeder tot 1997. Koop toe verslankingskliniek, Madame et Monsieur te Centurion waar sy haar tyd soggens spandeer en steeds middae tuis na haar kinders omsien.

Carel en Lizinda se dogter, Carli, is gebore met 'n slukderm defek en het 'n groot operasie ondergaan voordat sy 24 uur oud was. Carli is

tans ses jaar oud en was al 17 keer in die hospitaal vir of operasies of ernstige longontsteking.

g3) Mariana * 23 Augustus 1959 te Burgersdorp.
X 19 Desember 1992 te Table View,Kaapstad.
Ettiene Pollard * 6 Desember 1965 te Vereeniging

h1) Danté * 1 Desember 1994 te Belville
h2) (*onbekend)*

Mariana voltooi skoolloopbaan te Burgersdorp. Werk daarna by Dept. Volkswelsyn en Pensioene te Kaapstad en tans by ESKOM - Koeberg Kernkragsentrale.

Ettiene voltooi sy Hoërskool loopbaan aan die Hoër Tegniese skool te Kimberley. Bekwaam homself as elektrisiën en werk by volgende plekke: De Beers te Kleinzee, ADE te Atlantis en tans by Crane Aid te Kaapstad.

g4 Edmund Johannes (Tiekie) * 29 Maart 1962, Besproeingswese
X
Francis Jane Nicholson * 25 Februarie 1962
Geskei
Edmund Johannes XX
Heloïse Ann Jacobs * 22 September 1957

g5 Hendrik Johannes * 29 Maart 1962 EVKOM
X
Anna Sophia Venter * 26 Augustus 1963, Sekretaresse

h1) Hendrik Johannes * 15 September 1988
h2) Charlotte * 16 November 1993

g6 Lynette * 12 Mei 1968
X 23 Februarie 1993
Christiaan Wolhuter * 3 Februarie 1956 te Warmbad

h1) Christiaan (Dieter) * 29 Maart 1981 te Randfontein (Stiefkind)
h2) Johannes Frederik (John-Re) * 19 Februarie 1988 te Evander (Stiefkind)
h3) Will-Mari * 24 Mei 1994 te Secunda

Lynette voltooi skoolloopban te Burgersdorp. Studeer by Bloemfontein Universiteit. Werk tans as Sagteware Programmeur by Secunda Steenkoolmyn.

Christiaan voltooi skoolloopbaan te Pretoria. Studeer aan Wits Universiteit. Tans Mynkaptein te Matla Steenkoolmyn.

f3 Jacobus Du Randt (Koot) * 10 Junie 1931, Sakeman
X
Elizabeth Maria Werner * 18 Februarie 1932

g1) Susarah Petronella * 12 Februarie 1955
g2) Carel Adriaan * 28 Junie 1956
g3) Anna Sophia * 12 Desember 1957

g1 Susarah Petronella (Ronel) * 12 Februarie 1955, Sakevrou
X
Rudolf Johannes Banade * 30 Oktober 1952, Sakeman

h1) Elizabeth Maria * 9 Mei 1978
h2) Wilhelmina Cornelia * 2 September 1980
h3) Rudolf Johannes * 23 Junie 1988

g2 Carel Adriaan (Seun) * 28 Junie 1956, Bankwese
X
Erna Viljoen * 9 Maart 1952
h1) Adriaan Du Randt * 5 Mei 1985
h2) Christiaan Carel * 10 Februarie 1988
(Geskei)

g3 Anna Sophia (Ansa) * 12 Desember 1957, Sakevrou
X
Johannes Anthonie van Heerden * 30 April 1951
(Geskei)

h1) Johannes Anthonie * 17 Augustus 1982
h2) Jacobus Du Randt * 10 Januarie 1984
Anna Sophia XX

f5 Orpa * 26 Augustus 1936 te Molteno
X te Burgersdorp
Pieter Schalk Swart * 18 Oktober 1934 te Bloemfontein

g1) Amanda * 19 Oktober 1960
g2) Pieter Schalk * 1 November 1965

Orpa voltooi Hoërskool loopbaan te Burgersdorp. Voltooi sekretariële kurses aan Tegniese Kollege te Bloemfontein. Daarna werk sy as tikster by Trust Bank te Bloemfontein en later as tikster by prokureurs in Bloemfontein en toe gaan werk sy in hul eie besigheid nl. Ramblers Motors te Bloemfontein.

Piet behaal St. 9 te Sentraal Hoërskool, Bloemfontein en bekwaam hom toe as motorwerktuigkundige. Werk eers by verskeie garages in Bloemfontein en daarna sy eie besigheid nl. Ramblers Motors te Bloemfontein.

g1 Amanda * 19 Oktober 1960
X
Deon Marius Momberg * 7 Maart 1959
(Geskei)
Amanda XX
Edwin David Lovering * 12 Julie 1960
(Geskei)
Amanda XXX
Erick Marius Louw * 27 April 1948
(Geskei)

h1) Ilonka * 5 September 1992 te Johannesburg

Amanda studeer aan UOVS en behaal B.Rad. graad in 1982. Tans doseer sy Radiografie aan Wits Technikon.

g2 Pieter Schalk * 1 November 1965 te Bloemfontein
X 8 Oktober 1994 te Ladybrand
Charmaine Margaret Bartleman * 24 Mei 1969

h1) Pieter Schalk * 15 November 1996 te Bloemfontein

Pieter matrikuleer in 1983 by Sentraal Hoërskool te Bloemfontein. Bekwaam homself verder as volg: B.Compt. 1989 aan UOVS, B.Compt. Hons. aan UOVS 1990, STR 1991 deur UNISA en GR (SA) in 1993. Voltooi ingeskrewe klerkskap by Coopers en Lybrand in Bloemfontein in 1989. Werk tans as finansiële konsultant op die Lesotho Hoogland Waterprojek in Lesotho. Woon in Ladybrand.

Charmaine behaal Nasionale Sekretariële Diploma in 1991 by OVS Technicon. Werk tans by Oos-Vrystaat en Kaap Koöp. as sekretaresse.

e5 Susanna Petronella Willemina (San) * 25 November 1902
= 4 Januarie 1903 Sterkstroom
† 12 Februarie 1964 Burgersdorp
X
Christiaan De Wet Jordaan * 4 Februarie 1902 Boer
† 29 Maart 1970 te Burgersdorp

f1) Susanna Petronella Willemina * 26 Januarie 1926
f2) Hester Maria * 5 Januarie 1929
f3) Naomi * 9 Januarie 1931
f4) Mercia * 2 Junie 1934
f5) Christina * 26 Desember 1936

f1 Susanna Petronella Willemina * 26 Januarie 1926
X
Johan Philip Zietsman * 5 Mei 1925
† 13 April 1991 te Lindley

g1) Adolph De Wet * 3 November 1947
g2) Johan Christiaan * 9 September 1951

g1 Adolph De Wet * 3 November 1947 S.A.W. Kolonel
X
Carol Combrinck * 21 Desember 1950 S.A.W. Kolonel

h1) Werner Adolph * 28 Februarie 1976
h2) Liezel Laura * 8 Desember 1978

g2 Johan Christiaan * 9 September 1951, Onderwys
X
Sophia Theunissen * 19 Junie 1955, Onderwys

f2 Hester Maria * 5 Januarie 1929
X
Daniël Johannes Joubert * 14 Augustus 1922, Sakeman

g1) Petrus Jacobus * 14 Oktober 1954
g2) Christiaan De Wet * 18 Desember 1957
g3) Wilna Susanna Petronella * 11 Desember 1963

g1 Petrus Jacobus * 14 Oktober 1954, Lektor
X
Fiona Venter * 25 Junie 1957, Rekenaarswese

h1) Dominique * 12 April 1983
h2) Pierre Donald * 3 Maart 1988

g2 Christiaan De Wet * 18 Desember 1957, Professor
X
Isabella Maria Hattingh * 19 Maart 1932, Radiografis

h1) Jacques * 10 Desember 1986

g3 Wilna Susanna Petronella * 11 Desember 1963, Onderwys
X
Jan Harm Prinsloo * 18 Mei 1964, Onderwys

h1) Chris * 27 Desember 1993 (Aangenome kind)

f3 Naomi (Tok) * 9 Januarie 1931, Verpleegsuster
X
Roedolf Wepener de Villiers * 14 Maart 1929, S.A.P.
† 24 November 1995

g1) Jordaan * 16 November 1955
g2) Susanna Naomi * 25 November 1959

g1 Jordaan * 16 November 1955, Ingenieur
X
Ileana Visser * 28 Mei 1961, Koeberg werksaam

h1) Rudolph Danté * 29 Mei 1980
h2) Kristoff Jordaan * 11 Junie 1990

g2 Susanna Naomi * 25 November 1959, Korrektiewe diens
X
Stefanus Johannes Terblanche * 10 Maart 1958, Korrektiewe diens

h1) Lelani * 14 April 1981
h2) Stefanus Johannes * 4 Januarie 1984

f4 Mercia * 2 Junie 1934
† 30 Oktober 1962 te Burgersdorp met die geboorte van haar seuntjie
X
Andries Botha *
†

f5 Christina * 26 Desember 1936
X
Nicolaas Andries van Pletzen * 31 Maart 1931, S.A.P.
g1) Petronella * 4 April 1962
g2) Andries * 1 Oktober 1969
g3) Christiaan * 3 Maart 1976

g1 Petronella * 4 April 1962
X
Theodorus Johannes Etzebeth * 26 Desember 1964

h1) Chrizelle * 26 Januarie 1993

e6 Johannes Petrus Bingle (Hans) * 17 November 1904, Onderwys
= 22 Januarie 1905 te Sterkstroom
† 10 Augustus 1959 te Queenstown
X
Hester Josephine du Preez (Dolly) * 28 Augustus 1909

f1) Edmund Johannes * 23 Februarie 1930
f2) Ivan Ignatius * 23 Januarie 1936
f3) Petrus Johannes * 19 September 1942

f1 Edmund Johannes * 23 Februarie 1930
X
Marie Henzé * 25 Desember 1931

g1) René * 4 Oktober 1956 Verpleegsuster
= 23 Desember 1956 te Sterkstroom
X
Leon Anton Pretorius * 30 September 1956
Sakeman

h1) Edmund Johannes * 24 Januarie 1980
h2) Adéle * 24 Augustus 1982
h3) Leon Anton * 26 Maart 1987

f2 Ivan Ignatius * 23 Januarie 1936
X
Gerbrecht Elizabeth van der Walt (Gerda * 31 Oktober 1941, Onderwys)

g1) Martina Petronella * 15 Mei 1963
g2) Hester Josephine * 15 Junie 1966, S.A.U.K.
g3) Johannes Petrus Bingle * 11 Oktober 1968

g1 Martina Petronella (Ronél) * 15 Mei 1963 te Johannesburg
X 13 Desember 1986 te Roodepoort
Arnoldus Roelof Prinsloo * 22 November 1962 te Brakpan

h1) Michael Wilhelm * 3 Februarie 1989
h2) Liezl * 16 Maart 1993
h3) Marli * 24 Februarie 1995

Ronél was op Laerskool Horison en voltooi haar hoërskool loopbaan te Hoërskool Roodepoort. Verwerf BA (Alg) en daarna NHOD te RAU. Hou skool by H/S Roodepoort, HTS Springs, Northcliff High en Standerton H/S. Tans tuiste-skepper.

Arnold was op Laerskool Brakpan en Laerskool Horison en voltooi sy hoërskool loopbaan te Hoërskool Roodepoort. Verwerf B Com (Hons) en is tans Bestuurder: Menslike Hulpbronne - Earlybird Farm. (Edms) Bpk.

g3 Johannes Petrus Bingle * 11 Oktober 1968 te Johannesburg
X 6 Mei 1995 te Kempton Park
Carina Myburgh * 10 Desember 1970 te Kempton Park

Johannes het studeer aan RAU en is tans 'n praktiserende prokureur.

Carina het studeer aan RAU en is tans 'n Geoktr. Rekenmeester.

f3 Petrus Johannes (Johan) * 19 September 1942, Onderwys
X
Susanna Elana Lombaard (Santa) * 24 September 1943, Onderwys

g1) Elizabeth Carolina (Lizette) * 19 Februarie 1967
Verpleegsuster
g2) Johannes Petrus Bingle * 7 Junie 1969

e7 Edmund Johannes (Eddie) * 27 Augustus 1906, Boer
= 4 November 1906 te Sterkstroom
† 5 Januarie 1994 te Queenstown
X 18 Januarie 1932
Helena Claudina Corbett (Lenie) * 4 April 1907
† 8 Januarie 1996 te Queenstown

f1) Edmund Johannes * 9 Januarie 1933
f2) Nicolaas Jacobus * 16 Julie 1937
f3) André * 27 Desember 1943

Hierdie skets het wyle Alta de Beer geskryf terwyl sy student was op Stellenbosch in opdrag van Prof. Piet Cillië. PENSKETS: 'n Persoon wat ek liefhet. (Oupa Eddie de Beer). My oupa bid soms in Hollands. Hy eet graag kastaiings. Lees elke week die Landbouweekblad en gaan saans tienuur kooi toe. Hy is ryk in sy eenvoed en wys in sy ouderdom. Hy is byna tagtig en boer met wolskaap in die Oos-Kaap. Hy vertel dat hy van die 1820 Setlaars afstam en is gek na familie. Hy sou graag predikant wou word, maar die droogte van 1933 was erg en die geld min. Na matriek is hy na die verskroeide familieplaas om te gaan boer. Net om aan sy kleinkinders te bewys dat hy nie so dom is nie gaan delf hy in die geelhoutkis na sy "Shakespear" boeke, pryse uit sy matriekdae. Oupa is smôrens sesuur uit die vere om oor sy transistor na die landbourubriek te luister. Na die oggendete lees hy 'n stukkie uit " 'n Handvol Gruis." As kind het ek my verwonder aan die varkvet wat hy so ryklik op sy brood smeer, die vetbedrupte kaiings wat hy met smaak eet en beesmelk waarvoor hy so lief is. En wat is lekkerder as die murg uit 'n sopbeen op 'n stukkie vars plaasbrood. Hoe dikwels het ons jongklomp nie raas gekry omdat ons, net soos Oupa, koffie uit die piering geslurp het nie. Hy raas sowaar goedig met Ouma omdat haar soetkoekies nie smaak soos die van sy ma nie.

Saans voor die kaggelvuur, al kouend aan 'n stuk stroperige kafferwaatlemoenkonfyt, gesels hy met ontsag van die plaas, die omgewing en die dae toe hulle nog jonk was. Oupa se kakiehemp ruik na snuif en hy rol sy moue op. Hy dra nooit 'n kortbroek nie.

Die Doppergemeente op Sterkstroom het twintig lidmate. 'n Leraar van 'n naburige gemeente besoek hulle een keer per maand. Oupa is ouderling, voorsanger en neem al om die ander Sondag die leesdiens waar. Hy glo daarin om 'n halfuur voor die diens by die kerk op te daag en het altyd 'n handvol pepermente in sy sak. Dié word tot groot verleentheid van Ouma, kliphard in die kerk gekou. Oupa is oud, en oumense gaan dood. Met

deernis troetel ek sy beeld voor die Familiebybel. Daarna sing ons sy geliefde Psalm 31: "Net soos 'n rots gesterk, gestewig teen storms en ongety....." Hy het my leer glo, leer bid en die waarheid van opregte eenvoud leer aanvaar.

Johan de Beer, broerskind (c6d2e6f3), skryf as volg:

KOM LAAT ONS BID.
Dit is reeds donker buite.

Terwyl André die Boeke gaan haal, trek oom Eddie die lamp nader. 'n Kers word aan die onderpunt van die tafel staan gemaak en die Psalmboeke uitgedeel. Daar kom 'n gewyde stilte in die vertrek. Iemand maak keel skoon terwyl 'n ander nog iets vertel terwyl die regte plek in die Bybel nageslaan word. Wanneer die eerste woorde oor die tafel na jou aangerol kom, gedra deur stilte, tel jy jou kop op en kyk stip na die leser. Hy is 'n sterk man, breed van skouer en effens swaar van lyf. Die oë is stip op die woorde in die Bybel gerig. Sy stem dra sterk. Elke keer as hy by 'n sin kom wat hom raak, kom daar 'n frons tussen die oë en terwyl hy lees, stap jou gedagtes onwillekeurig ver paaie. Jy sien hierdie grysaard as jong man tussen sy skape op die plaas. Hy hanteer hulle met deernis soos ook die mense rondom hom - geduldig. Tant Lenie sit regop langs hom. Die klein vingertjies inmekaar gevou in haar skoot. Sy luister aandagtig die grys hare is netjies in 'n bolla agter die kop vasgemaak, maar tog het 'n paar losgekom en hang nou effens oor haar voorkop. Die kerslig maak van hulle snaakse figure oor haar voorkop. Sy vryf hulle met haar hand weg en luister verder. Dit is eers wanneer die groot hande die groot familiebybel hier langs jou toeslaan dat jy besef jou aandag was nie by die gelese gedeelte nie, maar voor jy kan skuldig voel, hoor jy die helder stem "Kom laat ons bid". ".....dit alles bid en vra ons net om Jesus Christus ontwil. Amen".

Outomaties word die Psalmboeke oopgemaak. Almal wagtend watter Psalm ons tot eer van God gaan sing. Weer is dit stil. Die groot vingers blaai dan vorentoe, dan agtertoe om meteens vas te steek op die regte plek. Die Psalm en die versies word genoem en nog voor jy mooi by die regte plek is, breek sy sterk stem reeds die stilte. Die eerste noot is hard en lank en dan hoor jy hoe 'n klomp gelowiges kan sing. Een vir een val hulle in. Party hard, ander sag, maar tog weet jy elkeen sing uit sy hart, versie na versie. En dan kry elkeen ook nog 'n beurt om sy eie versoek op te gee. Ook in hierdie Psalms hoor jy die dankbaarheid. Onuitputlike geloof van mense wat na aan die aarde leef. Mense wat nog hulle God van naby ken. Mense wat nog opkyk na die hemelruim en wonder wanneer dit gaan reën. Eers wanneer elkeen laat sing het, word die Psalmboeke op die Bybel gepak en op die

kassie in die groot ingangsportaal neergesit. Een vir een het die huisgenote opgestaan. Die vrouens help om die koperbakke terug te sit op die tafel terwyl die manne na buite stap "om die hemelruim te bekyk." Elkeen is besig met sy eie gedagtes. Ver hoor jy ooie blêr. Die klank trek ver,want dit is 'n windstil aand. So met die omdraaislag om in te gaan, vra oom Eddie vir oulaas: "Hoe lyk dit Nico, is al die skape in die boonste kamp?" Hulle moet naby wees, want môre begin die skeerdery.

EN TOE DIE BERIG - DAAR'S PLEK.
Soos vir hulle, kom die berig ook vir my as 'n skok. Iets wat elkeen geweet het die een of ander tyd moes kom, staan nou lewensgroot voor die deur, want sien, tyd staan nie stil nie. Soos die lewe as instrument in God se hand jou slyp vir jou ewige woning by Hom, kom die ouderdom ook en die aftakeling en ek kry trane in my oë want voor my sien ek die twee gryses. Hulle wat my altyd soos een van hul eie kinders lief gehad het. 'n Hele beeld speel voor my geestesoog af. Daar waar sy die berig van die matrone aanhoor, word haar bene skielik effens lam onder haar. Sy gaan sit stadig terwyl die foon aan die mikkie gehang word. Gedagtes flits deur haar brein en bedink die boodskap aan "Jongie" wat agteroor in sy groot rystoel in die laat wintersonnetjie op die sonstoep sit. Wanneer sy die vertrek instap, is hy nie eens van haar bewus nie. Ou Valie, sy jarelange maat, lig sy kop op, sug en slaap verder en sy sien haar man wat oud geword het op sy plaas. Die groot sterk hande wat op sy dag die aarde omgekeer het vir die oes. Die sterk stem wat elke werker aangespoor het om net sy bes te doen. Die sagte stem vir sy skape. So baie keer het hy soos die Herder van ouds voor hulle uitgeloop. Sy helder stem by die huisgodsdiens en in die erediens. Wie sou kon dink dat hierdie kolos van 'n jong boer so oud en afhanklik sou kon word? Vir bykans ses-en-tagtig jaar was hierdie stuk aarde - hy, en hy - hierdie plaas.

Tog skrik hy wakker en kyk vreemd na sy klein vroutjie in die deur. Ook aan haar het die lewe gekap. Soms sommer sulke groot stukke weggekap soos met hulle oudste seun se skielike dood enkele jare gelede en haar siekte, maar deur dit alles het sy vir elkeen om haar 'n bron van inspirasie en krag gebly. Altyd die tevrede een. Die een met die blye groet.

Ek hoor haar sê Jongie, die matrone het gebel. Sy sê daar is plek vir ons in die ouetehuis op die dorp. En asof hy dan nie mooi gehoor het nie, vra hy met die hand agter die oor om die boodskap duidelik te hoor, "watter matrone?"

Sy besef hy het gehoor. Om hom te los sodat die boodskap kan insink en om haarself die kans te gee om die refrein in haar kop tot bedaring te bring, sê

sy: "ek gaan vir ons tee maak." Met haar kenmerkende kort treetjies en haar neuriesang, kry sy koers kombuis toe.

Die gryse sit verslae. Staan dan stadig op, vat sy kierie en sonder om soos sy gewoonte is vir Valie te roep, stap hy alleen by die voordeur uit. Vandag gaan hy nie op die bank op die voorstoep sit nie, maar kry koers voorhekkie se kant toe. Terwyl hy op die hekkie leun, staar hy die vertes in. Die frons tussen sy oë sê duidelik: dit kan tog nie wees nie. Moet ons van ons geboortegrond af padgee na waar "hulle" vir ons plek het? Maar die vraag flits weg na waar sy oë bekende bakens sien.

Ver, amper te ver vir die waterige oë sien hy ou Hangklip. Die kop wat reeds van die begin van die aarde af daar is en tot die einde daar sal wees. Verseker. En dan dwaal die oë verder en oor die plekke waar die ou sandsteenstoor, die ou skooltjie (waar hy sy vroutjie leer ken het) en die dipvoor is, heen. Verderaan teen die oorkantste rantjie lê die familie se gewyde stukkie aarde en in sy geestesoog begrawe hy weer sy grootouers, ouers en sussies ....en....en...en. Vir hulle was die aanhoor van hierdie boodskap nie nodig nie. Dit was hulle gespaar - gelukkig! Hulle rus in vrede.

En die rante agter die opstal roep hom soos in die dae lank vervloë. Hoeveel keer het hy as jong man nie skape daar doer in die klowe gaan haal nie? En die perde en die donkies nie? Dit was deel van sy menswees - dit was hy! Die doringbome rus ook nou, maar hy weet dat hulle eersdaags, na die winter, weer sal uitbars in hulle volle kleureprag. Die takke sal swaar wees van die goudgeel blomme. Wanneer die wind deur hulle waai, sal dit wees of hulle 'n lofpsalm sing tot eer van hul Skepper, vol vreugde. Net soos hulle lewens vol dankbaarheid was vir al Sy genade oor hulle in die baie geseënde jare wat nou vir hulle verby is op hierdie plaas.

Dis eers wanneer ou Valie sy hand lek wat hy na die werklikheid terug geruk word." En jy my ou grote, het die einde van die pad vir ons twee hier tot 'n einde gekom? Waar Oubaas en Ounooi nou heen gaan, kan hy nie ook saamgaan nie jong. Die matrone sal raas." En terwyl hy sy vriend se kop vryf, wel die trane in sy oë op. Om dit weg te steek (vir wie ook al mag sien), stamp hy met sy kierie op die aarde wat hy so ontsettend lief het. Sy lewensmaat se sagte stem roep hom nader, die harde werklikheid in. Wanneer hy sy bene onder die eetkamertafel instoot, is ou Valie ook weer by, onbewus van die swaarheid op die gemoed van sy Oubaas en Ounooi. Geeneen praat nie. Die teelepels klink hard teen die koppies se kante. Terwyl hy 'n boerebeskuit uit die ligpienk houer haal, (Wat hulle nog as trougeskenk gekry het) begin tant Lenie haar teetjies drink. Ook sy kyk ver by die groot venster uit, die toekoms in. Eers wanneer hy die tweede beskuit

in sy koppie druk, begin hy afgemete praat. Sag, nie opstandig nie, net hartseer.

"So ons tydjie het toe gekom, Jongie. Ons moet van hierdie aardse tentwoning verskuif na 'n ander een toe. Een in die dorp. Een waar ons tussen mense kan wees." Dan kyk hy stip na sy eggenote, nou reeds vir meer as sestig jaar. Sy wat hom deur al die lief en leed van sy lewe op hierdie plaas bygestaan het. Wat vir hom drie seuns in die wêreld gebring het. Hulle wat die leisels ook nou sal moet oorneem van hierdie plaas. Hy weet dit sal goed gaan met hulle ook hier aan die stuur. Hy besef ook hy kon die laaste paar jaar nie meer boer soos hy moes nie, en tog, aan versorging het God ons nog nooit tekort laat gaan nie. "Maar net nie nou al nie," sê hy. Nee, sy komende verjaardag, 27 Augustus, sal sy laaste een op die familieplaas wees. Die laaste van ses-en-tagtig. Ja, dan sal hy gereed wees om sy tentwoning hier af te breek en in te trek na die nuwe een in die dorp.

f1 Edmund Johannes (Kaai) * 9 Januarie 1933, Onderwys
= 29 Mei 1933 te Sterkstroom
† 14 Augustus 1977 te Vereeniging
X
Ekonomie Swart (Nomie) * 25 Junie 1933, Onderwys

g1) Alta Helena * 25 Junie 1961, Verslaggeefster
† 25 April 1990 in motorongeluk te Kaapstad

g2) Edmund Johannes (Eddie) * 13 November 1964
X 3 April 1993 te Vereeniging
Anna Catharina Elizabeth Roodt
* 17 Augustus 1958 te Vereeniging

h1) Anzel * 6 Julie 1997; = 5 Oktober 1997 te Vereeniging

Eddie was in Laerskool Vryheidsmonument en Hoërskool Overvaal. Daarna was hy vir 2 jaar verbonde aan die valskermbateljon van die SAW. Terwyl hy by die Ontvanger van inkomste werk vanaf 1985 tot 1990 studeer hy deeltyds vir sy B Comm. Vanaf 1990 het hy sy eie besigheid. Is aandeelhouer en direkteur van Rekenmeestersfirma en ontwikkel finansiële sagteware, hardeware en is ook 'n aandeelhouer in 'n vervoeronderneming.

Ansa was aan Laerskool Vryheidsmonument en Hoërskool Vereeniging. Daarna bekwaam sy haarself verder aan die Pretoriase Onderwyskollege. Het skoolgehou by Laerskool Unitaspark.

f2 Nicolaas Jacobus (Tol) * 16 Julie 1937 te Queenstown
= 12 September 1937 te Sterkstroom
X 14 April 1962 te Queenstown
Johanna Susanna Marx (Susie) * 8 Junie 1937 te Johannesburg

g1) Edmund Johannes * 3 Julie 1963
g2) Elsabie * 28 Mei 1965
g3) Helena Claudina * 21 April 1967

Tol, 'n naam aan hom gegee deur sy pa aangesien hy as klein seuntjie so rond was. Hy was in Laerskool Sterkstroom en voltooi matriek in 1954 by Hangklip te Queenstown. Was ook rugby kaptein van die skool se 1ste span. 1955 † 1956 Studeer hy aan Grootfontein Landboukollege. Vanaf 1957 - 1960 boer hy saam met sy pa op Weltevrede. Daarna gaan boer hy tot Junie 1971 op Woltemade, Sterkstroom. Toe word hy as dosent aangestel by die landboukollege van Fort Cox waar hy bly tot Desember 1973 waarna hy aangestel word as personeelbeampte by die Bantoe Administratiewe Raad, Queenstown - 1974, Etnoloog in staatsdiens - 1977. In 1981 word hy gesekondeer aan die Ciskei en werk in Bisho. Tussendeur het hy homself verder bekwaam en het sy BA Hons (Volkekunde) aan UNISA behaal en later MA Volkekunde aan die Universiteit van Port Elizabeth en hy word dan ook bevorder tot Adjunk-direkteur in die staatsdiens. 'n Amp wat hy beklee het totdat hy in November 1990 moes aftree weens mediese redes. Hy het hart probleme - kry angioplastie en op 24 Desember 1993 'n hartomleiding. Tans is hy weer voltyds boer en klim weer met gemak die berge. Sy stokperdjies is: houtwerk, lees, blokraaisels en reis. Het reeds die volgende plekke besoek: Namibië Botswana, Zimbabwe, Zambië, Malawië, Israel, Egipte, Brittanje, Sentraal en Suid Europa, Hongarye, Tjeggië, en Slawië.

Susie, 'n ou Laerskool klasmaats van Tol. Matrikuleer 1954 aan Hoërskool Sterkstroom. Bekwaam haarself as onderwyseres aan die Pretoriase Onderwyskollege. Het 21 jaar lank skool gehou vir alle klasse vanaf Gr.1 - Gr.10. Is lief vir voordrag en drama en behaal Goue diplomas op kunswedstryde. Haar stokperdjies is alle vorme van naaldwerk en sy neem aktief deel aan VLV kompetisies.

Elsabie matrikuleer aan Hoërskool Grens te Oos-Londen. Sy was prefek. Sy het studeer aan PU vir CHO en behaal die gr.B Comm LLB. Na haar studies

was sy vir 'n jaar aanklaer by die Dept. van Justisie op King Williamstown. Daarna gaan reis sy vir tien maande in Europa en begin dan as ingeskrewe klerk by die Rekenmeesters Firma, Ernst en Young werk. Na sy haar CFA(SA) behaal het, werk sy by Coopers en Leybrand en is tans dosent in Rekeningkunde by die Pietersburg se Technikon. Sy is baie lief vir reis en het al vanaf Egipte dwarsdeur Afrika gereis.

g1 Edmund Johannes * 3 Julie 1963 te Queenstown
= 1 September 1963 te Sterkstroom
X 12 Desember 1987 te Parys
Cornelia Johanna Roode (Corrie) * 28 Maart 1963 te Reivilo

h1) Nicolaas Jacobus * 30 November 1989
h2) Leon Roode * 23 April 1992
h3) Edmund Johannes * 18 Mei 1995

Edmund matrikuleer in 1981 aan Hoërskool Grens te Oos-Londen. Hy was hoofseun en was ook gekies om as hoofseun die Burger-strandhuis kurses vir leierskap by te woon. Studeer aan PU vir CHO en behaal die grade BA en THB. Tydens sy studentejare was hy voorsitter van die Joolkommitee, Korpsraad en adjunk-voorsitter van die Studente raad. Hy het ook die ABe Bailey-beurs vir 'n reis van vier weke na Brittanje gekry. (Hierdie beurs word jaarliks toegeken vir leierskap aan een student van al die universiteite).

Hy word in 1989 bevestig as predikant van die Gerefor-meerde Kerk Laeveld te Tzaneen waar hy tans nog is. Corrie matrikuleer by Hoërskool Kalahari te Kuruman. Studeer aan PU vir CHO. Wiskunde en Rekenaarsweten-skap onderwyseres.

g3 Helena Claudina * 21 April 1967 te Queenstown
= 4 Junie 1967 te Sterkstroom
X 13 Februarie1993 te Sterkstroom
Michiel Christiaan Heystek (MC) * 27 Oktober 1964 te Pretoria

Helena matrikuleer in 1985 aan die Hoërskool Grens te Oos-Londen. Sy was 'n prefek, kaptein van die skaakspan en hokkiespan. Kry ook provinsiale kleure vir skaak. Studeer aan PU vir CHO en behaal B Comm en HOD. Sy was ook primaria van Wag-'n-Bietjie dameskoshuis. Speel ook skaak vir Wes-Transvaal. Na sy klaar studeer het was sy eers vir 9 maande oorsee. Eers om in Engeland te werk en daarna deur Europa te toer. Met haar terugkoms het sy 'n betrekking by die W.N.N.R aanvaar waar sy vinnig gevorder het tot finansiele bestuurder. In 1993 was sy die wenner van

Korpserv se toekenning vir uitmuntende diens. In 1997 het sy finansiele bestuurder geword van Voedseltegnologie W.N.N.R. MC was aan Laerskool Voorpos en Hoërskool C.R. Swart. Behaal B Juris deur UNISA en B Proc by Universiteit Pretoria.

f3 André (Osman) * 27 Desember 1943 te Queenstown, Boer
= 13 Februarie 1944 te Sterkstroom
X 4 April 1970 te Queenstown
Lydia Maria Oosthuizen * 12 Oktober 1944 te Queenstown

g1) Edmund Johannes * 23 Augustus 1971
g2) Aletta Jacoba * 26 April 1973
g3) Helena Claudina * 23 September 1975
= 26 Oktober 1975 te Sterkstroom

André voltooi skoolloopbaan aan Hoërskool Hangklip, Queenstown. Studeer by Grootfontein Landboukollege en is tans boer. Lydia voltooi skoolloopbaan aan Hoërskool Hangklip te Queenstown en is tans boervrou. Aletta matrikuleer by Hërskool Hanklip te Queenstown. Bekwaam haarself as verpleegsuster aan UOVS en is tans Suster voorgeboorte in Bloemfontein. Helena matrikuleer by Hoërskool Hangklip te Queenstown. Studeer Rekenaars en Rekeningkunde aan die Bloemfontein Kollege en werk tans in Bloemfontein.

g1 Edmund Johannes * 23 Augustus 1971 te Queenstown
X
Marinda Viljoen *

Edmund matrikuleer by Marlow Landbouskool te Cradock. Verwerf Landbou gr. by UOVS en is tans landbou-ekonoom te Nylstroom.

Marinda voltooi skoolloopbaan te Meyerton. Studeer Stads- en Streeksbeplanning aan UOVS. Tans het sy haar eie besigheid in Nylstroom.

e8 Pieter Willem * 25 Maart 1911, Boer
= 7 Mei 1911 te Sterkstroom
† 15 Desember 1963 te Molteno
X
Nicolasina Hyla Johanna van Niekerk (Klasie)
* 28 Julie 1912
† 2 Januarie 1997 te Bloemfontein

f1) Dogtertjie; † Klein
f2) Susanna Petronella Willemina * 20 April 1942
f3) Engela Herculina Hendrina * 1 November 1945
f4) Wilma Johanna * 12 Julie 1948
f5) Nicolasina Hyla * 19 September 1952

f2 Susanna Petronella Willemina (Susan)* 20 April 1942, Onderwys
X
Lodewikus Johannes Jordaan (Louis) * 1 November 1936, Bankwese

g1) Johannes Lodewikus * 12 Maart 1969
g2) Pieter Willem * 1 Desember 1970
g3) Edmund Heinrich * 9 Julie 1973
† 11 Januarie 1974

g1 Johannes Lodewikus (Johan) * 12 Maart 1969
X

f3 Engela Herculina Hendrina * 1 November 1945
X
Christo van Aardt * 16 Augustus 1947, Boer

g1) Willem * 18 November 1972
g2) Pieter Willem * 11 Maart 1974
g3) Christoffel Carolus * 27 November 1977
g4) Carlien * 1 Januarie 1985

f4 Wilma Johanna * 12 Julie 1948
X
Christiaan Petrus Erasmus * 8 November 1947

g1) Nicoleen Magda * 11 Junie 1970
g2) Christiaan Petrus * 13 Mei 1974
g3) Jacobus * 31 Januarie 1980

f5 Nicolasina Hyla (Ina) * 19 September 1952 te Molteno
X 6 Januarie 1973 te Bloemfontein
Nicolaas Jakobus (Nico) * 31 Julie 1947 te Bloemfontein

g1) Nicolaas Jacobus * 18 Mei 1974 te Kempton Park
g2) Pieter Willem de Beer * 6 Januarie 1977 te Kempton Park
g3) Colette * 15 Mei 1985 te Bloemfontein
Ina voltooi hoërskool loopbaan aan Sentraal, Bloemfontein. Sy is al die afgelope nege jaar werksaam as tikster by SANTAM Bpk. se regstak.

Nico voltooi sy hoërskool loopbaan by JBM Hertzog Hoërskool. Hy het vir 24 jaar by SPOORNET gewerk. Neem pakket in 1993, maar werk vanaf Junie 1994 by UOVS.

Jaco werk as elektrisiën by Bloemfontein se munisipaliteit. Pieter is vakleerling - motorwerktuigkundige.

e9 Thomas * 15 Mei 1913
† 30 September 1988 te Pretoria
X
Aletta Catharina van der Berg (Lettie)* 26 Mei 1916

f1) Seuntjie; † Klein
f2) Thomas Edmund * 4 Augustus 1939
f3) Johannes Petrus Bingle * 25 September 1946
f4) André Leon * 23 Julie 1948
f5) Etienne * 19 Maart 1952

f2 Thomas Edmund * 4 Augustus 1939, Eiendomsagent
X
Lindea Filistea Bester * 21 Februarie 1935
(Geskei)

g1) Filistea * 6 November 1964
X
Anthony Steven Rosenbaum * 28 Februarie 1960

h1) Steven Edmund * 3 September 1991
h2) Andrea Filistea * 2 Junie 1993

f3 Johannes Petrus Bingle (Bokkie) * 25 September 1946
X
Maria Magdalena Viljoen (Marina) * 20 Julie 1949

† 11 September 1988 te Pretoria
Johanna Susanna * 8 Maart 1982 (Aangenome dogter)

f5 Etienne * 19 Maart 1952
X
Anna Johanna Marx * 2 Maart 1958
(Geskei)

g1) Ezienne * 16 Oktober 1981
g2) Edmund * 11 Junie 1990

e10 Gezina Wilhelmina (Baby) * 10 November 1916
SIEN c6d3e2

e11 Salome * 17 November 1920 te Sterkstroom
= 16 Januarie 1921 te Sterkstroom
† 8 Junie 1996 te Somerset-Wes
X
Johannes Gideon Lessing van der Walt
* 12 November 1925
† 31 Oktober 1987
(Geskei)

f1) Gerrit Schalk * 15 Junie 1948
Salome XX
Johannes Lodewikus Venter * 21 Junie 1908
† 14 Augustus 1968 te De Aar

f1 Gerrit Schalk * 15 Junie 1948, Onderwys
X
Helena Johanna Langenhoven * 27 Oktober 1948, Onderwys

g1) Johannes Gideon Lessing (Deon) * 22 April 1975
† 24 Augustus 1980 te De Aar a.g.v. Kanker.

Johan de Beer (c6d2e6f3) skryf as volg hoe hy die ooms en tantes onthou:

Tant Non: Nog met die afklim by Van Zyl straat het tant Non ons met 'n "welkom julle" toegeroep terwyl sy nader stap voorhekkie toe. Omdat sy klein was moes ons altyd afbuk om haar te groet en wanneer jy haar dan in die oë kyk, het haar vriendelikheid jou dadelik soos een van haar kinders laat voel. (Die rolblinder in die spens was altyd afgetrek, wanneer die deur dan oopgemaak word het die lig dan strepe oor die rye en rye ingelegde bottels

vrugte en konfyt bottels op die rakke gegooi. Oom Gert se statuur het aan hom waardigheid verleen. 'n Lang stil man wat nooit baie gepraat het nie. Die grys hare altyd netjies gekam.

Oom Carel was 'n groot man. My eerste ontmoeting met hom was terwyl hy besig was om skape te tel. Die volk het die skape teen die draad vasgekeer en so met die verby hardloop het hy hulle getel.

Die spoed en akkuraatheid waarmee hy dit gedoen het was vir my kinderverstand net een te veel. Tant Sophia was die "kwaai" een.

Die rooikop was opvallend en die duidelike stem waarmee sy haar gedagtes kon oordra, het elkeen laat verstaan: hier is 'n vrou met wie jy moet rekening hou.

Ek roep die sagte uitdrukking op haar gesig my nog duidelik voor die oog. 'n Vriendelike stil vrou wat met grasie kon beweeg. En so was tant San se geselsies met ons as kinders altyd diep en opreg. Sy was 'n mens wat kon verstaan. Die bobbejaan wat altyd op die voorstoep vasgemaak was, was 'n groot bron van ergernis vir die dames, maar vir oom De Wet was dit die natuurlikste ding op aarde. Hierdie dier se petaljes kon hom altyd heerlik laat lag.

As kind was dit altyd vir my te lekker om my pa, oom Hans, se broek se "turn-ups" af te rol en die dag se saagsels en skaafseltjies daaruit te skud. Sy heerlike lag was alombekend. As hy eers begin lag het, was dit nie lank voordat almal heerlik lekker saam gelag het nie. Sy egalige geaardheid het van hom 'n maklik-oor-die-weg-kom-mens gemaak. Hy kon hom egter nie met nonsens versoen nie. My ma, tant Dolly, was in haar jonger dae erg gepla met asma en vir hierdie rede het sy en ek baie keer in die wintermaande by tant Byp-hulle op die plaas deurgebring. Van soggens vroeg tot saans laat is daar goediglik gesels en geskerts met die nodige humor daarby. As latere huismoeder by die PU vir CHO het haar mensekennis haar goed te pas gekom om met die jong mense te werk.

Soos vir hulle, kon ons as haar eie kinders ook altyd na haar gaan vir raad en daad. Selfs vandag nog is haar vriendelike en opregte groet deel van haar lewe.

Saans is daar Boeke gevat. Almal was daar met netjies gekamde hare. Psalmboeke word uitgedeel en die kerse aangegee tot op die punt van die tafel. Sy helder stem het die vertrek gevul met die Woord van God. Die aanvang van elke Psalm is met 'n lang noot ingesit en dan word daar uit volle

bors gesing. In die gebed is daar aan almal gedink, maar veral sy familie." ...en hou tog U bewarende Vaderhand oor al ons geliefdes en dierbares waar hulle hul ook mag bevind in hierdie aand...." Die gebed van 'n gelowige. Met 'n helder "nou ja, toe kom julle", het sy ons uitgenooi om aan te sit aan tafel. Met die bolla netjies agter die kop gebind, het sy dan as almal gesit het, oor die tafel heen gekyk en dan na oom Eddie asof sy wou sê "nou kan jy bid, Jongie". Tant Lenie se oë wat jou stip aankyk en as sy klaar gepraat het, kyk sy nie weg nie, maar bly jou stip aankyk asof sy 'n antwoord verwag. 'n Klein mensie met 'n groot hart, vol vriendelikheid, maar onverskrokke.

Twee mense wat vir my soos my eie pa en ma is. Hulle en hul kinders, het my sovele kere met al hulle liefde op die plaas verwelkom en my een van hulle gemaak. Twee mense wat ek nooit iets leliks of verkeerd van 'n ander hoor sê het nie. As hulle nie iets goeds kon sê nie dan bly hulle liewer stil.

Om bo by die huis te kon uitkom, moes jy 'n pad aandurf wat nie elke kar se maat was nie. Kom jy dan bo, kom 'n kort mannetjie, hoed effens skeef op die kop, die kuiermense tegemoet. 'n Glimlag kom om die mondhoeke en dan hoor jy oom Piet se laggie met die woorde: "O,julle het dit toe darem gemaak?" Voorwaar 'n man van min woorde, maar baie dade. Vriendelik so op sy stil manier en baie gasvry. En so was sy vrou ook. Vir ons as kinders was sy die "kwaai" een van die twee. Sy wie 'n ding reguit kon sê sonder om te kwets. Kom jy vandag by haar in Bloemfontein, is die blydskap om jou weer te sien eg. En met 'n "nou toe kom julle", nooi sy jou haar woonstelletjie binne.

Die Fargo-bakkie en oom Tom was onafskeidbaar. Vir my as kind 'n kwaai man met seningrige arms. Wanneer hy met jou gepraat het, is die linker duim gewoonlik agter die baadjie se lapel ingehaak, die kop effens skeef gedraai en dan het hy sy sê gesê. Gewoonlik gevolg deur 'n lagbui. 'n Man wat op 'n keer 'n dosyn eiers by tant Byp weggeslaan het. Tant Lettie het nooit baie gepraat nie. Tog onthou ek haar effe skerp stem en die helder laggie. Ook was dit haar lot om altyd die klomp seuns se hare te moes skeer, wat dan ook gepaard gegaan het met 'n aand se kuier.

Die buurplaas se naam "Helpmekaar" was in wit klippe teen die rantjie uitgepak. Op 'n goeie dag is hy en die volk teen die rant uit en rol so ewe die klippe van die "p" na onder. En daar staan dit "Hel mekaar". By navraag van die buurman was oom Alwyn net so verbaas soos hy oor die vermetelheid. (Ek wonder of die buurman ooit die waarheid geweet het?) Wanneer hy 'n grap vertel of iemand 'n poets gebak het, gooi hy net sy kop agteroor en skreeu van die lag, die kleintongetjie bewende agter in die keel. Tant Byp het dan maar saam gelag en net haar kop geskud. Sy is altyd die erg

bekommerde een in die familie. Op 'n mooi manier bekommerd, want sy wil nie hê dit moet sleg gaan met iemand nie. As sy jou groet word jy stewig vasgevat, stip in die oë gekyk, totsiens en alle seën toegewens, nader getrek en hartlik gesoen. "Jy moet jou mooi oppas my Boetie en sê baie groete vir jou ma hoor en sê sy moet kom kuier, want ons verlang om haar weer te sien." Haar eiesoortige belangstelling in die familie en gasvryheid is alom bekend.

Tant Salome, die jongste van die ooms en tantes, was self 'n platjie op haar dag. Op 'n keer werk sy by die poskantoor op Middelburg K.P. en hou my pa skool by die Verbete-ringskool in die Kaap. My broer Eddie word toe gekies om saam met die volkspelegroep oorsee te gaan toer. Tant Byp-hulle stuur toe vir Eddie die volgende telegram: "Baie geluk Eddie. Ons is trots op jou. Hou die familie se naam hoog." Tant Byp handig die telegram by die toonbank in en betaal. Toe sy by die poskantoor uitstap bars die dame uit van die lag met die opmerking: "Die arme drommel sit in die verbetringskool en dan moet hy die familie se naam hoog hou." Met hierdie woorde het die familebloed eens te sterk gevloei in tant Salome se are en het daar terstond 'n ernstige reghelp plaasgevind.

d3 Gezina Wilhelmina (Geesie) * 10 November 1879
= 11 Januarie 1880 te Cradock
† 22 Julie 1951 te Middelburg K.P.
X 5 Junie 1899 te Sterkstroom
Alewyn Petrus Vorster * 10 Oktober 1876 te Kareepoort, Middelburg K.P.
† 14 Desember 1938 te Slootfontein, Middelburg K.P.
(Sv.Aalewyn Petrus Vorster en Maria Johanna Elizabeth Andrietta Schoeman)


e1) Elizabeth Maria * 18 Julie 1901
e2) Alwyn Petrus * 27 Oktober 1911



Agter v.l.n.r. ***Magdalena Johanna, Thomas Christiaan, Elizabeth Maria, Johansie Petronella Aletta, Christina Susanna en Pieter Willem***

Voor v.l.n.r ***Alwyn Petrus Vorster, Gezina Wilhelmina (Bingle) Vorster, Magdalena Johanna (Schoeman) Bingle, Johannes Petrus Bingle, Susanna Petronella Willemina (Bingle) de Beer en Edmund Johannes de Beer***

Kinders v.l.n.r. ***Elizabeth Maria Vorster, Elizabeth Maria de Beer, Carel Adriaan de Beer, Susanna Petronella Willemina de Beer, Gezina Elizabeth Botha en op skoot Johannes Petrus Bingle de Beer***



Alwyn Petrus Vorster, Elizabeth Maria Vorster, Alwyn Petrus Vorster en Gezina Wilhelmina (Bingle) Vorster.

Gezina Wilhelmina se kleinseun Hennie, c6d3e1f2, skryf aan my op 6 Junie 1993 oor hoe hy Ouma onthou, as volg:

Ouma was 'n ouma wat elke kind kon begeer. As ons kwaad gedoen het en gestraf is, het ons nie altyd so gedink nie, maar noudat ek klaar is met die dinge van 'n kind, sien ek dinge uit 'n ander oogpunt.

Sy het nie met ons gespeel soos kinders soms verwag van 'n grootmoeder nie, maar het streng dissipline gehandhaaf, 'n goeie voorbeeld gestel en 'n baie groot liefde vir haar kleinkinders gehad. Sy het ook die siel en denke

van 'n kind verstaan en en het baie sielkunde en platriemkunde toegepas. Sy het die Bybel geken en ons deeglik daarin onderrig en haar plek in die kerk was selde leeg. As in aanmerking geneem word dat Ouma in Sterkstroom opgegroei het, na haar troue op Kareepoort, daarna op Slootfontein gewoon het en meesal net vir nagmaal en tussendiens dorp toe gekom het en na Oupa Alwyn se dood eers dorp toe getrek het, het sy 'n groot vriendekring op die dorp opgebou. Ek onthou hoe ons saam met haar in die middae gaan kuier het by oom Wynand en tant Annie Schoombee (ouers van Mevr. Betsie Verwoerd), Tant Bettie Klaassen (na wie die Klaassensaal kerksaal vernoem is), oom Paul en tant Annie Roux, tant Drieka Jooste,tant Hannie Schoombee (Moederhannetjie), oom Nicklaas en tant Jewel Vorster (ons het gehoor die oom het katarrah in sy neus en ons het gereeld plat gaan lê om die "ghitaar" te probeer sien. Wat 'n verleentheid vir Ouma?), oom Coert en tant Hester Vorster, tant Ann Joubert, oom Chris en tant Lena Schoeman (Ouma se halfsuster) oom Willie en tant "Kys" Schoombee, oom Paul en tant Bettie Kruger, tant Wiesie Coetzee en nog baie meer. As ons in die hostel by tant Lena-hulle gaan kuier het waar oom Chrisjan Schoeman (Ouma Miemie, Ouma se skoonma, se broer) by hulle gebly het, het Ouma altyd gekla dat oom Chrisjan die kamer stink rook, want hy het pruimtabak gerook.

Terwyl Ouma-hulle nog op Slootfontein gebly het, het oom Chrisjan Straus, wewenaar, en verlangs familie, altyd te perd kom kuier vir 'n paar dae. Hy het alleen in 'n huisie op Renosterberg gebly (nie geboer nie). Ouma het dan altyd beskuit gebak en hy het altyd terug gegaan met 'n sloop vol gedroogde beskuit aan die saal vasgemaak. Toe Ouma dorp toe trek na Oupa Alwyn se dood, het sy vir Ma en tant Baby laat belowe dat hulle om die beurt sal sorg vir die oom se beskuit met sy maandelikse besoeke. Hulle het daarmee volgehou tot met sy dood.

Ouma se buurman op die dorp, Mnr. Hugo, het hoenders aangehou langs die heiningdraad. Sy waterbakke was oopgesnyde paraffienblikke wat regop gestaan het, met soos venstertjies ingesny waardeur die hoenders gedrink het. Eendag het ons, ek en Alwyn, die blikke met klippe bestook, die blikke vol duike en die hoenderkamp vol klippe. Die middag roep Ouma ons in en daar sit Mnr. Hugo met sy klagte. Toe ons gekonfronteer word, ontken ons enige kennis van die voorval. Ouma sê toe dat sy die blikke met klippe gegooi het en of ons asseblief die klippe vir haar sal gaan optel. Ons was meer as gewillig om die klippe op te tel as Ouma dit gegooi het. Ons het nie slae gekry nie, maar toe ons die volgende dag van die skool terugkom, was daar nie 'n klip in die agterplaas nie, selfs die kleihuisies van ons plasies was weg, want Ouma het gesê ons kan dit dalk net droog maak om weer mee te gooi. My pa was in die dorp en Ouma het hom aangesê om alles weg te ry rivier toe. Ander kinders moes ons ook nooit te na kom nie, want dan was

Ouma baie kwaad. Ons het 'n tennisbalblik gehad en een middag daarmee sand in die rivier gaan haal. Daar het ons teiken gegooi na die blik, maar alles mis. Jean Marais kom toe ook daar aan en gooi saam. Met 'n vloekskoot gooi hy toe 'n duik in die blik. Dit was egter die verkeerde ding om te doen om met ons blik te doen en ons tik hom behoorlik dik. Hy hardloop met 'n groot geskree huis toe en wag ons agter 'n peperboom voor hulle huis in en toe ons veby kom, spring hy agter die boom uit en gooi my mond stukkend met 'n klip. Toe ek bebloed by die huis aankom het ons natuurlik net ons kant van die storie vir Ouma vertel waarop sy dadelik oorgestap het en vir die Marais gaan sê dat Jean nie meer met ons mag speel nie. Hierna het hy deeglik uit ons pad gebly. Ouma het vroeg soggens opgestaan en pap gemaak op die Beatrice stofie (Paraffien), sodat ons kon eet voordat ons skool toe gaan. Ons toebroodjies om saam te neem skool toe was dan ook reg, elkeen s'n in 'n spierwit uitgewaste meelsakkie, elke oggend 'n skoon sakkie. Toe ons later reeds in die koshuis was en Woemsdae vir Ouma gaan kuier het, het ons behalwe wat ons daar geëet het ook 'n paar hardgekookte eiers gekry wat ons in ons baadjiesakke saamgedra het en 'n paar dae aan kon geëet het. Naweke het ons altyd by Ouma gaan deurbring. Ons het vir Ouma die tuin nat gelei, geskoffel en dit was die lekkerste speelplek in die ou bokstal by Roodestraat se huis. Ouma het na Oupa se dood meesal swart of donker aangetrek; lang rokke met lang moue en by die huis 'n sis voorskoot en as sy in die tuin gewerk het, altyd die selfgemaakte voortrekkerkappie op die kop. As Ouma dorp toe gegaan het, altyd 'n hoed opgesit en die lang grys hare wat saans los was en uitgekam is, is soggens in 'n netjiese bolla vasgemaak. Een Sondagoggend voor kerk was Ouma baie kwaad. Toe sy haar hoed opsit en voor die spieël kom, sien sy dat "Eva", die bediende, die blom van die hoed af gesteel het. Iemand sien toe dat Ouma al die tyd die hoed agterste voor op het en die blom sit agter. Ouma was baie lief vir plante. Sy het in Joubertstraat sowel as in Roodestraat vrugtebome, druiwe, groente, blomme rose, ens. geplant en versorg. In Joubertstraat het sy twee keer per week 'n leibeurt gehad, gewoonlik in die middel van die nag. Sy het dan die wekker gestel, opgestaan en met die paraffienlantern en graaf die water in Naudestraat gaan inkeer. Dan met die graaf en stormlantern die hele tuin natgelei. Somtyds het ou Boerbok (Mnr. Hugo) sy sluis weer oopgemaak om Ouma se water te steel dan moes sy weer Naudestraat toe om sy sluis te gaan toemaak. Toe ons groter was, het ek en Alwyn haar hiermee gehelp. Ons het elkeen ook 'n akker gekry om te bewerk, maar hiervan het nie veel gekom nie. Ouma het in die huis en op die stoep in Roodestraat die mooiste varings, Josefsklede en ander potplante gehad. Daar was altyd 'n hok met pragtige Koekoek hoenders en in Joubertstraat ook 'n hok met die mooiste budgies wat wintersaande gereeld met 'n sak toegemaak was.

Ons moes elke aand voete was in die voeteskottel. Daarna lees Ouma vir ons uit die Kinderbybel, as ons gevra het, sommer 'n paar hoofstukke, daarna moes ons solank gaan slaap. Ons het in dieselfde kamer as Ouma geslaap, drie enkelbeddens op 'n ry. Ons het dan gou die "koos" gebruik, dit in die kamerdeur neergesit en die lig afgeskakel. As Ouma kamer toe kom, het sy dit omgeskop in die donker, dan maak ons asof ons al slaap. Sy het dit dan maar droog gemaak en as kattekwaad aanvaar. Ons het nooit hieroor slae gekry nie. Een aand het ons kwaad gedoen wat 'n pak geregverdig het. Solank ek my pak gekry het, het Alwyn kamer toe gehardloop, gekniel en begin bid. Ouma het lank gestaan en wag dat hy moet klaar maak, maar toe sy besef dat hy aan die slaap geraak het, het die houe maar geval.

Saans het ons buite gespeel tot Ouma ons roep om in te kom. Een aand het ek ingegaan, maar Alwyn was nog besig. Ouma het die deur gesluit en toe Alwyn besef dat hy uitgesluit is, het hy na oom Boetie Bingle (Tommie Bingle, Ouma se neef) gehardloop. Dit het gekos dat Ouma moes gaan hoed opsit, sluit en ons moes hom gaan soek en hom toe daar gekry.

Toe ons fietse gekry het, wou Ouma nie hê dat ons alleen ver moet ry nie en dan het sy vir oom Jan Bingle, oom Boetie se seun, gevra om Saterdagoggende met ons by die vlei om te ry.

Toe ek my eerste biblioteekboeke by die skool kon uitneem, was dit nie om te lees nie (daar was nie tyd vir lees nie), maar om die kaal blaaie voor en agter in die boeke uit te skeur vir my en Alwyn se skryfbehoeftes. Toe Ouma dit uitvind het sy my natuurlik belet om ooit weer 'n boek uit te neem.

Tydens swaar weer het Ouma gesê dat 'n mens respek moet hê vir die werke van die Heer. Die gordyne is dan toegetrek en Ouma, Alwyn en ek moes dan doodstil sit of Hallelujas sing.

Ouma het baie gereeld met haar susters, niggies en ander familie gekorrespondeer. Toe ek en Alwyn na Gill Kollege is, het ons die kort rukkie wat sy nog met ons was ook gereeld 'n briefie van haar ontvang. Selfs toe sy al baie siek was. Sy het ons altyd moed ingepraat en nooit gekla oor haar siekte nie. Sy het 'n baie netjiese handskrif vir 'n ou mens gehad en goeie Afrikaans geskryf veral as in ag geneem word dat sy slegs Nederlands geleer het. Onge-veer twee weke voor haar dood terwyl sy by ons op die plaas gebly het vir die laaste paar weke voor haar dood, het my ma een dag gesê dat ek by Ouma moet sit sodat sy iets anders kon doen. Na omtrent 'n uur het Ouma gesê ek is al bliknêrs gesit en kan gerus maar gaan speel, sy het nie iemand nodig om die hele tyd by haar te sit nie. Ek het nie gekla nie, maar sy het 'n kind verstaan en geweet dat ek eerder wou buite wees.

Ouma het in haar testament toe £500 aan elk van die vier kleinkinders nagelaat. Ek sou Ouma Geesie vir geen ander Ouma wou verruil nie en ek hoop dat ek vir my kleinkinders net so 'n grootouer kan wees.

Feite wat ek (c6d3e2f2) van Ouma weet en onthou:

Sy en haar man het ontmoet a.g.v. die feit dat haar stiefma en sy ma, eie susters was. Sy was 'n kort ou mensie. Vir ons paar kleinkinders baie dierbaar, maar ons was sekerlik ook al wat met die onmoontlikste dinge by haar verby sou kom, want sy was 'n kwaai mens gewees. Seker ook maar van die Bingle kant oorge-erf. Veral met die swart mense kon sy glad nie oor die weg kom nie. So was sy al omtrent 70 jaar oud en ook nie meer gesond nie, maar toe het sy nog self op haar knieë gegaan en haar hele huis se vloere gevryf dat dit soos 'n bottel blink en dit omdat die bediendes dit nie na haar sin kon doen nie en heel waarskynlik het sy ook nie eers daardie tyd een gehad nie, want lank het sy nooit met een oor die weg gekom nie. Hulle kon nooit na haar sin werk nie en meesal het sy gesê hulle is te oneerlik. Steel selfs die peper uit haar peperpot. Een Sondag voor kerk het sy so dringend na haar kinders geroep om te kom kyk, want of hulle haar wil glo, "die meid het nou sowaar nog die blom van haar hoed ook afgesteel". Al die tyd het sy mooi die hoed agterstevoor op gehad en kon sy dit net nie sien nie.

Een Sondag in die kerk het sy naarstigtelik in haar handsak begin rond soek toe die kollektebord op pad was en my pa wat gedink het sy het dalk nie geld by haar nie, het vir haar kollekte aangebied, maar sy het net haar kop geskud en voort gegaan tot sy later 'n tiekie in die hande gekry het wat sy ingegooi het. Na kerk toe my pa verneem wat aangegaan het, het sy gesê dat sy oorgenoeg geld gehad het, maar dat sy na 'n tiekie gesoek het, want die predikant se preek was ook nie regtig eers daardie tiekie werd nie.

Iets wat ek ook altyd sal onthou, is dat sy een aand so bitter kwaad was vir my pa omdat hy vir my en my broer elk 'n pak gegee het oor 'n onmoontlikheid wat ons weer aangevang het. Sy het ons gevat en met 'n arm styf om elkeen van ons geslaan in die sitkamer met ons gaan sit en beslis geweier om die aand te eet.

Toe ek en Gezina skool toe is, het ons net oorkant die straat van haar huis by mense loseer en elke middag het ons dan by Ouma gaan deurbring. Daar was die heerlikste speelplek in haar erf en ons is natuurlik gereeld elke dag bederf met eetgoed.

Nadat die nagmaalsbeker in die NG kerk afgeskaf is en daar gebruik gemaak is van kelkies het sy ook tot haar dood nooit weer wou nagmaal gebruik nie.

Vir haar geliefdes was sy die goedheid self,maar 'n mens moes haar net nie aan die verkeerde kant opvryf nie, dan was die wêreld verkeerd vir jou.

e1 Elizabeth Maria (Bettie) * 18 Julie 1901 te Kareepoort, Middelburg K.P.
† 9 Junie 1992 te Middelburg K.P.
X 30 Junie 1930
Petrus Jacobus Coetzee (Piet) * 5 Januarie 1908, Boer
† 7 April 1979 te Middelburg K.P.

f2) Hendrik Bernardus * 12 Mei 1935
f3) Gezina * 23 Oktober 1943

Hennie, haar seun, skryf as volg:

Gedoop toe sy reeds 1 jaar oud was, want a.g.v. oorlog kon hulle nie eerder op die dorp kom nie. Gaan skool op Rietvlei, Middelburg K.P. Gaan later skool te Karel Theron wat toe nog een skool saam met die hoërskool was - daarna op plaas. Oupa Alwyn het ongeveer dieselfde tyd toe sy klaar was met skool verhuis na Slootfontein. Het vir haar broer skoolgehou tot omtrent st.3 of 4 op die plaas en toe moes hy dorp se skool toe gaan en Oumagrootjie Miemie met hom in die tuishuis gaan bly het. Sy het vroeër dieselfde vir my ma gedoen. Op Rietvlei het my ma geloseer by tant Hannie Shoombee, vandaar die naam "Moederhannetjie". Haar man was, dink ek 'n bywoner. Sy het daagliks kos gemaak en dan een dag al die bietjies oorskiet in 'n pot gegooi en warm gemaak. As haar man dan vra wat dit is het sy gesê "Eet! Dit is kos my ou man." Dit het later in ons huis 'n ou gesegde geword.

Ma het by Oupa-hulle gebly tot na haar troue. Sy het kuns-naaldwerk en handewerk gedoen tot haar oudag en baie 1ste pryse op die skou gekry. Bevestig dit soos bv. "'n Ware kunswerk en erfstuk."

Sy was 'n aktiewe tennisspeelster, perderuiter, akkordeon speler en het ook die traporrel bespeel. (L.W.akkordeon, nie trekklavier nie). Later jare jukskei gespeel.

Ma was 'n groot versamelaar veral van dinge uit die verlede, ongelukkig was daar soveel dinge wat sy nie as houbaar gesien het nie en wat ek nou my voortande voor sou gee. Sy was pynlik netjies in alles wat sy gedoen het,

baie lief vir mooi dingetjies en sou eers lank beplan om iets te bekom wat sy graag wou hê.

Met Ma en Pa se silwerbruilof het iemand wat die heildronk ingestel het gesê dat wat hy van hulle onthou en bewonder is dat hulle geen skuld gemaak het nie, nie gekoop wat hulle nodig gehad het nie, maar wat hulle kon bekostig en waarsonder hulle nie kon klaarkom nie.

f2 Hendrik Bernardus * 12 Mei 1935 te Middelburg K.P.
= 14 Julie 1935 te Middelburg K.P. deur Ds. L.J. Fourie
X 3 September 1960 te Middelburg K.P.
Anna Francina van Blerk * 5 Julie 1932
= 29 Oktober 1932 te Middelburg K.P. deur Ds. A.J. Pepler

g1) Petrus Jacobus * 17 Mei 1961; † 20 Mei 1961
g2) Elana * 19 Januarie 1965
g3) Henné * 6 Augustus 1970

Geb. Sondag 12 Mei 1935 te Stockenströmstr, Middelburg K.P. in oupa Alwyn se tuishuis. Gewig by geboorte was 9 lbs. Geboorte geregistreer - naam: Hendrik Coetzee. Op 19 Julie1935 naamsverandering geregistreer as Hendrik Bernardus Coetzee op aandrang van oumagrootjie Lusea Coetzee en sy het ook die halfkroon vir die verandering betaal. Inskrywing 172/35. Bring my eerste twee lewensjare op Slootfontein deur, daarna op Littlego tot 1944, daarna op Sterkfontein tot 1965. Kry polio 1938 - toe nog bekend as kinderverlamming - was vir drie maande baie siek, daarna die herstel en vele besoeke aan Dr.Fouché spesialis in Johannesburg. Skoolloopbaan: Voorbereidende skool, Middelburg K.P. tot st. 1; Karel Theron Laerskool tot st. 6; Middelburg Hoërskool tot st. 7 en daarna Gill Kollege, Somerset-Oos tot matriek. Loseer by ouma Geesie 1942 - 1944,by tant Kattie Coetzee 1945, Dagbreek Hostel tot 1949 en Gill Hostel tot 1954. Boer op Sterkfontein/Stillerus saam met Pa 1955-1960, daarna deeltys tot 1965. Verloof aan Anna in Februarie 1960. Harmonie Kontantwinkel Oktober 1960 – November 1962. Begin werk by Total SA Edms Bpk. op 15 Januarie 1963 as Sub-depot kontroleur waar ek 12 depots gehad het om te beheer - almal van hulle 1 keer per maand besoek, party 2 keer per maand - vervoer: Landrover. Sub-depots te Graaff-Reinet, Murraysburg, Victoria-Wes, Vosburg, De Aar, Philipstowns, Hanover, Venterstad, Hofmeyer, Willowmore, Noll's Halt en Avontuur. L.g. in Langkloof naby George. Ry plus minus 40,000 km per jaar teen 80 km/h. Later wanneer nie sub-depots

besoek nie ook aflewerings van brandstof gedoen. Begin Januarie 1965 in Kaapstad vir 3 maande as aflosklerk deels ter voorbereiding vir bestuurskurses. Mei 1965 – Julie 1965 in Johannesburg op Depot-bestuurders opleidingskurses. Los af as bestuurder in Belfast vir 'n maand. Aflos-bestuurder tot Oktober 1965 toe Rosmead Depot oorneem as bestuurder. Moes oorspronklik nuwe depot op Upington gaan oopmaak, maar is op versoek terug na Rosmead. Word in volgende dertig jaar baie poste aangebied, o.a. Walvisbaai, Mosselbaai, Kaapstad, Johannesburg, Nelspruit en meer, maar het elke keer verkies om op Rosmead te bly. Tree amptelik op eie versoek af op 30 September 1993, maar bly aan tot 31 Desember 1993. Aftrede a.g.v. onsekerheid m.b.t. politieke veranderings, ens. Gedurende 1994 nog altesame vir plus minus 5 maande afloswerk gedoen te Rosmead en Molteno. Word versoek om Oktoberen November 1994 as buite kontrakteur 'n interne oudit by 12 depots te doen tot so ver as Prieska. Dit was interessant, maar stel nie belang om weer ander se foute te rapporteer nie.

In 1983 tydens langverlof, kurses bygewoon om ys/vrieskaste te repareer as stokperdjie. Gedurende die vier jaar wat ek daarmee volgehou het, het dit ontwikkel tot amper voltydse werk wat ek na-ure bedryf het. Dit het te veel geword en ek het dit gestaak, want vakansies, vakansiedae, naweke, saans en snags het ek daaraan moes wy. Baie mense het my gesien aankom, dan steen en been gekla, dan vra ek net dat hulle die materiaal moet betaal. Na aftrede in 1994 het ek myself besig gehou met houtwerk, sweiswerk en allerhande handwerk vir myself en die kinders.

In Oktoberbesluit ek om prentrame as stokperdjie te begin maak. Dit was van die begin af 'n voltydse besigheid en tot op datum nie weer tyd gehad om vir myself iets te maak nie. Dit het nou reeds uitgebrei na beperkte fotografie ook. Het in Februarie 1996 'n professionele raammakers kurses by Akademie in Johannesburg bygewoon en 'n sertifikaat daarvoor verwerf.

1954 - Slaag matriek.
1955 - Voltooi kortkurses te Grootfontein Lanboukollege - wol. Bly in tuishuis.
1956 - Voltooi kortkurses - meganiese ingebieurswese te Grootfontein Lanboukollege. Bly weer in tuishuis.
1956 - Voltooi maand kortkurses skaap en wol te Grootfontein Landboukollege. Bly in Huis Karoo kollege koshuis.
1965 - Voltooi Total Depot-bestuurders kurses te Total SA Hoofkantoor, Johannesburg.
1965 - Noodhulp Sertifikaat, S.A.Noodhulpliga, Johan-nesburg.
1968 - Diploma "Petroleum Technology" per pos by Engineering College of SA, tegniese afdeling van Cleaver Hume College.

1975 - Verwerf sertifkaat "Allan Management Supervisory Program" deur Louis a Allan Associates Inc California. Kurses in Johannesburg voltooi.
1976 - S.A. Rooikruis - algemene sertifikaat vir noodhulp.
1977 - S.A. Rooikruis - Gevorderde sertifikaat vir noodhulp
1979 - S.A. Rooikruis - Sertifikaat en silwer medalje vir noodhulp
1980 - S.A. Rooikruis - Sertifikaat en goue medalje vir noodhulp.
L.g. was ons drie persone wat die eerste en enigste so ver in noodhulp gevorder het in Middelburg K.P. Ek help nog steeds met die aanbied van die praktiese deel van kursusse.

1988 - 1993 - Lid van "Total Span" klantediens verbeterings program.
1990 - Diploma verwerf "Interaction Management" kurses in Johannesburg voltooi.
1993 - "Authorised Gas-testers Diploma" verwerf by kurses in Kaapstad. Dit het einde 1995 verval omdat nie hernu – tot daardie datum die enigste in Kaapse binneland met hierdie kwalifikasie.
1965 - 1993 - Brandbestryding opleiding te Isando, Standerton, Port Elizabeth en verskeie te Mosgas, Mosselbaai.

Was 1965 tot plus minus 1985 verantwoordelik vir opleiding van weermaglede m.b.t. brandbestryding. Was gedurende hierdie tyd lid van "Fire Protection Assosiation of SA" en het
deur hulle privaat studie gedoen om myself beter te bekwaam; het kursusse gedoen tot op vlak van offisier.

Dien op kerkraad Middelburg Moedergemeente vanaf 1966 - 1980. Eers as diaken van plaaswyk en later as ouderling. Dien vanaf 1981 op kerkraad as ouderling by Middelburg Uitsig gemeente met tussenposes.

1990 - Behaal 4 ster gradering van N O S A vir depot vir Beroepsveiligheid.
1967 - Wen kompetisie en beker vir beste depot in Kaapland m.b.t. netheid, klantediens, administrasie, transport en koste effektiwiteit.
1971 - 1976 - Lid van skoolkommitee, Rosmead L/S.
1977 - 1981 - Voorsitter Skoolkommitee,Rosmead L/S
1969 - 1971 - Bestuurslid Oost. Prov. Bloedoortappings-diens, Middelburg K.P.
1971 - 1985 - Voorsitter OP Bloedoortappingsdiens, Middelburg K.P.
1971 - 1985 - Lid van Direksie, OP Bloedoortappingsdiens, Port Elizabeth.
1964 - 1985 - 120 pt. bloed geskenk.
1975 - 1980 - Hoof van Burgerlike Beskerming te Rosmead.
1963 - 1976 - Polisiereservis.Was onder eerstes op Middelburg K.P

1976 - 1977 - Skutter - Hantam Kommando
1980 - Baie jare lid van Rapportryerskorps waarvan 2 jaar as sekretaris, 2 jaar as tesourier en nog baie jare as bestuurslid.
1982 - Stigterslid van Middelburg K.P. Kultuur-Historiese Museum en sedertdien onder-voorsitter.
1975 - 1976 - Bestuurslid Nasionale Party, Hugo v.d. Ahee tak en 1976 afgevaardigde na Kongres.
1967 - 1992 - Opleidingsdepot;het in die tydperk plus minus 30 depotbestuurders en verteenwoordigers se praktiese opleiding gedoen. Party net die praktiese deel, sommige van a - z opleiding, selfs 1 dame van streekskantoor klerikaal in 1992.
1980 - Boekie saamgestel oor geskiedenis van Rosmead. "Rosmead 1880 - 1980" waarvan plus minus 400 eksemplare gedruk en verkoop is en totale wins vir skoolfonds geskenk. Het plus minus elf maande daaraan gewerk en honderde briewe, telefoonoproepe en persoonlike kontak moes maak.

g2 Elana * 19 Januarie 1965 te Middelburg K.P., Tikster
= 4 April 1965 te Middelburg K.P. deur Ds. G.T. de Beer
X 8 Oktober 1988 te Middelburg K.P.
Barend Ignatius Kitching (Bennie) * 19 Januarie 1963 S.A.P.
= 7 April 1963 te Middelburg K.P. deur Ds. W.G. Olivier

h1) Anél * 10 Februarie 1990
h2) Elna * 18 September 1991
h3) Ignatius Bernardus * 7 Mei 1993

g3 Henné * 6 Augustus 1970 te Middelburg K.P., S.A.P.
= 1 November 1970 te Middelburg K.P. deur Ds. P.A. Loots
X 6 April 1991 te Middelburg K.P.
Johan Fourie * 22 Junie 1969, S.A.P.

h1) Joné * 19 Januarie 1995; = 26 Maart 1995 te Middelburg K.P.
h2) Jeandré * 28 Oktober 1999

f3 Gezina * 23 Oktober 1943 te Middelburg K.P., Maatskp. werk
= 12 Desember 1943 te Middelburg K.P. deur Ds.I.E. Heyns
X 3 April 1965 te Middelburg K.P.
Michiel Christiaan Brooks Coetzee * 9 April 1940

g1) Michiel Christiaan Brooks * 21 Februarie 1968
g2) Petrus Jacobus * 13 November 1970
g3) Marlize * 2 April 1973
g4) Anline * 29 Februarie 1976

g1 Michiel Christiaan Brooks * 21 Februarie 1968 te Cradock
X 26 Oktober 1991 te Cradock
Hannelie Greyling * 19 November 1967

h1) Michiel Christiaan Brooks * 1999

g2 Petrus Jacobus * 13 November 1970, S.A.P.
X
Amanda Magdalena Marx * 26 Maart 1973, S.A.P.

g3 Marlize * 2 April 1973, S.A.P.
X
Jan Frederick Schoonraad * 13 Julie 1970, S.A.P.

h1) Jan Frederick * 2000

e2 Alwyn Petrus * 27 Oktober 1911
= 28 Januarie 1912 te Middelburg K.P. deur
Ds. E. Dommisse
† 17 Oktober 1989 te Middelburg K.P.
X 28 Oktober 1935 te Sterkstroom.
Gezina Wilhelmina de Beer (Baby) * 10 November 1916 te Sterkstroom
= 28 Januarie 1917 te Sterkstroom
†
(Dv. Edmund Johannes de Beer en Susanna Petronella Willemina Bingle)

Let op dat sy en haar skoonma (ook haar eie tante) dieselfde name het en dat hulle op dieselfde dag verjaar. Hulle is ook albei uit dieselfde huis getroud en het jare lank saam in dieselfde huis gewoon. Hulle is albei met Alwyn Petrus Vorster getroud.
f1) Alwyn Petrus * 20 Oktober 1937
f2) Susanna Bingle * 15 April 1943

Die kinderjare van Alwyn Petrus Vorster:

Sy ouma Vorster, Ouma Miemie, en sy stiefouma Magdalena, oupa Bingle se derde vrou, was eie susters. Die dogters van Christiaan Arnoldus Shoeman van Paardekraal, Middelburg K.P. Vermoedelik dan ook hoe sy ouers mekaar leer ken het. Sy ouers en grootouers Vorster, het hulle hele lewe saam gewoon. Selfs na sy pa se dood het ouma Miemie saam met sy ma dorp toe getrek. Die ouma het hom altyd baie bederf. Menige keer wanneer sy pa hom 'n pak wou gee, het sy tussenby getree en hom styf teen haar vasgedruk en met die lang rok toegevou en dan het sy menige hou wat vir hom bedoel was, gekry.

Van kleins af was hy maar altyd 'n platjie gewees. Hy het baie vertel dat ouma Miemie hom altyd 'n halfkroon betaal het om 'n lepel kasterolie te drink. Wanneer sy naderhand moeg gespook was dat hy dit moet drink, het sy dit dan sommer maar self ingesluk en hy is weg met die geld. Op 'n keer het haar broer vir veertien dae kom kuier. Die ou oom wou spesifiek op sy bed wat voor die venster gestaan het, slaap. Daar wou hy egter niks van weet nie tot Ouma toe gevra het om die bed by hom te huur. Sy het hom toe met 'n jong os betaal vir die veertien dae. Sy ma het hom eenkeer £100 betaal om op te hou met rook. Hy het toe vir twee maande opgehou en toe maar weer begin rook. Hy wou toe die geld terug gee, maar sy het nie die hart gehad om dit te vat nie en so het hy toe weer heerlik gerook en nog die geld ook gehad. Hy het by 'n plaasskooltjie sy skoolloopbaan begin, maar is toe later in dorp toe waar hy tot st. 8 geleer het. Wou altyd graag verder leer, maar sy ouers wou niks daarvan hoor nie en so het dit altyd agterweë gebly.

Hy was baie lief vir sy tant Lena Schoeman, sy ma se halfsuster en die jongste dogter van oupa Bingle. Hulle het baie naweke op die plaas kom kuier en dan het hy en tant Lena sommer gereeld van die môre tot die aand dambord gespeel. Wanneer tant Lena-hulle weer moes terug dorp toe, het hy saam met hulle op die trein geklim by Jagpoort sylyn en saamgery dorp toe sodat hulle net daardie tydjie ook nog kon dambord speel. Hy het dan weer met die volgende trein teruggekeer plaas toe.

Gezina (Baby) Vorster vertel aan my die volgende uit haar kinderdae:

Oupa Carolus en ouma Anna de Beer het al die jare tot hul dood by hulle in die huis gebly. Sy en haar suster, tant Salome, was baie lief vir die twee gewees. Hulle het altyd op Oupa se skoot geklim en dan kielie hulle hom tot sy asem skoon weg was. Hy het hulle altyd sy "Harteliefies" genoem. Hy het altyd op die bank in die voorkamer gelê en slaap en sou hulle durf waag om die voordeur te laat ooplê was hy baie kwaad, want hy het gesê hy kry 'n trek op sy kop. Hulle mag nooit naby sy skryftafel gekom het nie. Dit was sy heiligdom. Sy vertel dat toe hy die dag oorlede is en sy liggaam klaar uitgelê

was en die mense sy kis uitgedra het na die waenhuis, het sy en tant Salome dadelik eers gehardloop om te gaan kyk wat daar in die skryftafel was wat hulle nooit mag aangeraak het nie. Daar was toe egter niks van veel waarde nie en my ma het net sy potlood geneem wat sy nou nog al die jare bêre as aandenking.

Hul ouma het altyd vir hulle Halleluja liedere geleer wat sy "Harpliedjies" genoem het. Die een waarvoor sy die liefste was, was:

"Rus, rus, rus is daar geen. Rus vir my siel, is daar boven alleen".

Ouma het nooit saam met hulle aan tafel geëet nie. Sy het 'n spesiale plekkie voor die eetkamervenster by 'n kleiner tafeltjie gehad waar sy gesit het. Sy kon nie meer so mooi sien nie en het ook glad nie meer tande gehad nie en het altyd gesê dat sy as gevolg daarvan nie meer so mooi kon eet nie. Sy het egter so sonder tande selfs braaivleis smaaklik kon eet.

Op haar 90ste verjaardag moes sy die dag saam met Ouma loop na die "kleinhuisie". Toe hulle by die watervoor kom, sê Ouma: "Wag ek wys jou hoe spring 'n 90 jarige nog oor 'n watervoor". Sy neem toe haar rok bymekaar en spring ewe flink bo-oor.

Oupa Carolus was die skoolmeester van die buurt. Agter aan die waenhuis was 'n vertrek aangebou waar die klomp seuns van die buurt wat daar skool gegaan het, gehuisves was. Nadat hy later te oud geword het vir die taak is daar o.a. 'n mej. V.d. Berg gehuur om die taak te kom verrig. Sy het die gewoonte gehad om saans teen sononder die kinders bymekaar te kry en dan word daar vir hulle 'n natuurstudie les gegee daar buite op die werf. Een aand terwyl sy weer daar besig was, het daar 'n poliesman gekom om haar te arresteer vir die dood van haar baba wat hulle in 'n dip gekry het. Die baba was nog in 'n nagrok van haar toegedraai en dié het haar naam op gehad.

Die skool het toe verskuif na die buurplaas "Kwaggas-fontein" van die Corbetts, tant Lenie se ouers. Dit was so plus minus 5 myl vanaf Weltevrede. Sy, Gezina, het altyd botweg geweier om skool toe te gaan. Het altyd gesê dat sy liewer 'n "Dopper" wil bly. Het gedink as jy 'n "Dopper" is, is dit nie nodig om skool te gaan nie totdat haar pa toe gedreig het dat hy vir die polisie sal moet sê en dan sal hulle haar moet kom haal. Sy is toe skool toe op Kwaggasfontein toe sy reeds sewe jaar oud was. Het daar agter tant Lenie se rug geslaap. Elke Maandagoggend het sy aan die tafelpoot vasgeklou en moes hulle haar behoorlik losskeur sodat sy kon weggeneem word skool toe. Maandae het hul pa hulle gewoonlik weggeneem, maar baie Vrydae was dit nie vir hom moontlik om hulle weer te gaan haal nie en dan

moes hulle die ent huis toe stap. Sy het dan ente so moeg geword dat haar twee broers, Piet en Tom, beurte gemaak het om haar te abba. By die skool moes sy sommer saam met die st. 2's inval. Die volgende jaar is sy toe egter Burgersdorp toe waar sy by haar oudste suster Nonnie-hulle gaan bly het en toe het sy weer by Sub A begin. Hulle het daar gebly tot sy klaar was met st. 5 en toe het hulle na Sterkstroom verhuis en sy en haar suster, Salome wat toe ook al in die skool was, het saam met hulle gegaan en daar het sy toe geleer tot st. 8. Sy en tant Salome het al hul lewe lank so by tant Non-hulle geloseer teen £1 per maand. Haar broer Eddie-hulle het ook al die jare 'n tuiskamer by die suster-hulle gehuur teen £1 per maand.

Op Burgersdorp het tant Nonnie een keer baie siek geword en haar ma het gekom om te help met die huishouding. Toe sy haar ma die dag tegemoet hardloop in die straat het dié haar amper nie geken nie omdat sy dan so vet geword het. Sus en Gerrie is albei op Burgersdorp gebore. Sy was veral baie erg oor Gerrie en het geglo net sy kon hom versorg. Hy was op 'n keer ook baie siek gewees en dan het sy altyd soggens op pad skool toe by die hekkie weer omgedraai en vir sy ma gaan sê: “Jy moet baie mooi na Boetie kyk tot ek weer terug is." Die jare toe oom Gert nog by tant Non gekuier het, was sy vreeslik jaloers gewees. Het hulle soos 'n skaduwee gevolg en het selfs saam met hulle "opgesit", ondanks al haar ma se raas. As hy dan weer weg was, het tant Non altyd die ou liedjie "Wanneer kom ons troudag Gertjie?", gesing en dit het haar woedend gemaak. Haar ander suster San, het tot st. 8 geleer en haarself toe vir 'n jaar gaan bekwaam deur 'n onderwys diploma te verwerf en toe het sy op Groenpoortjie in die Burgersdorp distrik, begin skoolhou. Gedurende haar vakansies tuis, het sy tot haar ma se ergernis altyd geweier om met iets in die huis te help, want dit sou haar hande lelik maak. Sy het oom De Wet daar ontmoet. Eendag gedurende 'n vakansie het hy net op die plaas opgedaag en gesê hy kom tant San haal sodat hulle kan trou, want sy pa is oorlede en hy het haar nodig. Hy is toe met haar daar weg in die syspan van sy motorfiets en tot haar ouers se groot verdriet kon hulle toe nie eers die bruilof bywoon nie.

Haar geliefkoosde speelding was 'n ysterlees wat sy vir 'n pop gehad het. Dié het sy altyd op haar heup gedra en verbeel dis haar kind wat sy so wydsbeen op haar heup dra. Daardie jare het haar oom Tom Bingle-hulle nog op die buurplaas "Fac et Spera" gewoon. (Blykbaar 'n deel van Flinksfontein wat hy van oupa Bingle ge-erf het). Sy, tant Salome, en hulle niggies Ella en Lena het gedurig oor en weer bymekaar gekuier. Een dag het hulle in die vyelaning gespeel en 'n groot tak van een van die bome afgebreek. Met groot moeite het hulle dit met draad probeer vasmaak dat hul pa dit nie moet sien nie. Hulle broer Tom het alles gade geslaan en toe hulle klaar was, staan hy nader en vra of hy mag saamspeel. Hy wou konsuis kerk

speel en hy wou die predikant wees. Hy preek toe baie plegtig oor die vier dogtertjies wat 'n tak gebreek het en dit toe met draad vasgemaak het sodat hulle nie kon raas kry nie en hoe groot sonde dit is om so oneerlik te wees en dat hulle nooit eendag in die hemel sou kom nie. Die vier toe almal in trane en hy wil hom dood lag.

Haar ma het altyd vir hulle biltong, okkerneute en droë vrugte gegee om mee huis te speel. Nes hulle hul tafel pragtig gedek het, dan kom vra haar broer Eddie of hy ook maar mag saam speel. Vir hulle 'n vreeslike eer dat die Ouboet soveel belangstel. Hy moet dan kwansuis eers altyd vir hulle bid voordat hulle kan begin eet. Hulle hou dan hul oë plegtig toe en hy bid: "Amenie, dominie, eikenie, brood, koekemarella, Ysiebella, hoenderkluitjie, Amen." Intussen steek hy al die kos in sy sak en wanneer hy amen sê hardloop hy weg met alles. Onnodig om te sê dat dit dan net een groot tranedal afgee.

Later het oom Tom Bingle-hulle verhuis na Dordrecht se distrik, maar hy het haar en tant Salome nog soms vakansies kom haal om by hulle te gaan kuier. Haar broer Hans was glo nooit lief vir plaaswerk nie. Op 'n dag gee haar pa opdrag dat die seuns die draad om die tuin moet gaan regmaak. Sy kommentaar "Ot kêrels, kom ons sny onsself liewer keelaf." Hy en oom Eddie het op Colesberg skool gegaan waar hulle eers by hul oom Pieter Bingle-hulle loseer het en toe na sy dood by Van der Walts. Oom Hans het een middag weer watter tyd by die huis aangekom nadat hy gaan rondloop het en nie sy huiswerk gedoen het nie en toe oom Eddie hom aanspreek daaroor, begin hy hom sommer skel. Oom Eddie probeer beduie vir hom dat hy moet oppas wat hy sê want die ou oom hoor hom, maar toe sê hy sommer: "Vlieg jy en oom Niclaas albei na die hel." Terwyl haar broer Tom op Uitenhage in die Ambagskool was, het hy eenkeer vir haar ouers 'n foto van hom en 'n paar maats gestuur waar hulle in hul swemklere op 'n damwal sit. Dit was vir haar ouers 'n vreeslike skok, want hulle kon nie dink dat hul kind nou so laag gedaal het dat hy geen respek en skaamte meer het vir sy liggaam nie.

Bogenoemde, Alwyn en Baby, se ma's was eie susters gewees. Die twee oudste dogters van oupa Johannes Petrus Bingle. Nadat die twee susters vir in die twintig jaar mekaar nooit gesien het nie, het sy ouers weer 'n slag by haar suster-hulle op die ou familieplaas gaan kuier en hy is toe saam en het bogenoemde twee mekaar vir die eerste keer ontmoet. Hulle het daarna met mekaar begin korrespondeer en toe het hy 'n paar keer vir haar gaan kuier met sy motorfiets en toe hy sy eerste motor kry, 'n tweesitplek Ford, het hy haar vir 'n skoolvakansie gaan haal om by hulle op die plaas te gaan kuier. Sy onthou nog goed van die mooi bont stukkie materiaal wat sy ma vir haar

present gegee het vir 'n rok met die kuier daar. Sy het toe aan die einde van 1934 klaar gemaak met skool en die daaropvolgende tyd tuis deurgebring en die tyd spandeer om vir haar 'n bruidsuitset gereed te kry. Haar ma is toe daardie jaar die 30ste Junie oorlede en die 28ste Oktober is hulle getroud. Aangesien die troue so kort na haar ma se dood was, is sy in 'n wit rok met 'n swart hoed en handskoene daarby getroud. Daar was geen vooraf verlowing nie, maar met hul troue het hy vir haar 'n kamerstel present gegee as verlowingspand. Hulle het by sy ouers in die huis gaan woon.

'n Tyd na sy pa se dood het hulle nog op die plaas Slootfontein gewoon. In 1945 het hy die plaas met alles wat daarop was, verkoop vir £10,000. Toe het hy op Middelburg in "Ons Handelshuis" gaan werk as klerk in die mansafdeling vir 'n jaar teen £9 per maand.

Daarna het hulle Sterkstroom toe getrek waar hulle 'n kafee gekoop het. Hy het ook vir 'n bykomende inkomste, grafstene verkoop.

Na twee jaar het hy die kafee verkoop en is hulle terug Middelburg K.P. toe waar hy die plaas Harmonie gekoop het. Hulle het daar aangekom op Oujaarsdagaand 1948. Daar het hulle gebly tot 1962 toe hulle dorp toe getrek het. In die laat vyftiger jare het hy ook die winkel op Rosmead gekoop, "Harmonie Kontantwinkel." Dié het hulle later verkoop en "Karoo Meubels" op die dorp gekoop. Die het hulle gehad tot plus minus 1968 en toe het hulle dit ook verkoop. Hy het toe by die staatsdiens op Grootfontein Landboukollege begin werk en sy het as boekhoudster by Hepworths begin werk. Hy het op Grootfontein gewerk tot 1987 toe hy afgetree het. Hy was al 73 toe hy sy laaste promosie van die staatsdiens ontvang het. Sy het tot 1988 gewerk by Hepworths en na haar aftrede na 19 jaar by hulle, ontvang sy slegs R12 pensioen per maand van hulle af. Hy is die 17de Oktober 1989 oorlede na 'n lang leiding a.g.v. bloedkanker. 'n Skamele 10 dae voor hulle 54ste troudagherdenking. Sy het nog aangebly in hul huis tot Februarie 1993 toe sy verhuis het na die ouetehuis, "Uniefeesherdenkingstehuis", in Middelburg, K.P.

f1 Alwyn Petrus * 20 Oktober 1937
= 23 Januarie 1938 te Middelburg K.P.deur Ds. L.J. Fourie
X
Hendriette Robertson * 6 Desember 1940
= 9 Februarie 1941 te Middelburg K.P. deur
Ds. G.P. van der Berg

g1) Marinda Hendrien * 31 Augustus 1960
g2) Alwyn Petrus * 21 Februarie 1963

Alwyn is in 1937 in Stockenstromstraat, Middelburg, K.P. gebore in sy oupa Alwyn-hulle se tuishuis. Hy is die vyfde geslag met dieselfde name wat almal hul hele lewe lank in Middelburg of distrik woonagtig was.

Sy skooljare het hy in die "Kleinskooltjie" waar die museum tans is, begin en van st. 2 - st. 6 was hy in die Karel Theron L/S. Vanaf st. 7 was hy op Somerset-Oos te Gill Kollege waar hy in 1954 gematrikuleer het. Daarna het hy tot in die sestiger jare saam met sy pa op die plaas Harmonie geboer. Het ook in die tyd nl. 1957-1958 sy landbou-diploma verwerf by Grootfontein Landboukollege.

Vanaf die vroeë sestiger jare het hy hom toe in die sakewêreld in Middelburg begin vestig en is tans nog aktief betrokke by verskeie ondernemings in die dorp. Gedurende sy loopbaan was hy deurentyd betrokke by gemeenskaps-diens en dien op verskeie komitees gedurende die tydperk. Hy dien op vroëre Skoolraad; MARA-bestuur (Oud rugbyklub van Middelburg); en ook as president van die klub; dien vir baie jare op albei kerke se kerkrade, ook as leierouderling; Hantam Kommando se bestuurskorps met die rang van majoor; Rolbalklubkommitee plaaslik, en vir baie jare as president; Middelandse Rolbalunie se bestuur, vir baie jare as president; as 'n stigterslid op Museum kommitee; Sakekamer bestuur vir baie jare en ook voorsitter; word in 1985 aangewys as Sakeman van die jaar; dien vir baie jare op die Nasionale Party se bestuur, ook as voorsitter van Renosterberg Tak; dien die gemeenskap as Munisipale Raadslid vir 12 jaar, waarvan 7 jaar as Onderburgermeester.

Hendriette voltooi haar skoolloopbaan aan Rocklands Meisieskool te Cradock in 1958 waar sy ook hoofmeisie was van die koshuis. Tans 'n sakevrou van formaat.

g1 Marinda Hendrien * 31 Augustus 1960 te Middelburg K.P., Onderwys
= 4 Desember 1960 te Middelburg K.P. deur
Ds. J.A. Venter
X 15 Desember 1984 te Middelburg K.P.
Jacques Nicolaas Marais * 23 Januarie 1960, Ouditeur

h1) Riëtte * 25 Oktober 1987
h2) Anien * 26 September 1989
h3) Jani * 19 Maart 1993 = 27 Junie 1993 te
Burgersdorp

g2 Alwyn Petrus * 21 Februarie 1963 te Middelburg K.P., Geoloog
= 19 Mei 1963 te Middelburg K.P. deur Ds. W.G. Olivier
X 16 Desember 1989 te Stellenbosch
Guilia Virginia Teresa van Zyl * 9 Junie 1968, Onderwys

h1) Résa * 20 Maart 1994; = 3 Julie 1994 te Middelburg K.P. deur Ds. Attie Coetzee

f2 **Susanna Bingle** * 15 April 1943
= 13 Junie 1943 te Middelburg K.P. deur Ds. G.C. le Roux
X 1 Julie 1967 te Middelburg K.P.
Petrus Johannes Britz * 28 Julie 1941

g1) Jean * 20 Junie 1968
g2) Alwyn Petrus * 15 Desember 1970
† 27 Februarie 1971 te Middelburg K.P.
g3) Etienne * 23 Mei 1974
= 1 September 1974 te Herman Steyn N.G. Kerk, Vereeniging

Bingle: Laerskool loopbaan te Karel Theron Laerskool, Middelburg, K.P. St. 6 – St. 8 te Rocklands Meisiesskool, Cradock. Matrikuleer 1960 aan Hoër Volkskool, Graaff-Reinet. Werksaam in die Standerd Bank, Middelburg K.P. vanaf 1961 - begin 1963 en vanaf 1963 - 1967 as tegniese assistent by die Akkerbou afdeling van Grootfontein Lanboukollege. Sederdien huisvrou.

Petrus: Gebore in Port Elizabeth. Laerskool loopbaan voltooi op Rosmead en hoërskool op Middelburg K.P. Begin 1957 by die Spoorweë op Rosmead werk en vanaf 1958 op Somerset-Oos. Bedank en werk as klerk vir 'n jaar by "Ons Handelshuis" op Middelburg K.P., maar begin toe 15de Julie 1963 weer by Spoornet werk op Noupoort. Word in 1964 verplaas na Middelburg K.P. en in 1974 na Vereeniging.

Etienne begin en voltooi sy laerskool loopbaan by Risiville L.S., Vereeniging en voltooi matriek in 1992 aan die Hoërskool Drie Riviere. Daarna gaan hy vir ses maande na die Polisie Kollege te Pretoria en werk tans in die speurafdeling van die S.A.P. te Meyerton.

g1 Jean * 20 Junie 1968 te Middelburg K.P.
= 1 September 1968 te Middelburg K.P. deur Ds. A. Olivier
X 16 Januarie 1993 te Vereeniging
Magdalena Catharina van Tonder (Marina)
* 18 Februarie 1969

Was vanaf Gr. 1 - begin st. 3 in Vryheids Monument Laerskool, vanaf st. 3 - st. 5 in Risiville Laerskool. Matrikuleer in 1986 aan Hoërskool Drie Riviere. In st. 5 was hy gekies vir die Transvaalse rugbyspan asook vir die Transvaalse atletiekspan vir gewigstoot. St. 9 was hy prefek en in matriek onderhoof-seun. Ontvang ook aan die einde van dié jaar 'n goue horlosie as toekenning vir die beste leerling. 1987 Begin hy homself bekwaam as geoloog aan die Universiteit van Pretoria. Ontvang dié jaar 'n beurs van Genkor vir die beste geologie student van die jaar. Behaal 1990 sy B.Sc. graad en in 1991 sy Hons. In 1992 het hy sy jaar diensplig voltooi en hy en Marina het die 28 Julie 1991 verloof geraak. Na hul troue gaan vestig hulle hul op Tjikondeni, Venda waar hy vir Yskor werk. Vanaf 30 Junie 1994 stuur Yskor hulle vir drie jaar na Moranbah, Queensland, Australië. Hy doen in die tyd ook vir drie maande lank goeie ondervinding op toe hy in Indonesië aan 'n projek moes gaan werk. Met hul terugkoms word hulle na Thabazimbi gestuur waar hulle tans werk Marina matrikuleer in 1987 aan Hoërskool Drie Riviere. Gaan bekwaam haar sekretarieël by die Pretoriase Technikon vir drie jaar. Werk tot en met hulle troue as die sekretaresse van die hoof van Coin Security. Na hule troue as sekretaresse by Yskor. Het ook die amp in Moranbah beklee en nog steeds op Thabazimbi ook.

d4 Elizabeth Maria (Bettie * 26 September 1881
† 6 Junie 1980
X 31 Desember 1929
Philippus Jacobus Christoffel Jooste (Philip)
* 10 Februarie 1869
† 29 Oktober 1948

e1) Stella Bingle * 23 Desember 1928 te Kaapstad
Elizabeth Maria XX 23 April 1951
Ignatius Jacobus Viljoen (Naas) * 22 Mei 1883
† 14 Maart 1967

Sy was 'n ou kort, klein vroutjie en baie kwaai. Voor haar troue het sy 'n losieshuis op Sterkstroom gehad en sy het ook in haar pa se winkel gewerk vir baie jare. Terwyl sy in die winkel gewerk het, het haar oudste suster se dogter, Nonnie de Beer vir haar die huishouding in die losieshuis behartig. Op 'n keer het iemand in die winkel vir haar hakies en ogies wat nie sou roes nie, kom vra om te koop. Haar antwoord aan die persoon was dat sy nie weet watter roes en watter nie, want haar pa se winkel lek nie dat sy so iets sou kon weet nie.



Elizabeth Maria Bingle (Jooste, Viljoen) c6d4.

Sy het een dag haar susterskind ook net lelik uitgetrap omdat dié haar dan nooit kom besoek nie, want sy het gesê dis 'n skande as 'n mens net dink hoeveel sy nie in haar dae vir haar beteken het nie nl. die feit dat die nag toe die dogter gebore is, sy die vroedvrou moes gaan roep het om haar ma te kom bystaan met die geboorte.
Haar broer Tom se oudste dogter was haar hele lewe lank haar gunsteling. Wanneer daar soms 'n paar van die niggies saam by haar gaan kuier het, moes sy, Ella, altyd by haar tante op die bed slaap sodat daar nie dalk oorkruipers in haar ore sou kruip nie, terwyl

die ander maar op die grondbeddens kon slaap. Oor hulle was sy nooit begaan nie. Ella was dan ook die een wat na haar dood, baie van haar tante se ou goedjies ge-erf het.

In haar jong dae was sy glo die een wat die serfyntjie in die Gereformeerde Kerk, Sterkstroom, Sondae bespeel het. So ver die kennis strek het sy die oudste geword van al die Bingle's nl. 98 jr. 8 mnde en 11 dae.

Gedurende haar 90ste lewensjaar, skryf sy as volg oor watter rol die syfer 9 in haar lewe gespeel het: (18 Februarie 1972)

Dis al die neges wat ek kan onthou wat in my lewe voorgekom het: Dit het blydskap en verdriet gebring. Gebore die 9de maand. Getroud toe ek 49 was met Philip Jooste in 1929. Toe weer met Naas Viljoen getroud toe ek 69 jaar oud was. Een erf van my op Postmasburg se nr. was 69 en een op Sterkstroom was 69. Philip Jooste oorlede 29 Oktober 1948 en gebore 10 Februarie 1869. Hy het 79 jaar oud geword en was 59 toe ons getroud is. My moeder, Elizabeth Maria Bingle, was 29 toe sy oorlede is. My stiefma, Magdalena Johanna Bingle, was 69 toe sy oorlede is. My vader, Johannes Petrus Bingle se begrafnis was die 29ste Maart op die geboortedag van my suster Johansie. Die 9de April is plate van my maag geneem. Ek was 80 jr. en 19dae oud toe ek geopereer is vir galstene. Was 9 dae in die hospitaal. My gewig was 129 lb. Die 19de November is ek weer vir die eerste keer daarna kerk toe.

Lief en leed het ek deurgemaak. My troos was: Ek sal jou nie begewe of verlaat nie al is die nag hoe donker, skyn die lig deur die duister. My genade is vir jou genoeg. Wat 'n troos vir al die beproefde en bedroefde siele. Kom laat ons almal wat beproef en bedroef is, sing: Die Heer is die hart naby wat gans verbroke is en verskeur. Die gees wat diep verslae treur, verlos, bemoedig Hy. Op haar 90ste verjaardag was daar vir haar 'n groot familie byeenkoms gereël by die Voortrekkermonument. Met dieselfde geleentheid staan daar ook o.a. in die Gereformeerde Kerkblad die volgende geskryf: Op negentig jarige leeftyd verlustig sy haar in die lees van die Bybel, in aantekeninge wat sy oor die loop van jare gemaak het by tekste van preke, radiopreke en die môregodsdiens (met 'n kort potloodjie wat aan die Bybel vasgemaak is) en as die Kerkblad die week laat is of nie opdaag nie, dan kry die posdiens die skuld in ondubbelsinnige taal.

e1 Stella Bingle * 23 Desember 1928 te Kaapstad, Verpleegsuster
X 11 Desember 1948
Erwin Gustav Kuschke * 12 November 1924, Motorwerktuigkund.



Pieter Willem Bingle, Hendrik Johannes Jacob Bingle, Albertje Catharina Andria (Coetzee) Bingle, Johannes Petrus Bingle en Jacoba Christoffelina Fredrika (Bingle) Kruger.

f1) Carl Philippus * 12 September 1951
f2) Philip Emil * 17 Desember 1956
f3) Emil Erwin * 14 Julie 1963

Stella was die aangenome dogter van Elizabeth Maria Bingle X Philippus Jacobus Christoffel Jooste. Sy is die dogter van een van haar aangenome moeder se susters-kinders. Het eers tot haar vierde jaar in 'n tehuis in Kaapstad gewoon waar sy gebore was. Afgesien van vele pogings van haar aangenome moeder om haar weer met haar eie moeder te versoen, wou dié niks met die kind van haar te doen hê nie.

f1 Carl Philippus * 12 September 1951
X 22 Desember 1973
Pauline Scheepers * 16 Februarie 1953

g1) Günter Carl * 30 Mei 1980
g2) Dieter * 30 Desember1984; † 31 Desember 1984

f2 Philip Emil * 17 Desember 1956
X 10 Julie 1982
Rosita Schutte * 27 Oktober 1959

f3 Emil Erwin * 14 Julie 1963
X 25 November 1989
Hannie Lamprecht * 15 Februarie 1966

d5 Pieter Willem * 15 Desember 1883
† 8 Maart 1923 te Venterstad
X
Albertje Catharina Andria Coetsee * 16 Oktober 1880
† 1919 te Colesberg

e1) Johannes Petrus * 30 Julie 1908
e2) Johannes Hendrik Jacob * 15 Augustus 1910
e3) Jacoba Christoffelina Fredrika * 6 Maart 1912
e4) Pieter Willem * 1914; † 2 mnde oud.
e5) Christiaan Frederik Beyers * 7 Mei 1915

† 3 Januarie 1928 terwyl hy gedurende die skoolvakansie by sy Coetzee grootouers op Colesberg gekuier het en daar op die huis se dak geklim het, aan elektrise drade gevat het en dood geskok is.

e6) Elizabeth Maria * 11 Januarie 1917
Pieter Willem XX 20 September 1920
Emmerentia Helena Coetsee * 31 Desember 1896;
† 17 Mei 1984
e7) Pieter Willem * 11 Desember 1921
e8) Emmerentia Helena * 3 Oktober 1923.

In die boek wat die Gereformeerde Kerk van Colesberg uitgegee het tydens hul eeufeesvieringe word as volg geskryf:

Sedert 1869 moes die gemeente van Colesberg tevrede wees met 'n konsulents-bediening. 'n Kombinasie-ooreen-koms is met Philippolus aangegaan waarvolgens hulle ingewillig het om £70 by te dra as vir £270 beroep sou word en die predikant dan self die reiskoste daarheen sou moes verhaal. Hierdie nuwe voorstel het byval gevind en daarom is besluit om met die eerskomende nagmaal oor te gaan tot die beroeping van 'n predikant. Die beroepe het nie direk geslaag nie, maar op 8 Februarie 1910 word proponent P.W. Bingle beroep, wat op 26 Maart 1910 in die amp bevestig word.

Sy bedieningstyd was besonder geseënd. Die verhouding tussen predikant, kerkraad en gemeente was kerngesond. Ds. Bingle was 'n gedissiplineerde

konsensieuse mens. Dit is die stempel wat hy op die kerkraad afgedruk het. Die ouderlinge het deeglik toesig gehou oor die gemeente. Daar is nie geskroom om tug toe te pas nie. O.a. moes 'n paar keer opgetree word teen lidmate wat by die Vrymesselaars aangesluit het. Ook die diakens was getrou in die versorging van die armes. Hulle het te doen gehad met dieselfde probleme wat 'n mens vandag nog maar in gemeentes teëkom. Miskien het hulle darem met een uitsonderlike geval te doen gehad t.w. met die broeder wat "de mieliemeel die hem kerkswege gegeven wordt niet gebruikt maar wel weer op de markt verkoopt."

Vir intensiewe bearbeiding is die gemeente reeds in 1913 in agt wyke verdeel. In dieselfde jaar is ook 'n sangvereniging gestig vir verbetering van die gesamentlike sang. Die "Sustershulp" soos die susters in georganiseerde vorm genoem is, het met hulle helpende hand ook nie agterweë gebly nie. So is bv. met hulle hulp in 1917 die staandak op die pastorie gesit en die veranda aangebring.

Die kerkraad het veral nougeset omgesien na die skoolonderrig van armer kinders. Die kerkraad het die opvoeding van die jeug op die hart gedra. Op 3 April 1914 besluit die kerkraad om gereeld een maal 'n jaar Woord en Sakramente te bedien op Noupoort. In Augustus 1914 is die eerste diens aldaar gehou. In hierdie bedieningstyd van Ds. Bingle aldaar het daar belangrike verwikkelinge gekom wat die fondamente gelê het vir 'n latere selfstandige gemeente aldaar. In 1917 is 'n kerkerf aangekoop en in 1919 word bepleit dat meer dienste op Noupoort gehou moet word. In Julie 1919 besluit die kerkraad dus dat daar vier keer per jaar Woord en Sakramente in een van die skoolsale bedien sal word en dat daar ook gereeld katkisasieklasse gehou sal word. Weens ongenoemde omstandighede is die dienste in April 1920 weer verminder tot twee per jaar. In die tussentyd het die NG kerkraad hulle kerkgebou vir die dienste aangebied waarvan dankbaar gebruik gemaak is. Aanvanklik is in die gemeente van Colesberg gebruik gemaak van 'n "Muziek." In September 1916 besluit die kerkraad dat die musiek, "wegens valsheid" nie meer bespeel sal word nie en dat die aankoop van 'n nuwe muziek voor die gemeente gelê word. In 1917 is 'n orrelfonds in die lewe geroep. Die fonds het maar stadig gegroei. In Junie1920 kry die fonds 'n skielike stoot toe een van die susters van die gemeente vir hulle 'n lening van £600 aanbied teen 4% rente. In Januarie 1922 is die orrel, 'n voortreflike instrument, in gebruik geneem. Dit is dieselfde orrel, later gemoderniseer, wat vandag nog in Colesberg gebruik word. Uit die kerkraadnotule is dit duidelik dat Ds. Bingle met groot seën in die gemeente gearbei het. Die verhouding tussen hom en die kerkraad en gemeente was besonder liefdevol. Hy, met sy gesin, is goed versorg.

Blykbaar was sy gesondheidstoestand nie wel nie. Hy het twee maal van die kerkraad siekteverlof ontvang. Vir so 'n jong predikant is dit nogal opvallend.

In 1919 het 'n droewige slag hom met sy vyf kinders getref toe Mevr. Bingle aan griep oorlede is. Dat sy 'n besondere plek in die hart van die gemeente ingeneem het blyk uit die besluit van die kerkraad om haar begrafnisonkoste te vereffen en ook 'n steen op haar graf te laat sit, soos die notule dit stel, "uit liefde en agting vir Ds. Bingle en sy ontslape eggenote."

In Maart 1920 ontvang hy 'n beroep na Ladybrand-Ficksburg wat hy bedank. Die kerkraad het met dank hiervan kennis geneem en hom verseker van hulle hartlike samewerking. Op 8 Julie 1921 neem hy egter afskeid van die kerkraad en gemeente nadat hy 'n beroep na Venterstad aanvaar het. Sy elfjarige bedieningstyd was vir die gemeente besonder geseënd. Met droefheid is in 1923 kennis geneem van sy afsterwe te Venterstad.

(Hy is oorlede a.g.v.'n gebarste blindederm.)

e1 Johannes Petrus * 30 Julie 1908, Professor
† 11 Maart 1998 te Pretoria
X
Salome Postma * 18 Junie 1906
† 15 November 1990 te Pretoria

- f1) Pieter Willem * 4 Junie 1939
- f2) Margaretha Jacoba * 1 Maart 1941
- f3) Albertje Catharina Andria * 31 Oktober 1943
- f4) Ferdinand Postma * 4 Mei 1947
- f5) Johannes Petrus * 13 Januarie 1951
- f6) Salome * 5 Junie 1958

f1 Pieter Willem * 4 Junie 1939, Predikant
X
Hester Marianne Stigling * 14 Mei 1939, Onderwys

- g1) Danietta * 6 Oktober 1966
- g2) Salome * 28 Maart 1969
- g3) Marianne * 1 Desember 1971
- g4) Johanci Petri * 20 Februarie 1973

g1 Daniette * 6 Oktober 1966, Verpleegsuster
X
Burger

f2 Margaretha Jacoba * 1 Maart 1941, Onderwys
X
Johannes Petrus Coetzee * 27 Junie 1931, Predikant

g1) Salome * 20 Desember 1964
g2) Hester Aletta * 11 Oktober 1966
g3) Margaretha * 10 September 1970
g4) Francina * 30 Augustus 1973

f3 Albertje Catharina Andria * 31 Oktober 1943, Onderwys
X
George Derek de Villiers * 1 Desember 1947, Dir. Master Tread

g1) René * 9 April 1973
g2) Carl Pierre * 20 Junie 1974
g3) Audrey * 19 September 1976
g4) Louis Bingle * 13 April 1978

f4 Ferdinand Postma * 4 Mei 1947, Veearts
X
Hester Jacomina van Jaarsveld * 18 September 1948

g1) Maria Magdalena * 22 Junie 1972
g2) Johannes Petrus * 15 Oktober 1974
g3) Salome * 9 Mei 1977
g4) Jacob Jan Hendrik * 16 Mei 1982

f5 Johannes Petrus * 13 Januarie 1951, Predikant
X
Elizabeth Margaretha du Plessis * 30 November 1950

g1) Johannes Petrus * 28 Maart 1977

f6) Salome * 5 Junie 1958, Onderwys
X
Stephanus Buys * 9 Maart 1958, Argitek

g1) Stephanus * 17 Maart 1983
g2) Johannes Petrus * 13 Februarie 1985
g3) Salome * 30 September 1987

e2 Hendrik Johannes Jacob * 15 Augustus 1910, Professor
†
X 1936
Anna Susanna de Klerk *
† 29 Maart 1981

f1) Anna Susanna * 18 Augustus 1937
f2) Pieter Willem * 4 April 1941
f3) Albertje Andrea (Bettie) * 29 April 1946, S.A.W.

Oom Hennie skryf as volg aan my op 25 Augustus 1995:

Breë besonderhede oor my lewe: Hendrik Johannes Jacob Bingle * 15 Augustus 1910 op Colesberg as die tweede seun van Ds. P.W. Bingle en Mevr. A.C.A. Bingle (Coetsee). Verloor my moeder 1919 griepepidemie toe ek 9 jaar oud was en my vader in 1923 toe ek 12 jaar oud was. My stiefmoeder, my eie niggie, wat net soveel ouer as ek was as wat haar dogter jonger as ek was. Moeilike lewe, maar sy het gegee sonder om te vra of te verwyt, net so goed as wat enige eie moeder dit kon doen. Matrikuleer uit die Paul Kruger Hoërskool, Steynsburg in 1927. Univer-sitêre studie alles P.U.K.

1930 B.A. Graad
1931 U.O.D. (Onderwysdiploma)
1934 M.Ed. (Onderskeiding)
1940 D.Phil. (Doktorsgraad in Opvoedkunde)

Gee onderwys vanaf 1932 te Steynsburg, Vryburg, Johannesburg (Normaalkollege), Messina, Germiston, Johannesburg Helpmekaar Hoërskool 13 jaar.

1945 Dosent aan die P.U.K. vir C.H.O.
1950 Professor
1951 Dekaan
1953 Ondervoorsitter van die Senaat (Later genoem Adjunk Rektor)
1963 Rektor tot 1976
1981 - 1991 Kanselier

Van af 1976 het ek geboer op die Transvaalse Hoëveld naby Dullstroom tot 1981 toe my vrou my ontval het op 29 April 1981. Die verjaardag van my dogter Bettie. In dieselfde jaar verhuis ek na Pretoria waar ek en Bettie nou nog woon. As sekretaris van die kommitee wat die selfstandigwording van die P.U. gehanteer het, het ek 'n

verrykende lewenservaring in die Universiteitswese van ons land in geheel ervaar. Daardeur het ek die voorreg gehad om later as lid van 'n regeringskommissie oor die Universi-teitswese in ons land te ondersoek.

Toekennings:
1980 Eredoktorsgraad van die P.U.vir C,H.O. D.Ed.
1980 Dekorasie voortreflike diens van die Staatspresident D.V.D.- letters wat agter die naam geskryf word - dis die hoogste burgerlike toekenning van die staat.
1969 Van die stadsraad van Potchefstroom: die vryheid van die stad.
1991 Ex Gratia toe-kenning vir wat ek vir onderwys in Potchef-stroom gedoen het.
1976 Totius Penning van die Kultuurliggaam van Potchef-stroom. Oorkondes van die Universiteit i.v.m. Internasionale Politiek en as Kanselier. Ek was stig-ter van die Vaaldrie-hoekse Kampus van die P.U. vir C.H.O.

Dienste:
Vir jare lank het ek die katkisasie-lesblad van die hele Gereformeerde Kerk opgestel.
Vir jare lid van die Interkerklike Kommitee vir Onderwys van die drie Afrikaanse kerke.



Prof. Dr. H. J. J. Bingle

Eers ondervoorsitter en voorsitter van die landswye Nasionale Onderwysraad - regeringsbenoeming. In hierdie hoedanigheid het ek ‘n aandeel gehad aan die wetgewing vir die tot standkoming van die Raad asook oor die Nasionale Onderwysbeleid.
Lid van kommitee van ondersoek na die Universiteitswese.
Lid van die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
Hoofeksaminator vir matriek Afrikaanse Letterkunde vir die jare 1945 -1947.
Raadslid van die volgende universiteite vir korter en langer tydperke: Unisa, R.A.U. Tnsfloop, Indiër Universiteit.
In 1965 onderneem ek 'n wêreldtoer na die V.S.A., Japan, Hawaii, Teheran, Griekeland, Italië, Frankryk en Engeland waarna ek 'n rapport aan die P.U. vir C.H.O. uitgebring het wat die beleid i.v.m. die uitbreiding van die Universiteit vir 15 jaar verder bepaal en daarmee die grondslag gelê het wat dit vandag nog is.

Algemeen:
Na my vrou se dood het ek onverpoosd houtwerk gedoen met handgereedskap sonder kragaangedrewe gereedskap. Ek teken niks, skryf geen mate op nie, onthou alles en werk elke dag omtrent 8 uur lank en is nou reeds 85 jaar oud.

Nageslag:
Anna Susanna 1937
Pieter Willem 1941
Albertje Andrea 1946

Kleinkinders:
3 seuns en 2 dogters

Agterkleinkinders:
2 dogters

'n MAN SOOS OOM HENNIE BINGLE huldewoord en heildronk by geleentheid van die tagtigste verjaardagviering van PROF. HENNIE BINGLE (Geb. 15/8/1910, Colesberg)

Dit is vir my 'n besondere en unieke eer om by geleentheid van die tagtigste verjaardagherdenking van 'n man soos oom Hennie Bingle die heildronk te mag instel. Dit is inderdaad 'n voorreg om by wyse van 'n huldeblyk eresaluut te bring aan so 'n merkwaardige man wat op my lewe - en ek weet, op die lewe van baie ander ook -'n besondere en blywende indruk gemaak het. My aller hartlikste dank aan die kinders - Ansa, Pieter en Bettie - vir die uitnodiging en voorreg wat my beskore is.

Vriende en familie, vergun my om die 'teks`van die aan - dit is nou oom Hennie - eers in konteks te plaas.

Hinterland
Kragtens geboorte is die mens in 'n horisontale verbondenheid verweef in 'n kunstig ontwerpte patroon. Daarvan kan geen mens ontrafel of ontkoppel word nie. Daarom moet 'n mens ook teen sy agtergrond gesien word - sy stamlyn, sy bloedlyn en sy verbondslyn .... sy hinterland.

Oom Hennie is 'n kind van die Karoo: wêreld van randjies en klowe, kranse en strome, van vleiland en saailand, gannabos en Karoobos, skaap en bees en wildsbok, van engtes en ruimtes.....

Die kenmerkende van die mense van daardie geweste en pioniers-gees is:

* hulle eie identiteit, idioom en idiolek;
* hulle konstante en volhardende stryd twv.oorlewing;
* mense wat hulle nie van stryk laat bring nie;
* mense wat weet wat hulle wil en...'n sterk wil daarby;
* mense met 'n selfstandigheids - en onafhanklikheidsin.
* Maar by die konteks van ons teks kom nog iets by. Ek noem dit: "....if not the brain, at all events the backbone...."

In sy proefskrif oor "Die Doppers in Suid-Afrika" verwys prof. Bouke Spoelstra na 'n opmerking van prof. John Murray wat in 1877 voor 'n akademiese gehoor oor die "Dopper" gesê het dat antropoloë en filosowe wat 'n studie van die Afrikanervolk wil maak, ongetwyfeld sal moet kennis neem van "those who are in a great measure to be, if not the brain, at all events the backbone of the nation that is being formed in South Africa ... "Dit is inderdaad 'n gewigte uitspraak. Daarmee het hy bedoel dat die 'doppersout` in die volksontwikkeling is net so belangrik as lig uit die biblioteke en universiteite. Daarom moet selfs die grofste sout reg gewaardeer word, waar dit ookal aangetref word.

Die Bingle-geslag is sterk Gereformeerde Kerk verankerde en verbonde mense wat onder meer behels:die primaat van die grondwaarhede en beginsels van die Woord van God, die gereformeerde belydenis, die nie-demonstratiewe en sober styl van aanbidding sonder allerlei seremoniële foefies en formaliteite.

Dink 'n mens na oor die lewe van 'n kleurryke man en van die statuur soos oom Hennie, dan was en is hy in sy tyd - getrou aan sy herkoms - 'n man van "brain and Backbone." Hy was in sy aktiewe diensjare (en vandag nog) met sy dinamiese pioniersgees een van die meningvormers op talle terreine in die volks- en die openbare lewe. 'n Man van integriteit - - en integriteit dra 'n mens ver!

Dit verg geen verbeelding of vindingrykheid om hierdie karakter-trekke in oom Hennie raak te sien nie.

* Maar daar kom nog iets by:
Hierdie wesenseienskappe is verder sterker ontwikkel en in 'n meerdere of mindere mate geaksentueer by al die kinders van die huisgesin waarvan oom Hennie die tweede oudste kind is. Hulle ouers het hulle baie vroeg in hulle lewe ontval. My pa wat die oudste van die gesin van, toe vyf kinders, is 9 later 7 na my oupa se tweede huwelik), was maar elf toe hulle moeder (1919-griep) en 15 toe hulle vader (1923) oorlede is - wyle ds. Pieter en Mevr. Bettie Bingle. Dus vroeg in hulle lewe moes hulle selfstandig (en met min) as't ware hulle pad deur die lewe oopveg en hulle man staan. My pa het al dikwels aan my gesê dat dit deels verklaar waarom hulle so 'n vegtersgees het.

'n Skrifwoord kom my in die gedagte; "..dat julle bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus." (1 Petrus 1:6-7)

Teen die agtergrond van genoemde feite is oom Hennie, soos ook die ander kinders van die gesin, gevorm, geskool en gestaal vir die lewe. Ek was uiteraard nie getuie van die droewige en hartseer kinderdae van beproewing en rousmart wat daardie pastoriekinders deurgegaan en deurgely het nie. Wie nie self in daardie omstandighede is of was nie, kan nie naasteby 'n begrip vorm van wat dit op die kindergemoed moes gemaak het nie. My pa vertel hoe dat hy en oom Hennie meer as een keer vir mekaar in daardie dae gesê het: "nou is ons met die rug teen die muur." Ons wat egter bevoorreg is (en was) om later op hulle lewenspad te kon kom (deur geboorte, huwelik of vriendskap) is wel getuie daarvan dat hulle nie gaan lê het nie, maar moedig die toekoms tegemoet gegaan het.

Vanuit die vertikale geloofsperspektief moes hulle ongetwyfeld veel genade van hulle Hemelse Vader ontvang het. Vanuit die horisontale perspektief, dus, na die mens gesproke, bring ek hulde en ere-saluut aan daardie pastoriekinders, by name:

Hansie, Hennie, wyle Jacoba (Kruger, 1987 oorl.) wyle Beyers (in 1928 oorlede op 12 jarige ouderdom), Bettie (Bornman), Pieter en wyle Emmerentia (Erasmus, 1965 oorl).

Profieltekening:
Wie 'n profieltekening van 'n man soos oom Hennie wil gee, sal die laaste woord moeilik gesê kry, want oom Hennie het soveel kante (soos 'n diamant) en elke kant skitter. Oom Hennie is hierin lewensgetrou. Ek bedoel daarmee: hy is soos die lewe

en soos die waarheid in dié sin dat die lewe en die waarheid hom nie in 'n enkele definisie laat vasvang of vasverf nie. Allermins ook nie oom Hennie nie!

Ek gee maar so paar potlood sketstekeninge en u moet maar self vanuit u ervarings- en verwysingsraamwerk in u gedagtes verder byteken. Ek het so bietjie huiswerk en bronnestudie vir hierdie huldeblyk gedoen. Ek het verskeie mense gevra wat hulle by dié geleentheid sou sê. Dit lui soos 'n boeiende roman. Dit klink of oom Hennie 'n legende in sy eie tyd is.

Ek stel 'n paar aan die woord:

My pa (Hansie): Oom Hennie kan vinnig die kern van 'n saak insien en dit dan uitlig. Hy is en was van kleintyd af 'n vegter vir sy saak, want hy glo in sy saak. Daar is min dinge waarvoor hy gestuit het. Om te kompeteer - met homself en met ander - is in sy aard. Sedert sy prille jeug het hy van kompetisie gehou en oud en jonk aangedurf. In Colesberg se swembad en plaasdamme was hy altyd die wenner swemmer; ook in stoktrek. Net die beste is vir hom goed genoeg. Met sy ontvange talente het hy altyd hoër staanplekke negestreef en watter hoë hoogtes het hy nie bereik nie! Teenoor tant Santjie het hy met die grootste respek en eerbaarheid opgetree.

Staatspresident FW en Mevr. Marike de Klerk:

Briljante persoonlikheid met 'n reuse verstand. 'n Opvoedkundige en onderwysman van formaat en statuur. 'n Mens wat kan motiveer en inspireer. Vir (wyle) tant Santjie het hy, soos 'n heer, as 'n edele dame geag.

Prof.Jan van der Walt (Potchefstroom):

Daar is min mense vir wie ek so 'n hoë agting het. 'n Sterk-sterk leier .... so sterk dat as oom Hennie nog net begin aanspreek - hy hy het nog net begin vat aan 'n mens - dan vou en lê die een al. En tog, 'n mens met deernis en bewoënheid. Vir sy vrou, tant Santjie, het oom Hennie altyd met die hoogste agting en respek as 'n dame en edel vrou bejeën.

Prof.Tjaart van der Walt (Pretoria):

Kenmerkend van oom Hennie is sy jeugdigheid van gees. Hy bly by met die tyd. Nie dood bang vir die toekoms nie, maar leef vir die toekoms. 'n Doenmens en nie net 'n debatteerder nie. Uitstekende geleentheidspreker waarin hy altyd iets vir die hoorder gee om oor na te dink. Die aflosstok as rektor het hy met groot grasie aan my aangegee en so ook aan die volgende geslag. En oor tant Santjie hoor ek hom nog sê sy was 'n dame."

Dr.Henry Stone (Pretoria):

'n Onderwysman en opvoedkundige van formaat wat in die opsig Suid-Afrika op die wêreldkaart geplaas het. Sy publikasies is tot besondere verryking van die opvoedkunde. Hy sal veral as onder-wysman onthou word.

Prof.Hennie Viljoen (Stellenbosch):

Kom die tyd, kom die man! En wat 'n man! Oom Hennie was 'n rektor wat die 'Sturm und Drang' van die 'uitbreek' van die PU vir CHO na groot hoogtes en wyer horisonne, in sy termyn moes verduur. In sy tyd was daar 'n fenominale toename in studente en sillabusse. 'n Opvoedkundige van formaat.

Tant Bettie Bornman (Carletonville):

'n Man met 'n sterk wil en blou oë wat 'n bars kan kyk. 'n Man wat sy man kan staan.

Oom Pieter Bingle (Pretoria):

Man met besondere skerpsinnigheid en 'n vlugge verstand. Hy vat nie nonsens nie.

Oom Nicolaas Kruger (Venterstad/Pretoria):

'n Man wat die perfekte in sy lewe nagestreef het en wat glo aan sy saak en in sy Hemelse Vader.

Abraham Kruger (Colesberg):

Skerpsinnig en altyd byderwets in sy denke, ook in sy ouderdom. Oom Hennie bly by. Oom Hennie het 'n besondere vermoë om altyd in die kol te wees. Hierin is hy merkwaardig, want dit kan in die reël nie van die meeste mense in hulle ouderdom gesê word nie. Hy is beslis nie 'n gemiddelde nie, maar 'n bo-gemiddelde mens.

Bingle Kruger (Pretoria):

'n Man wat met min (en 'n agterstand) begin het en besonder baie bereik en vermag het. 'n Merkwaardige mens en sterk persoonlikheid.

Marianne Bingle (Kaapstad):

Dit was altyd elke keer 'n fees om oom Hennie se klasse by te woon. 'n Dosent by uitnemendheid! 'n Mens wat respek afdwing.

Met dit alles gesê kan ons nou die 'oom Hennie-portret' voltooi.

So sal ek hom onthou:

* 'n Man soos oom Hennie Bingle is man van hoof, hart en hand; 'n rondom mooi mens.
* Man met wysheid. In al die opsigte van hoof, hart en hand, ryklik begaafd en begenadig deur sy Skeper. Skerp intellek, maar meer as intellek - ook wysheid en insig. 'n Aanvoeling vir die meerkantigheid van die waarheid. Sprankelend en verfrissend in denke met 'n oop gemoed vir vernuwing. Met wysheid kind van sy tyd.
* Man met visie in sy missie. Ons sal oom Hennie onthou as 'n mens met visie in die beoefening van sy missie. Skeppende mens en verbeeldingryke denker in die vervulling van sy pligstaat as 'n roeping.
* Man van mikroskoop en makroskoop. Ons sal oom Hennie onthou as 'n fyn mikroskopiese waarnemer van die besonderhede en klein dingetjies van die lewe, maar ook as die man wat met makroskoop en wyehoeklens eietydse verkenner kon wees. Daarom kan hy so kundig en skerpsinnig die verbande en perspektiewe tussen die deel en geheel lê.
* Man van die woord. Ons sal oom Hennie onthou as 'n fyn en skerp formuleerder – man van die raak woord. Dink maar aan sy helder en altyd prinsipieël gefundeerde geleentheidstoesprake. Sy saak stel hy met groot oortuiging en geloofwaardigheid.
* Man van daad. Maar dit bly nie by praat nie. Ook man van die daad. Méér as 'n rolspeler - 'n hoofrolspeler. Waar oom Hennie op die toneel is, gebeur daar iets, dikwels in die oortreffende trap. Daarom is hy nie 'n vervelige mens nie. (Vervelige mense is skuldig aan oortreding van die 'elfde' gebod.)
* Man van leierskap. Ons sal oom Hennie onthou as man van leierskap - 'n leier van formaat ....! wat nie geskroom het om in die riskante openheid van blootstelling te gaan staan nie.
* Man van kunste. Ons sal oom Hennie onthou as 'n kunstenaar in eie reg. 'n Man wat die kuns ken. Oom Hennie weet hoe. Getuie daarvan sy baie fisiese skepping; sy handvaardigheid, sy vergestalting in sy met-eie-hand-gemaakte (sonder maat of perke) eksklusiewe meubels. Met hout kan hy speel en liries gesels - soveel so dat sy gereedskap amper besielde wesens word, want oom Hennie gee sy gereedskap name. So is daar 'Hendrik afstand' en (ek dink) 'Boetie vasvat'.

Oom Hennie is ook skeppende kunstenaar in die geestelike en Christelike waar Desember. Getuie daarvan talle monumente op professionele gebied in 'n kleurvolle loopbaan. Vormgewer aan die Christelik-nasionale gedagte in onderwyswetgewing; vormgewer aan onderwys-sillabusse (Bv. leerplan in Bybelkunde). Knap administratiewe en organisatoriese inisieerder en vormgewer.
* Man van die realisties-gekeurde middelposisie. Ons sal oom Hennie onthou as gebalanseerde mens met 'n nugtere realisme wie se lewe tussen twee uiterstes deur

gestuur het: enersyds wêreldontvlugting en wêreldvermyding wat die wêreld eenvoudig aanvaar en laat soos hy is en andersyds verwêreldliking wat met revolusie en radikalisme die heil eiehandig wil verwesenlik. Man van die realistie-gekeurde middelposisie.

* Man van humor. Ons sal oom Hennie onthou vir sy fyn humor. Hy kan die komiese oomblik raaksien en terdeë uitbuit. Hy kan ook vir homself lekker lag. Ander moet ook dikwels onder sy tergende humor deurloop. Selfs sy Ouboet moes dikwels verleë staan as oom Hennie eers op sy stukke is. Met sy humor het oom Hennie 'n belangrike wysheid van die lewe gesnap, want humor relativeer en laat ventileer. 'n Mens met humor is nie fanaties nie. Heilige humor relativeer dinge omdat dit alles in die lig van die ewigheid sien en niks van die tydelike dood-ernstige neem nie. Hy weet; ook dit sal verby gaan. Ons moet tog nie dink die duiwel is opgeruimd nie. Nee, hy is doodernstig. "Angels can fly because they can take themselves lightly. The devil fell because of his force of gravity. "(Chesterton)
* Man van geloof. En nou moet die 'Oom Hennie-portret' geraam word. Wat raam en omraam al die genoemde eienskappe - wat kwaliteite is - van 'n man soos oom Hennie Bingle? Geloof! Daar is sy geloof in sy saak,ja! Maar daar is ook, en veral, sy geloof in die Drieënige God.
* Dit normeer en fundeer sy lewe.
* Dit laat hom sy lewe as roeping beleef.
* Dit dra hom deur die lewe en deur die hartseer van beproewinge. Hartstogtelik bewoëen verleë kan hy buig voor die almag van God in situasies wat buite sy beheer en verantwoordelikheid is.
* Dit laat hom sy beperkinge ken,want ook hy is nie volmaak nie. En dit bely hy, want sê oom Hennie aan my (Woensdag, 15 Augustus 1990) "Ek is verleë by die aanhoor van al die mooi woorde vandag. Ek het altyd aan die ontvangskant gestaan. Wat het ek wat ek nie ontvang het nie?" En nou, aan die God van die verbond en Sy genade dra kinders, kleinkinders, familie en 'n skare van vriende oom Hennie biddend op. Mag by teruskouing op die afgelegde pad van tagtig jaar, die vreugde en lewensvervulling oom Hennie se deel wees! Mag in hede-skouing. Oom Hennie die gunsryke nabyheid van die Here, dag na dag, ryklik ervaar - soos elke dag, jaar na jaar - al die tagtig jaar! Mag by vooruitskouing in die geloof die winkende toekoms van die ewige Vaderhuis oom Hennie steeds motiveer en inspireer om as dankbare kind van God die verdere lewenspad af te lê en om eenmaal die wenstreep te bereik ... wanneer die oorwinnaarskroon, die lewe by God, aan u gegee word! (2 Tim.4:7). Mag oom Hennie dan hoor: "Mooi so, Hennie, goeie en getroue dienskneg. Gaan in die vreugde van jou Here!" Mag God, geliefde Oom Hennie, u ryklik seën op die toekoms lewensroete van uitsig en vergesig, van toekomshoop en ewige lewe!

Tagtig is magtig, en wragtig, pragtig!

Pieter Bingle 17 Augustus 1990

Kaapstad Pretoria

PORTRET VAN 'n MAN geskryf deur P.W. Buys:

Colesberg, Steynsburg, Venterstad - sy bakermat
Karookind hy, in murg en been!
Iets van die sondeurdrenkte land
is in sy wese ingebrand.
Ruimte van die vlaktes
het hom ruim van gees gemaak.

Soepel lyne van die veld
maar ook die skerp kwadrant
en hoekigheid van berg en rant,
geometries fyn gebalanseer,
is in sy denke en woorde vasgevang.
Soos sonlig oor die weidse land,
die lig van God se Woord wat hom omstraal.
Waar skyn die fyn borduurwerk
van sterre blinker in die nag
as in die suiwer lug van die Karoo?
- koersvastheid van die sterre op hul baan
is deel van sy bestaan.
Gehardheid van die gannastruik,
weerstand van die taai olien,
volharding van die besembos - dis hy!
Jy moes hom in sy somersdae sien
wanneer die waarheid of die reg gekrenk is
- onweerstorm oor die Karoo...
dan slaan die hamer van die weerlig
majesteitlik op die aambeeld van die rante
totdat die lug gesuiwer is.
Hoe groot is Gods genade oor hom;
'n leeftyd lank het Hy getrou
gewer, gebou, beplan, gestig
en IN U LIG
gelei, gerig.
Toe het die herfs gekom,
Ouer, ryper, meer beleë,
deur smart gelouter
toe hy alleen moes agterbly;
die mildheid van 'n sagte,
langverwagte najaarsreën oor die Karoo.

Op tagtig nou,
die kruin versier met wintersneeu.
Maar hoopvol, fris en fier
straal uit die oë van die kanselier nog steeds
die hemelsblou van die Karoo.

e3 Jacoba Christoffelina Fredrika * 6 Augustus 1912
† 17 Maart 1987
X
Nicolaas Kruger * 16 Oktober 1907, Boer
† 30 Mei 1996

f1) Abraham Stefanus * 30 April 1935
f2) Pieter Willem Bingle * 3 Augustus 1937
f3) Albertje Catharina * 24 Augustus 1941
f4) Alida Johanna * 10 Oktober 1945

f1 Abraham Stefanus * 30 April 1935
X
Magdalena Steenkamp * 8 Julie 1940

g1) Maria * 2 Julie 1963, Onderwys

g2) Jacoba * 31 Desember 1964,
Verpleegsuster
X
Ouditeur
g3) Magdalena * Fisioterapeut
X
g4) Catharina *
g5) Alida * Maatskapl. Werks.

f2 Pieter Willem Bingle * 3 Augustus 1937, Ingenieur
X
Erna Labuschagne * 10 November 1939, Musiek Onderw.

g1) Esther * 13 Augustus 1964, Onderwys
X
Louis Cloete * Argitek

g2) Nicolaas * 8 Desember 1965, Aktuaris
X
Elizabeth Stegman * Geneesheer
g3) Gert * 4 Mei 1973

f3 Albertje Catharina (Rina) * 24 Augustus 1941, Onderwys
X
Adriaan Wiechers * 14 Oktober 1937, Chemiese Kons.

g1) Jacoba * 1 Mei 1972, Kliniese sielkundige
g2) Adriana * 7 Augustus 1973, Verpleegsuster
g3) Nicoleen * 2 Mei 1980

f4 Alida Johanna * 10 Oktober 1945, Onderwys
X
Roelf Stenekamp * 14 Januarie 1949, Landmeter

g1) Jacoba * 8 September 1976
g2) Kobus * 24 Januarie 1979
g3) Nicolaas * 13 Julie 1983

e6 Elizabeth Maria (Bettie) * 11 Junie 1917
†
X
Andries Nicolaas Bornman * 15 Maart 1912
† 21 November 1982

f1) Albertje Catharina Andria * 29 Junie 1945
f2) Andries Nicolaas * 31 Augustus 1948

f1 Albertje Catharina Andria * 29 Junie 1945, Onderwys
X
Francois Christoffel Fouche * 26 Junie 1945, Skeikundige

g1) Elmarie * 3 November 1970
g2) Francois * 15 Maart 1974

f2 Andries Nicolaas * 31 Augustus 1948, Ou Mutual
X
Ann Mary Roach * 14 Desember 1949, Dosent

g1) Petri * 28 Augustus 1970
g2) Andri * 11 Junie 1977

e7 Pieter Willem * 11 Desember 1921, Professor
† 17 Augustus 1990 te Pretoria
X
Elizabeth Magdalena (Bessie) Potgieter * 8 Oktober 1925
† 23 November 1956 (Polio)

f1) Pieter Willem (PW) * 5 Oktober 1954
f2) Elizabeth Magdalena (Elbie) * 18 Oktober 1956
Pieter Willem XX 10 Desember 1960
Anna Maria Minnaar * 3 Julie 1920
† Augustus 1998
f3) Anna Maria * 6 Augustus 1962
f4) Emmerentia Helena * 25 Julie 1964

f3 Anna Maria (Anneke) * 6 Augustus 1962, Naaldwerkster
X 26 November 1986
Christian Stephanus Cilliers * 8 Mei 1961, Pers. Bestuurder

g1) Willem Jacobus * 19 Julie 1988
g2) Anna Maria (Anneri) * 23 Junie 1990
g3) Anna Maria Elizabeth (Elmari) * 14 April 1994

f4 Emmerentia Helena (Tialeen) * 25 Julie 1964, Onderwys
X 5 Oktober 1991
Sarel Petrus Venter * 4 Februarie 1961, Predikant

e8 Emmerentia Helena * 3 Oktober 1923, Onderwys
† 22 April 1965 (Keelkanker)
X
Daniël Elardus Erasmus * 23 Oktober 1922, Skoolhoof

f1) Emmerentia Helena Elardus (Elarda) * 7 Mei 1953, Onderwys
X
Jan Jacobus Wondergem * 18 Maart 1952, Onderwys

g1) Daniël Wybrand * 16 Januarie 1982
g2) Emmerentia Helena * 7 Januarie 1984
g3) Johanna Christina * 6 Februarie 1987

d6 Johansie Petronella Aletta(Hansie) * 29 Maart 1886, Onderwys
† 6 Januarie 1960 te Indwe
X 31 Desember 1917
Willem Pieter Jacobus Pretorius * 18 Desember 1867
† 9 Desember 1955 te Indwe

e1) Louis Botha * 24 Oktober 1919

Sy was 'n dierbare saggeaarde ou mensie. Klein van postuur. Hulle het maar baie swaar gekry, want hulle was baie behoeftig gewees. Sy het net niks van die maand "Maart" gehou nie. Het altyd geglo dat dit niks goed inhou vir haar familie nie. Seker maar vanweë die feit dat albei haar ouers gedurende Maart oorlede is. Sy was die peetmoeder van haar ouer suster se seun, Alwyn Vorster.

e1 Louis Botha * 24 Oktober 1919
X
Johanna Herculina Buys * 18 Oktober 1921 (Stiefdogter van c6d7e4)

f1) Jacoba Elizabeth * 23 Julie 1942
f2) Willem Pieter Jacobus * 28 Maart 1944
f3) Louis Johannes * 17 April 1945
f4) Johansie Petronella Aletta * 30 Maart 1947
f5) Gerda * 5 Oktober 1948
f6) Irma * 25 April 1955
f7) Marinda * 27 Maart 1957
f8) Christina * 31 Augustus 1961

f1 Jacoba Elizabeth (Kotie) * 23 Julie 1942
X
Petrus Renier Groenewald * 29 Maart 1937

g1) Sonja * 5 Junie 1962
g2) Elmarie * 5 Januarie 1972

g1 Sonja * 5 Junie 1962
X
Henrie Smith *

h1) Nikki * 20 Februarie 1986
h2) Jason * 30 Mei 1988

f2 Willem Pieter Jacobus * 28 Maart 1944
X
Susanna Josina Ferreira * 18 Junie 1951

f3 Louis Johannes * 17 April 1945
X
Gertruida Margaretha van Heerden * 1 Desember 1951

g1) Louis Botha * 18 Maart 1980
g2) Ronelle * 27 Oktober 1985

f4 Johansie Petronella Aletta (Takkie) * 30 Maart 1947
X
Benrie Hugo Brewis * 13 April 1947

g1) André Hugo * 8 Desember 1971
g2) Louis Hugo * 7 September 1982

f5 Gerda * 5 Oktober 1948
X
Johannes Matthys Smith * 4 Junie 1949
(Geskei)

g1) Johannes Matthys * 11 Desember 1973
g2) Jacquelene * 29 Desember 1974
g3) Nicolene * 29 Desember 1974
Gerda XX
Johannes Francois Jansen * 15 Augustus 1949
g4) Johannes Francois * 10 Augustus 1983



Thomas Christiaan Bingle (c6d7).

f6 Irma * 25 April 1955
X
Gerhard Rautenbach * 18 Julie 1958

g1) Gerhard * 6 Desember 1985

d7 Thomas Christiaan * 14 Maart 1891
† 25 Julie 1958
X 31 Augustus 1914
Cecilia Gerbrechta van Heerden * 31 Augustus 1896

e1) Elsie Johanna * 11 Januarie 1916
e2) Magdalena Johanna * 14 Mei 1917
e3) Cecilia Gerbrechta * 30 November 1918
e4) Christina Susanna * 29 Januarie 1921
e5) Dorothea Maria * 25 Januarie 1924
e6) Johannes Petrus * 9 November 1925
e7) Izak Johannes Benjamin * 26 Desember 1931



Agter: Elsie Johanna, Magdalena Johanna, Cecilia Gerbrechta. Middel: Christina Susanna, Thomas Christiaan, Cecilia Gerbrechta (van Heerden), Dorothea Maria. Voor: Johannes Petrus

Sy dogter Dolly Zietsman skryf as volg op 22/3/1992: My pa het 'n pragtige handskrif gehad. Hy skryf op 9/7/1932 aan sy suster Bettie en eindig die brief: "Ek wens ek maar alleen was om swaar te kry." Geld was skaars in daardie tyd en ons was sewe kinders. Op 31/10/1950 skryf hy weer aan haar oor die kwaai droogte. My pa het ongeveer twee jaar op 'n plaas digby Flinksfontein, Sterkstroom (die ou familieplaas) geboer en dit "Fac et Spera" gedoop. Toe my pa Sterkstroom verlaat het in Oktober 1923, het hy die meule op Dordrecht gekoop - "Duo Roller Flour Mill", het dit geheet. ('n Ambag wat hy blykbaar van sy pa geleer het, want dié het ook 'n meule op sy plaas gehad.) Maalgeld was 3/6 (35c) per sak. 'n Seker oom Faan van Heerden het op 'n keer 2 sakke laat maal en toe hy die meel kom haal, het hy vir my pa gesê hy het nie die 7/- (70c) om die maalgeld te betaal nie, maar hy sou die volgende dag (Saterdag) weer dorp toe kom vir nagmaal dan bring hy vir hom 'n slagskaap saam. Toe sê my pa vir hom: "Nee Faan, ek het sewe kinders. Ek het nie vleis nodig nie. Ek het die geld nodig. "Ek meen dit was omtrent in 1950 tydens die kwaai droogte dat daar nie graan was om te maal nie. Pa het toe tydelik die meule gesluit om koste te bespaar. Toe beter dae weer aanbreek en Pa weer wou begin maal, het die koringraad hom meegedeel dat 'n klein meule wat tydelik gesluit het, nie geregtig was om weer te open nie. My pa het iewers in die veertiger jare die plaas "Klipkraal" in Dordrecht se distrik gekoop en my suster Ella en haar man Albert het saam met Pa daar geboer. My ouers het nog op die dorp gebly. Pa was verteenwoordiger van Boere Saamtrek Bpk., 'n wolfirma in Oos-Londen.

Volgens vertellinge van sy Susterskind, Baby Vorster was hy glo 'n persoon met 'n wonderlike humorsin. Gedurende die depressie skryf hy aan haar ouers 'n brief met die adres as volg bo-aan: Kompressiehuis, Depressiestraat, Dordrecht. Toe hy nog op hul buurplaas "Fac et Spera" gewoon het, was daar by haar ouers op die plaas 'n ou jong, Martiens, en die het altyd gesê: "Die thigas kom met die wolke" en dan hardloop hy die vlaktes in en slaan neer en skop en skree. Oom Tom het toe in 'n bottel gewater, vir die ou jong vertel wat se wonderlike medisyne dit was en dit toe aan hom verkoop vir 10/- (R1). Hy het dit toe gedrink en so vas geglo dat hy sowaar van wat hom ookal makeer het, genees het.

Om nog verder sy sin vir humor te bewys het ons 'n kopie van die volgende pamflet wat hy eenkeer laat druk het en onder al sy bure en vriende versprei het:

VENDUSIE

Daartoe gelast door Mnr.T.C.Bingle zal ons verkopen op
ZATERDAG 26 MAART 1921
om 11 uur
TE PUTTERSLOOT

2 Lee Kers Kassies
3 Gebryde Skaap Velle
1 Pot sonder deksel
1 Ketel sonder Tuit
1 Kussen sonder Veere
1 Kombers sonder oortreksel
1 Blou Trommel
1 Lee Tee Blikkie
3 Lee Sakke
1 Dos. ongemaakte juk Skye
2 Half Klaar Knop Kerris
Trek goed vir een Donkey
1 Out Pik
1 Halwe Graaf
Kruiwa vrag brandhout
1 Suiker sakke Inflamasie Bossies

Inskrywings kom nog in

STANDER & Co.,
Afslagers.
Verversingen zal gratis verskaf word door die Afslagers.

e1 Elsie Johanna(Ella) * 11 Januarie 1916
†
X 11 Januarie 1941
Albertus Johannes Vorster * 3 Augustus 1913
†

f1) Pieter Willem * 3 Desember 1941
f2) Cecilia Gerbrechta * 7 Mei 1944
f3) Magaritha Elizabeth * 25 Maart 1948

f1 Pieter Willem * 3 Desember 1941
X
Margaretha Isabella Pieters * 11 April

g1) Albertus Johannes * 21 Februarie 1975
g2) Cristiaan Jacobus * 17 Augustus 1975

f2 Cecilia Gerbrechta * 7 Mei 1944
X 17 Desember 1966
Daniël Wilhelm Schoeman * 14 Desember 1939

g1) Elsje * 12 Mei 1968
g2) Daniël Wilhelm * 11 November 1969
g3) Albertus Johannes * 4 Mei 1971
g4) Christel * 23 November 1972

g1 Elsje * 12 Mei 1968
X
Jan Hendrik van Wyk (Hein) * 9 Oktober 1963

h1) Heinrich * 24 Januarie 1997

g2 Daniël Wilhelm * 11 November 1969
X
Charlene Delport * 4 Julie 1969

f3 Magaritha Elizabeth * 25 Maart 1948
X
Leon Jean du Plessis * 21 Februarie 1948
(Geskei)

g1) Anton * 21 Februarie 1971
g2) Albertus Johannes * 9 Oktober 1973
Magaritha Elizabeth XX 11 Maart 1989
Dawid Joubert * 10 Oktober 1938

g1 Anton * 21 Februarie 1971
X
Azelda Joubert * 30 Desember 1972

e2 Magdalena Johanna (Lena) * 14 Mei 1917
†
X
Andries Johannes Oelofse * 4 November 1913 Boer
† 22 September 1991 te Aliwal-Noord

f1) Cecilia Gerbrechta * 21 Augustus 1941
f2) Petrus Johannes * 1 Maart 1954
f3) Martha Maria * 1 Maart 1954; † 17 Maart 1954

f1 Cecilia Gerbrechta * 21 Augustus 1941
X
Ludwig Wilhelm Röder * 20 Januarie 1939, Apteker

g1) Magdalena Johanna * 18 Oktober 1965,
Reserwebank

g2) Petronella Jacoba * 5 Januarie 1968,
Dieetkundige
X 26 September 1992
Daniël Roelof Brits * 14 Junie 1969

f2 Petrus Johannes (Pieter) * 1 Maart 1954, Geneesheer
X 23 Desember 1978
Susanna Magdalena Meyer * 14 Februarie 1957, Fisioterapeut

g1) Andries Johannes * 4 April 1981
g2) Petrus Johannes * 11 Oktober 1983
g3) Susanna Magdalena * 24 Maart 1988

e3 Cecilia Gerbrechta (Cillie) * 30 November 1918
† 27 Augustus 1997
X 6 April 1962
Filippus Lourens Andries du Plessis * 18 Maart 1907
† 7 Januarie 1969

e4 Christina Susanna (Chrissie) * 29 Januarie 1921
X 27 Junie 1943
Louis Johannes Buys * 16 Januarie 1894 (Wewenaar)
† 26 September 1963

f1) Cecilia Gerbrechta * 17 Mei 1944
f2) Stephanus Cornelius * 17 Mei 1949
Christina Susanna XX
(naam onbekend) Roos * †

f1 Cecilia Gerbrechta * 17 Mei 1944
X 17 April 1965
Peter Hattingh * 26 Julie 1940

f2 Stephanus Cornelius (Fanie) * 17 Mei 1949
X 30 Julie 1977
Melinda Kruger * 24 Januarie 1958

g1) Cecilia * 17 Junie 1978
g2) Jeanette * 26 Julie 1979
g3) Louis Johannes * 14 September 1991

e5 Dorothea Maria (Dolly) * 25 Januarie 1924
X
Nicolaas Johannes Zietsman * 9 Mei 1923
† 9 Augustus 1971

e6 Johannes Petrus * 9 November 1925, Geneesheer
= 9 Augustus 1925 te Dordrecht

† 15 Oktober 1994 te Pretoria
X
Maria Magdalena Greyling * 18 April 1927

f1) Susanna Catharina * 11 November 1950
f2) Cecilia Gerbrechata * 12 Januarie 1952
f3) Maria Magdalena * 23 Februarie 1957
f4) Thomas Christiaan * 25 Julie 1964

f1 Susanna Catharina * 11 November 1950
= 11 Februarie 1951 te Aliwal-Noord
X
Jan Carel Holtzhausen * 3 Augustus 1955

g1) Jan Carel * 26 Maart 1979
g2) Johannes Petrus * 4 September 1980
g3) Hendrik Gideon * 22 Junie 1983
g4) Jan Johannes Hendrik * 10 Julie 1986

f2 Cecilia Gerbrechta * 12 Januarie 1952
= 9 Maart 1952 te Barkley-Wes
X
Johannes Christoffel de Beer * 20 Maart 1954

g1) Tjaart Andries * 4 November 1979
g2) Maria Magdalena * 26 Junie 1981
g3) Cecilia Pearl * 3 Oktober 1983

f3 Maria Magdalena * 23 Februarie 1957
= 5 Mei 1957 te Umtata
X
Stephan Deon Pretorius * 7 Januarie 1955

g1) Theunis Jacobus * 29 Januarie 1985
g2) Johannes Petrus * 15 Mei 1987
g3) Stephan Petrus * 23 Mei 1990

f4 Thomas Christiaan * 25 Julie 1964
= 6 September 1964 te Dordrecht
X

e7 Izak Johannes Benjamin * 26 Desember 1931
X
Ivy Williams * 13 Augustus 1932

f1) Thomas Christiaan * 22 Januarie 1954
f2) Zonia * 23 Mei 1961
f3) Izak Johannes Banjamin * 24 September 1971

f1 Thomas Christiaan * 22 Januarie 1954
X
Elna de Villiers * 17 Maart 1962

g1) Maryke * 31 Maart 1987
g2) Thomas Christiaan * 9 September 1995

f2 Zonia * 23 Mei 1961
X
Allan Oelschig *
(Geskei)

g1) Hérle * 22 Augustus 1981
g2) Werner * 7 Junie 1983

d8 Christina Susanna (Chris) * 23 April 1892
= 2 Oktober 1892 te Queenstown
† 23 Junie 1972 te Pretoria
X 25 Junie 1914
Johannes Hendrik Kruger * 10 September 1878
† 3 September 1963 te Postmasburg

e1) Magdalena Johanna * 6 Junie 1915
e2) Johanna Maria * 1 Julie 1916
e3) Christina *
e4) Susanna Elizabeth Sophia * 3 Januarie 1920
e5) Hendrika *30 Januarie 1931

Inligting i.v.m. haar is daar baie min. Ons weet net dat sy met 'n Gereformeerde predikant getroud was en al die jare op Postmasburg gewoon het. Haar man het ook vroeër jare 'n roman geskryf. Iets waaroor die res van die familie baie ontevrede mee was, want hulle het gereken 'n predikant behoort hom nie met sulke wêreldse dinge besig te hou nie. Ons weet ook dat sy en haar oudste halfsuster, Sannie, die meeste na mekaar gelyk het



Magdalena Johanna Bingle (c6d9) en Christina Susanna Bingle (c6d8).

van al die Bingle dogters. Hulle was ook langer van persoon as die ander susters wat almal klein en kort mensies was. Haar oudste dogter skryf net aan ons: "Sy was 'n baie goeie moeder vir haar vyf dogters."

e1 Magdalena Johanna (Lena) * 6 Junie 1915
† 13 September 1994
X
Pieter Gert Dirk Pretorius * 13 Desember 1916, Myningenieur
† 22 Oktober 1978

f1) Pieter Gert Dirk * 24 Mei 1940
f2) Christina Susanna * 5 Maart 1942 (Op haar oupa-grootjie Johannes Petrus Bingle se verjaardag)

f1 Pieter Gert Dirk * 24 Mei 1940
X Januarie 1968
Patricia Carter * 14 Januarie

g1) Pieter Gert Dirk * 20 Julie 1969
g2) Sonia * 11 Desember 1970
g3) Anton David * 28 Desember 1978

f2 Christina Susanna * 5 Maart 1942, Mediese Verteenw.
X
J.C.Fourie
(Geskei)

g1) Magdalena Johanna (Daleen) * 13 Desember 1977
Christina Susanna XX
Colin Bernard Green * 25 November 1944
(Colin neem Daleen aan as sy eie)

e2 Johanna Maria * 1 Julie 1916
† 16 Desember 1989
X 4 April 1941
Jan Frederick Bester * 23 Januarie 1910
† 3 Januarie 1970

f1) Jacobus Marthinus * 20 Maart 1943
f2) Johannes Hendrik Kruger * 13 Maart 1944
f3) Christina Susanna * 12 Mei 1946

f1 Jacobus Marthinus * 20 Maart 1943
X
Jacoba Broderick * 31 Januarie 1942

g1) Jan Frederick *15 September
g2) Rina *
g3) Pieter *
g4) Johanna *
g5) Jacobus *
g6) Jakoba *

f2 Johannes Hendrik Kruger * 13 Maart 1944
X
Patricia Davidson * 3 April 1947

g1) Darren *
g2) Dediré *

f3 Christina Susanna * 12 Mei 1946
X 16 November 1968
Johannes Mattheus Robinson * 4 Junie 1940

g1) Theo * 3 Junie1970 † 8 Augustus 1993
g2) Joh-Marié * 20 April 1973

e3 Christina *
†
X
Gert A Nienaber *, †

f1) Magda * 27 Januarie 1942 X Swanepoel *
f2) Christina *
f3) Charlotte *
f4) Gert *

e4 Susanna Elizabeth Sophia * 3 Januarie 1920 te Postmasburg
† 29 Julie 1988 te Pretoria
X Desember 1951
Carel Jacobus Hoskin * 1916 te Molteno
† 1981 te Alberton

f1) Johannes Hendrik * 20 November 1952 te
Pietersburg, Ortodont
X 13 Oktober 1976
Johanna Margaretha Viljoen * 25 November 1950
(Geskei)

g1) Johannes Christiaan * 9 Mei 1981
Johannes Hendrik XX 23 Julie 1984
Hildegard Lehman * 5 Augustus 1958

e5 Hendrika * 30 Januarie 1931
X
Frances Daniël Voges * 30 Januarie 1929

f1) Christina Anna * 15 Junie 1953
f2) Susanna * 23 Augustus 1955
f3) Daniël George * 10 Mei 1959
f4) Johannes Hendrik * 28 April 1960

f1 Christina Anna (Anette) * 15 Junie 1953
X
Philip J Smit *

g1) Paul * 28 April 19
g2) Karlien * 28 April 19

f2 Susanna * 23 Augustus 1955
X
Etienne Joubert *

g1) Wessel *
g2) *(onbekend)*

f4 Johannes Hendrik (Henk) * 28 April 1960
X
Irene Hamlyn *

g1) Ilse *
g2) Francis Daniël *
g3) Robert Niël * 1 Desember 1991

d9 Magdalena Johanna (Lena)* 3 Augustus 1893

= 17 Desember 1893 te Sterkstroom
† 5 April 1972 te Potchefstroom
X 9 April 1917 te Sterkstroom (Dubbel troue saam met haar niggie Gezina Elizabeth Botha c4d2e1)
Christiaan Arnoldus Schoeman * 26 Januarie 1891 te Paardekraal, Middelburg,K.P.
† 31 Mei 1969 te Potchefstroom.

e1) Magdalena Johanna * 26 Mei 1919
e2) Ella * 24 September 1932

Sy was soos haar susters, behalwe Sannie en Chrissie, ook klein van persoon. 'n Baie vrolike opgewekte mens. 'n Mens kon haar heerlike skaterlag altyd hoor weerklink. Sy en haar man was eie neef en niggie gewees. Haar ma en sy pa was eie broer en suster gewees. Vroeër jare het hulle op Middelburg K.P. gewoon waar haar man by die Middelander, die plaaslike koerant, gewerk het en waar hulle ook lank koshuisouers was in die skoolkoshuis. Later het hulle na Potchefstroom verhuis waar hulle op 'n kleinhoewe gaan bly het. Hier het oom Chris ook weer by 'n drukkery gewerk to en met sy aftrede.



Agter:Christina Susanna Bingle (c6d8) en Elizabeth Maria de Beer (c6d2e1). Voor: Johansie Petronella Aletta Bingle (c6d6).

Ella le Roux skryf aan my as volg op 18/5/1994:

My pa, Christiaan Arnoldus Schoeman, het by 'n plaasskool of op Middelburg K.P. skool gegaan. Na my beste wete begin hy werk by die "Friend" koerant in Bloemfontein en daarna by die Middelander in Middelburg K.P. tot 1947 en toe by die "Herald" in Potchefstroom tot 1962 toe hy afgetree het. Ek weet my pa was baie lief vir skiet en hy het gereeld gaan skyfskiet. Neef Hennie Bingle het vir my gesê my pa het so gaan deelneem aan die Bisley Skietkompetisies.

My pa was baie lief om jukskei te speel en het gereeld Woensdae- en Saterdaemiddae op Middelburg se jukskeibane deurgebring vergesel van my mawat nie aan die spel deelgeneem het nie, maar altyd besig was om te brei. My pa het ook nooit een dag oorgeslaan om sy koerant van hoek tot kant deur te lees nie, gewoonlik in die aand na aandete. In Middelburg het hy altyd die Burger gelees en in Potchefstroom die Transvaler.

My pa en sy groot vriend Mnr. Hugo (hy het Latyn gegee in Middelburg H/S en hulle het mekaar altyd "Buurman" genoem) het ook een Julie vakansie op Mnr. Hugo se broer se plaas in Vryburg se distrik gaan wild skiet en dit was vir hom 'n grootse ervaring.

My pa het 'n baie mooi stem gehad en hy het dit baie geniet om in die kerkkoor te sing - hy het al die jare in die NG Kerk, Middelburg K.P. se kerkkoor gesing en ook in Potchefstroom se kerkkoor. My pa en Ma het ook 'n baie goeie sin vir humor gehad. Wanneer ons by neef Alwyn-hulle op die plaas gekuier het, is daar tot diep in die nag grappe vertel en toe ek gevra het om te deel in die pret het my pa vir my gesê dit is net grappe vir groot mense. Toe my pa by die koerant gewerk het was hy verantwoordelik vir die opmaak van advertensies. Ek onthou hulle het by so 'n hoë tafel gestaan en werk. Die advertensies was destyds op groot blokke gedoen. Wat ek ook nog onthou is dat die drukkersduiwel ook een keer by hom ingesluip het en i.p.v. "soos jong olyfplante" was gedruk "soos jong olifante." Nie een aand is oorgeslaan om huisgodsdiens te hou nie en dan het my pa se geliefde foxterrior hondjie ook lustig saam gesing. My ouers was koshuisouers van die Dagbreek-hostel in Middelburg K.P. vanaf plus minus 1943 - 1947 toe hulle na Potchefstroom verhuis het. Op Potchefstroom het my pa hom uitgeleef op die kleinhoewe waar hulle toe gaan woon het. Hy het 'n paar koeie gehad en room weggestuur. Hy het ook met hoenders geboer, swart en wit Austrolorps, nie Leghorns nie, want dié se eiers was te klein.



Magdalena Johanna (Bingle) Schoeman en Christiaan Arnoldus Schoeman.

My ma, Magdalena Johanna (Bingle) Schoeman, het op Sterkstroom skool gegaan. Na haar skoolloopbaan is sy en haar suster Chrissie vir twee jaar na die Onderwyskollege op Steynsburg. Ek dink sy het daarna maar meesal op plaasskole, wat destyds volop was, skool gehou. Sy moes deur medium Engels skoolhou en was baie streng dat net engels gepraat móét word. Soggens was my ma maar altyd doenig tussen die kospotte. Middae het sy gereeld vir 'n uur gaan rus en as sy dan opstaan was dit die breiwerk se beurt. My ma was baie lief vir brei en in ons huis het ons nie iets soos 'n gekoopte trui geken nie. Sy was ook lief om doilies te brei wat baie fyn werk was en dit was altyd vir haar 'n uitdaging om 'n verkeerde breipatroon reg te maak.

Ek het van my sesde jaar af kwaai aan asma begin ly en my ma was my ware steunpilaar in daardie tye veral in die nagte wanneer ek op my benoudste was. As ek so terug dink, het sy daardie tyd met die minimum slaap en rus klaar gekom. My ma was baie familievas en sy het altyd so ver dit in haar vermoë was familie gaan opsoek. Ons het baie haar been getrek oor die familie opsoekery. My ma was ook baie lief vir jong mense - sy en Bingle (Vorster) Britz het veral baie lekker gekorrespondeer. Sy was ook altyd geïnteresseerd of dié of daardie al 'n kêrel of nooi gehad het. Ek het ook nog nooit twee susters gesien wat so geheg aan mekaar was soos sy en tant Chrissie Kruger nie. Hulle het gereeld elke week aan mekaar geskryf. Hulle

is toe ook net twee maande na mekaar oorlede. Ek eer my ouers se nagedagtenis, want vir my was hulle net altyd goed en lief gewees.

e1 Magdalena Johanna (Lena) * 26 Mei 1919 te Middelburg, K.P.
† 21 Mei 1977 te Potchefstroom
X 16 Desember 1944
Christiaan Ludolph Marais * 24 Oktober 1918
† 26 Mei 2000

f1) Magdalena Bingle * 31 Maart 1946
f2) Annamarie De Wet * 7 Mei 1949
f3) Christiaan Ludolph * 5 November 1954
f4) Arnoldus Schoeman * 30 Mei 1958

Ella skryf aan my op 18/5/1994 soos volg:

My suster, Magdalena Johanna (Schoeman) Marais was vir haar laerskool loopbaan in Middelburg K.P., Karel Theron Primêre Skool, en vir haar hoërskool loopbaan in die Middelburg K.P. Hoërskool. Na haar skoolloopbaan het sy as ontvangsdame by die tandarts, Dr. Smit, begin werktotdat sy in 1944 met Chris Marais getroud is. Daar was 'n groot verskil in jare tussen my en haar. Ons het eintlik regtig eers begin kommunikeer nadat ek ook eers getroud was. Ek kan eintlik net so hier en daar nog iets onthou van toe ons nog saam in ons ouerhuis was.

Lena was in groot aanvraag by die Grootfontein Landbou Kollege studente. Sy het een aand 'n afspraak met 'n jong man gehad, maar toe word sy gevra na 'n dans op Grootfontein. Sy was baie lief vir dans en sy het toe besluit dat sy darem veel eerder wil gaan dans as om saam met die ander jongman uit te gaan. My ma moes haar toe help om deur die kamervenster te klim wat nogal moeilik was met haar lang aandrok aan. Die ridder moes vir haar in die motor voor die venster wag. Ek en Lena het baie baklei. As ek so terug dink, was sy seker ook baie geïrreteerd met my wat orals altyd met haar wou saamgaan.

f1 Magdalena Bingle (Magda) * 31 Maart 1946
X 13 Desember 1969
Alec Alexander Hitge *

g1) Alec Alexander * 23 Maart 1971
g2) Leanda * 5 Maart 1975 (Op die verjaardag van haar oor-oupagrootjie, Johannes Petrus Bingle.)

f2 Annamarie De Wet * 7 Mei 1949
X
Dirk Albert Burger *
(Geskei)

g1) Madelein * 13 Augustus 1971 (Verander self naam na Jos Bingle)
g2) Kowie Marais * 11 Augustus 1974
Annamarie De Wet XX
Gerrit Schoonhoven *

f3 Christiaan Ludolph (Christo) * 5 November 1954
X 22 September 1979
Elizabeth Wagner * 26 Januarie 1953

g1) Christiaan Ludolph * 7 Maart 1980
g2) De Wet * 21 Julie 1985

f4 Arnoldus Schoeman (Arno)* 30 Mei 1958
X 5 April 1980
Martha Elizabeth Janse van Rensburg *

g1) Jolanda * 23 Maart 1983
g2) Arlize * 18 September 1985

e2 Ella * 24 September 1932 te Middelburg K.P.
X 5 Maart 1960 (Sy is die heel jongste en laaste van haar oupa Johannes Petrus Bingle se kleinkinders wat getroud is en dit op sy verjaardag.)
Daniël Petrus le Roux (Daan) * 1 September 1927

f1) Marlene * 19 Julie 1966, Onderwys
f2) Christelle * 16 Junie 1971, S.A.P.

Ella: My laerskool loopbaan het ek voltooi in Karel Theron Laerskool, Middelburg, K.P. St. 7 was ek in Hoërskool Middelburg K.P. en st. 8 - 10 in Hoër Handelskool, Potchefstroom. Na my skoolloopbaan het ek van 1950 - 1960 by die Mielieraad, Landboukollege op Potchefstroom gewerk.

Ons is in Maart 1960 getroud en Augustus 1960 het Daan vir plus minus twee jaar in Amerika gaan studeer. Van Augustus 1962 het ek by die PUK se Universiteitsbiblioteek gewerk tot einde Maart 1966.

Daan: 1934 - 1939 Laerskool President Pretorius, Potchefstroom 1940 - 1943 High School for Boys, Potchefstroom 1944 - 1949 Student by PU vir CHO, Potchefstroom. Verwerf Bsc. (Hoofvakke: Wiskunde en Toegepaste wiskunde met lof 1946).
Onderwys Diploma by universiteit (UOD Spesiaal) 1949
1950 - 30 Januarie 1951 Gee onderwys in Wiskunde en Rekenkunde by Afrikaanse Hoërskool, Germiston.
1 Julie1951 - 31 Maart 1972 by Departement Landbou Tegniese Dienste, Landboukollege, Potchefstroom.- Statistikus en Biometrikus.
1 April 1972 - 31 Desember 1979 Inginieursassistent, Stadstesouriersdepartement, Stadsraad van Potchefstroom. 1 Januarie 1980 - 31 Augustus 1992 verbonde aan Direktoraat LandbouInligting, Dept. van Landbou, Pretoria. Eers as Hoof Landbou inligtingsbeampte en vanaf 1 September 1989 as Assistent-Direkteur in beheer van die Dokumentariesentrum.

Aftrede: 31 Augustus 1992
Het vanaf 1 September 1960 - 30 Junie 1962 studieverlof benut om die graad MS (Wiskunde Statistiek) aan die Virginia Polytechnic Institute te Blacksburg in die Staat Virginia (V.S.A.) te verwerf.



De Beer (Bingle) Familie fees 17 tot 22 April 1992